

Seksuele frustrasie in die huwelik - 'n Pastorale studie

Skripsie voorgelê deur

A.W.J. Ferreira

Ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM
(PASTORAAL)**

**NOORDWES-UNIVERSITEIT
Potchefstroom Kampus**

Promotor: Prof. Dr. B.J. de Klerk

November 2008

Voorwoord

Hierdie studie sou nie moontlik gewees het sonder die volgende persone nie. Daarom die volgende opregte dankbetuigings:

- ❖ Aan my hemelse Vader, wat my die genade gegee het om my hierdie studie te laat afhandel, my grootste dank. Mag hierdie studie en wat moontlik hieruit sal voortvloei, tot Sy eer en verheerliking alleen wees.
- ❖ Linda, my vrou: Sonder jou sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie. Jy het my ondersteun en aangemoedig ten tye die werkslading te veel geword het. Jy het my met opregte liefde bygestaan en aangemoedig om hierdie studie te voltooi. Baie dankie, dit het baie vir my beteken. Ek is baie lief vir jou!
- ❖ Jeanie en Irene, my twee pragtige dogters: Julle het julle eie studie en eksamens gehad in die tyd van hierdie studie en baie kosbare tyd wat ek graag met julle wou spandeer, is verlore. Te midde van dit alles, het julle egter my ondersteun en verstaan as ek nie aandag aan julle kon gee nie. My grootste wens is dat hierdie studie julle waarlik sal kan help in julle eie getroude lewe.
- ❖ My moeder: Ma, dankie vir ma se belangstelling, ondersteuning, aanmoediging en bystand deur al die jare van studie.
- ❖ Prof. Ben de Klerk: Baie dankie vir u bekwame leiding as my promotor. U raad en baie vinnige terugvoer, het die afhandeling van hierdie studie bespoedig. Dit was 'n voorreg om onder u as leermeester te kon studeer. Weer eens: baie dankie!
- ❖ Christien Terblanche: Dankie vir jou professionele werk om die Afrikaanse taal so pragtig uit te bring en ure se lang werk om die taal te verbeter.
- ❖ Lourie Snyders OM boekwinkel: Baie dankie vir die ontelbare geleenthede wat ek kon benut het om die beskikbare boeke in die boekwinkel te kon gebruik het vir hierdie studie doeleindes.
- ❖ Die Finansiële Steundienste van die Noordwes-Universiteit: Dankie vir die beurs toegeken om hierdie studie te kon doen.

Anton Ferreira
November 2008
Pretoria

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 11

1	Voorgestelde titel	11
2	Oriëntering en probleemstelling	11
2.1	Agtergrond en motivering vir navorsing oor seksuele frustrasie in die huwelik	11
2.2	Probleemstelling	14
3	Doelstellings	15
4	Doelwitte	16
5	Sentrale teoretiese argument.....	16
6	Metodologie	16
7	Hoofstukindeling	17
8	Skematiese voorstelling om die korrelasie te laat blyk.....	18

HOOFSTUK 2 20

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE VAN SEKSUELE FRUSTRASIE IN DIE HUWELIK 20

2.1	Inleiding	20
2.2	Wat is 'n basisteorie?	20
2.3	Die Woord van God in die pastorale bediening	20
2.4	Doelstellings	21
2.5	Metode	22
2.6	'n Voorlopige definisie van “seksuele frustrasie in die huwelik” vir die navorsing	22
2.7	Werksplan	23
2.8	Basiese beginsels uit die Skrif	24
2.8.1	Basisteoretiese perspektiewe op die oorsprong van die seksuele – Eksegese van Matteus 19:4-6	24
2.8.2	Inleiding	24
2.8.3	Motivering van Matteus 19:4-6 as die fokusverse	25
2.8.4	Eksegese van Matteus 19:4-6	25

2.8.5	Samevatting van eksegetiese perspektiewe op die oorsprong van die seksuele.....	35
2.9	Basisteoretiese perspektiewe op die doel van die seksuele	36
2.9.1	Inleiding	36
2.9.2	Uiting van Liefde - Eksegese van Spreuke 5:18-19.....	36
2.9.2.1	Inleiding	36
2.9.2.2	Motivering van Spreuke 5:18-19 as die fokusverse	37
2.9.2.3	Eksegese van Spreuke 5:18-19.....	37
2.9.3	Voortplanting - Eksegese van Genesis 1:28.....	42
2.9.3.1	Inleiding	42
2.9.3.2	Motivering van Genesis 1:27-28 as die fokusverse	43
2.9.3.3	Eksegese op Genesis 1:27-28.....	43
2.9.4	Plesier - Eksegese van Prediker 9:9.....	48
2.9.4.1	Inleiding	48
2.9.4.2	Motivering van Prediker 9:9a as die fokusvers	51
2.9.4.3	Eksegese op Prediker 9:9.....	51
2.9.5	Samevatting van eksegetiese perspektiewe op die doel van die seksuele	56
2.10	Basisteoretiese perspektiewe op die vereistes van die seksuele – Binne die huwelik. - Eksegese op 1 Korintiërs 7:9.....	56
2.10.1	Inleiding	56
2.10.2	Motivering van 1 Korintiërs 7:9 as die fokusvers	57
2.10.3	Eksegese op 1 Korintiërs 7:9.....	57
2.10.4	Samevatting van eksegetiese perspektiewe op die vereistes van die seksuele.....	65
2.11	Sintese van oorsprong, doel en vereistes van die seksuele	65
2.11.1	Waar kom die seksuele vandaan?	65
2.11.2	Wat is die doel van die seksuele?	66
2.11.3	Wat is die vereiste van die seksuele?.....	66
2.12	Wat is frustrasie?.....	66
2.13	Basisteoretiese perspektiewe op frustrasie – Eksegese van Romeine 7:24	67

2.13.1	Inleiding	67
2.13.2	Motivering van Romeine 7:24 as die fokusvers	67
2.13.3	Eksegese op Romeine 7:24	67
2.13.4	Samevatting van eksegetiese perspektiewe op Romeine 7:24	72
2.14	Die kind van God en frustrasie	73
2.15	Die definisie van seksuele frustrasie	73
2.16	Agtergrond met betrekking tot seksuele frustrasie in die huwelik	73
2.17	Basisteoretiese perspektiewe op <i>moontlike frustrasie</i> van die seksuele. - Eksegese op 1 Korintiërs 7:5	73
2.17.1	Inleiding	74
2.17.2	Motivering van 1 Korintiërs 7:5 as die fokusvers	75
2.17.3	Eksegese op 1 Korintiërs 7:5.....	75
2.17.4	Samevatting van eksegetiese perspektiewe op 1 Korintiërs 7:5.....	82
2.18	Seksuele frustrasie buite die konteks van die huwelik.....	83
2.19	Seksuele frustrasie binne die konteks van die huwelik.....	84
2.20	Samevatting van hoofstuk 2	85

HOOFSTUK 3..... 88

SEKULÊRE BESKOUINGS / TEORIE VAN SEKSUELE FRUSTRASIE IN DIE HUWELIK..... 88

3.1	Inleiding	88
3.2	Wat is 'n Metateoretiese model?	88
3.2.1	Die teorie van 'n metateorie	88
3.3	Doelstelling.....	88
3.4	Metode	89
3.5	Werkplan	89
3.6	Agtergrond met betrekking tot seksuele frustrasie in die sekulêre wêreld ...	90
3.7	Die oorsprong van die seksuele volgens sekulêre denke	91
3.7.1	Gevolgtrekking	91
3.8	Die mens se doel met die seksuele	91
3.8.1	Seks as die voortplantingsmeganisme van die mensdom	91
3.8.2	Seks as liefde	92

3.8.3	Seks as plesier	93
3.8.4	Gevolgtrekking	94
3.9	Sekulêre beskouings met betrekking tot die oorsprong van seksuele frustrasie.....	94
3.9.1	Godsdiens as oorsaak van negatiewe seksdenke.....	94
3.9.2	Gevolgtrekking	97
3.10	Die voorgehoude redes vir Godsdiens as die oorsaak van negatiewe seksdenke	97
3.10.1	Seks is sonde	97
3.10.2	Seks is vuil	98
3.10.3	Gevolgtrekking	98
3.11	Seksuele versteurings as uitvloeisel van seksuele frustrasie	98
3.11.1	Geslagsidentiteitversteurings	99
3.11.2	Parafilieë	99
3.11.2.1	Fetisjisme.....	99
3.11.2.2	Transvestitisme.....	100
3.11.2.3	Pedofilie	100
3.11.2.4	Ekshibisionisme	101
3.11.2.5	Ander tipes parafilie	101
3.11.3	Seksuele disfunksies	102
3.11.3.1	Ander disfunksies verbonde aan die seksuele.....	102
3.11.3.1.1	Verkragting	102
3.11.3.1.2	Moord	103
3.11.3.1.3	Pornografie	104
3.11.3.1.4	Seks as 'n finansiële inkomste (prostitusie).....	104
3.11.3.1.5	Bloedskande.....	105
3.11.3.2	Sekere seksuele disfunksies wat aanleiding kan gee tot seksuele frustrasie.....	105
3.11.3.2.1	Vrees	105
3.11.3.2.1.1	Vrees vir swangerskap.....	106
3.11.3.2.1.2	Vrees vir seksueel oordraagbare siektes	106
3.11.3.2.1.3	Vrees om te faal (perfeksionisme)	107

3.11.3.2.1.4	Vrees om jou maat teleur te stel	108
3.11.3.2.1.5	Vrees om beheer te verloor.....	109
3.11.3.2.1.6	Vrees veroorsaak deur trauma.....	109
3.11.3.3	Seksuele onkunde	109
3.11.3.4	Swak seksuele kommunikasie	110
3.11.4	Spanning oor 'n mens se seksuele oriëntasie	111
3.11.5	Gevolgtrekking ten opsigte van seksuele disfunksies.....	111
3.12	Seksuele frustrasie in die sekulêre wêreld	113
3.12.1	Wat is frustrasie?.....	113
3.12.1.1	Gevolgtrekking	114
3.12.2	Moontlike oplossings vir seksuele frustrasie.....	114
3.12.2.1	Gevolgtrekking	115
3.13	Seksuele frustrasie binne en buite die konteks van die huwelik.....	116
3.13.1	Gevolgtrekking	116
3.14	Moderne terapeutiese benadering vir seksuele frustrasie in die huwelik.....	116
3.14.1	Gevolgtrekking	118
3.15	Samevatting van hoofstuk 3.....	118

HOOFSTUK 4	122
'n EMPIRIESE ONDERSOEK AAN DIE HAND VAN	
SEKSUELE FRUSTRASIE IN DIE HUWELIK	122
4.1	Inleiding
4.2	Empiriese navorsing
4.3	Doelwit.....
4.4	Empiriese ondersoek – metode
4.4.1	Kwantitatiewe ondersoek.....
4.4.2	Rasionaal
4.4.3	Metode van ondersoek
4.4.3.1	Vraelyste.....
4.4.3.2	Tabelle met data

4.4.3.2.1	Tabelle met data vir mans en dames met 'n gemiddelde persentasie	125
4.4.3.2.2	Tabelle met data van persentasie vir mans en dames....	126
4.4.3.2.3	Tegniese aspekte	126
4.4.3.4	Ontleding van data van 5 paartjies	127
4.4.3.4.1	Paartjie A	128
4.4.3.4.2	Paartjie B	129
4.4.3.4.3	Paartjie C	131
4.4.3.4.4	Paartjie D	132
4.4.3.4.5	Paartjie E	134
4.4.3.5	Algemene opmerkings	136
4.4.4	Gevolgtrekking van empiriese ondersoek.....	136
4.5	Samevatting van hoofstuk 4	137
4.6	Gevolgtrekking.....	138

HOOFSTUK 5..... 139

PASTORALE RIGLYNE OM SEKSUELE FRUSTRASIE IN DIE HUWELIK MEER EFFEKTIEF TE KAN HANTEER..... 139

5.1	Inleiding	139
5.2	Doelstelling.....	139
5.3	Bybelse berading, wat is dit?.....	139
5.4	Die doel van Bybelse berading	142
5.5	Die beradingsverhouding tydens Bybelse berading	143
5.5.1	Die Hulpverlener of Berader	143
5.5.2	Die persoon wat hulp soek of die beradene	145
5.6	Die hulpverleningsproses of beradingsproses.....	145
5.6.1	Teologiese vertrekpunte	147
5.6.2	Die gebruik van Skrif by en gedurende Bybelse berading	147
5.6.3	Die noodsaaklikheid van gebed by Bybelse berading	148
5.7	Beskikbare riglyne vir Bybelse berading	150
5.7.1	Egan se beradingsriglyn	150

5.7.2	MacArthur se beradingsriglyn.....	151
5.7.3	Crabb se beradingsriglyn.....	151
5.7.4	Collins se mensehulpriglyn.....	152
5.7.5	Adams se noutetiese beradingsriglyn.....	152
5.8	Riglyne vir Bybelse berading aan persone met seksuele frustrasie	152
5.8.1	Godsdiens as oorsaak van negatiewe seksdenke.....	153
5.8.1.1	Inleiding	153
5.8.1.2	Algemene riglyne	153
5.8.1.3	Spesifieke riglyne.....	154
5.8.2	Vrees	157
5.8.2.1	Inleiding	157
5.8.2.2	Algemene riglyne	157
5.8.2.3	Spesifieke riglyne.....	157
5.8.3	Seksuele onkunde	158
5.8.3.1	Inleiding	158
5.8.3.2	Algemene riglyne	159
5.8.3.3	Spesifieke riglyne.....	159
5.8.4	Swak kommunikasie	161
5.8.4.1	Inleiding	161
5.8.4.2	Algemene riglyne	161
5.8.4.3	Spesifieke riglyne.....	162
5.8.5	Selfstudie en / of huiswerk.....	165
5.9	Hulpverlening aan 'n persoon met seksuele frustrasie.....	166
5.9.1	Inleiding	166
5.9.1.1	Die rol van godsdiens en geloof.....	166
5.9.2	Algemene riglyne.....	167
5.9.3	Spesifieke riglyne	168
5.10	Samevatting van hoofstuk 5	171

HOOFSTUK 6.....	175
FINALE GEVOLGTREKKINGS.....	175
6.1 Inleiding	175
6.2 Hoofstuk 2 (Basisteorie)	175
6.3 Hoofstuk 3 (Metateorie)	177
6.4 Hoofstuk 4 (Empiriese navorsing).....	180
6.5 Hoofstuk 5 (Ontwikkeling van 'n model)	181
6.6 Samevattende gevolgtrekking	185
6.7 Finale gevolgtrekking.....	187
6.8 Aanbevole terreine van studie	188
6.9 Opsomming	189
6.10 Sleutelwoorde.....	191
6.11 Summary	192
6.12 Key words.....	194
Bibliografie	195
Bylae A (Bedanking Perspektief)	208
Bylae B (Begeleidende brief in Afrikaans)	209
Bylae C (Begeleidende brief in Engels)	211
Bylae D (Index of Marital Satisfaction – IMS)	213
Bylae E (Index of Sexual Satisfaction – ISS)	214
Bylae F (Sexual Attitude Scale – SAS).....	215
Bylae G (Basiese meting en interpretasie vereistes)	216

HOOFSTUK 1

1. VOORGESTELDE TITEL

Seksuele frustrasie in die huwelik - 'n Pastorale studie

[Sleutel terme: frustrasie, seksueel, huwelik, pastoraal]

2. ORIËTERING EN PROBLEEMSTELLING

2.1 AGTERGROND EN MOTIVERING VIR NAVORSING OOR SEKSUELE FRUSTRASIE IN DIE HUWELIK

'n Deeglike soektog op die RGN (2008) se NEXUS-databasis na resente of huidige navorsing in Suid-Afrika in die studieveld van seksuele frustrasie, toon na 8133 resultate met die kernwoorde "Sexual Frustration en Seksuele Frustrasie" dat daar GEEN navorsing in hierdie veld gedoen is of tans gedoen word nie. Die soektog het wel verwante aspekte opgelewer, waaronder "Seksuele gedrag, Seksuele wangedrag, Seksuele oriëntasie, Seksuele misbruike, Seksuele siektes" ensovoorts. Sover vasgestel kon word, is daar nog geen navorsing gedoen oor Seksuele Frustrasie in die huwelik nie.

Die groot aantal huweliksprobleme (veral seksuele probleme) wat die navorser tydens konsultasies met kliënte bespeur het, het aanleiding gegee tot hierdie studie. Die leemte met betrekking tot navorsing oor hierdie belangrike studieveld, noodsaak resente navorsing wat seksuele frustrasie in die huwelik ondersoek. Behalwe dat hierdie navorsing 'n leemte in die studieveld van die Praktiese Teologie kan vul, sal die resultate van hierdie studie met groot vrug in die praktyk gebruik kan word om stukkende huwelike te help herstel na hoe God dit oorspronklik bedoel het. In die verband sê Adams (1973:391) en andere:

“Counsellors should recognize that there are relatively few ‘mechanical’ or organic problems with sex. In almost every instance when the counsellor sends counselees for physical checkups, the findings are negative. In the vast majority of cases, there will be sexual difficulties, it is true, but these will be symptomatic of other difficulties from which they stem and of which they are a clear sign”

Pertot (1990:15) beweer dat die grootste seksprobleem in ons samelewing nie afsydigheid, impotensie, of ander fisiese oorsake is nie. Die probleem het eerder te doen met die onrealistiese verwagtinge wat die mens van seks koester, en mense se onkunde oor die normale seksuele funksies. Hierdie onrealistiese verwagtinge en misleidende persepsies kom reeds van kindertyd af en die grootste oorsaak van hierdie misleidende persepsies is die media en vriende (Potgieter, 2003:111).

Volgens LaHaye (2004:10) het frustrasie en verkeerde persepsies met betrekking tot die seksuele sy van die huwelikslewe nog deurgaans die meeste probleme opgelewer. Dit laat die vraag ontstaan: Wat is die oorsake van probleme in die seksuele sy van die huwelik? Is dit dan so dat die mees besproke en geskrewe onderwerp in die wêreld (Pertot, 1990:1) so problematies is dat daar nie oplossings daarvoor kan wees nie, of is beraders nie opgewasse om hierdie probleem aan te spreek en die hoof te bied nie? Collins (1988:272) beweer dat sekere beraders nie opgewasse voel om hierdie onderwerp te hanteer nie, en dit kan hulle verleë en angstig laat voel. Afgesien van die feit dat die Bybel openlik oor seks praat, voel sommige beraders dat seksuele berading nie geestelik van toepassing is nie en dat dit te naby aan die beradene se privaat lewe kom, of die berader se eie seksuele begeertes op 'n ongesonde manier kan stimuleer.

Hierdie onderwerp word meestal afgemaak met 'n stelling soos “I suspect

you don't have any sexual problems, do you?" (Collins, 1988:272), en dan word daar spoedig na minder belangrike probleme oorgegaan. Mense wil nie met hulle seksuele probleme na beraders toe gaan of daaroor praat nie, want dit is vir hulle 'n erge verleentheid (Collins, 1988:272). "Dit gebeur dikwels dat egpare nie met opset mekaar se behoeftes verwaarloos nie, maar hulle reaksies op on vervulde behoeftes lei daartoe dat hulle mekaar doelbewus seermaak. Dit lei op sy beurt tot ondraaglike pyn en uiteindelik egskeiding" (Harley, 2000:8). In plaas daarvan dat daar 'n daadwerklike oplossing gekry word, word die ongelukkige en misrabele lewe net voortgesit. Ongelukkig ontbreek die samelewing van goeie Christelike boeke wat die aspek van seksuele probleme en die frustrasie wat daaruit vloei ronduit aanspreek of werkende oplossings aanbied.

"Meeste boeke met 'n Christelike strekking omseil die werklikhede en laat te veel aan die verbeelding oor: so omseiling van die ware feite is nie goeie opvoeding nie. Nie-Christelike boeke aan die ander kant is so kru in benadering dat hulle afstootlik is vir diegene wat werklik hulp nodig het. Te meer, sulke boeke doen gewoonlik sekere dinge aan die hand wat volgens Bybelse standaarde nie goed te keur is nie" (LaHaye, 2004:11)

Ten einde die faktor van frustrasie en huweliksprobleme in een hoofpunt te kan navors, is 'n definisie eers nodig van wat "frustrasie" is en hoe dit die mens raak in sy menswees. Volgens Odendal (2000) beteken frustrasie "Handeling, daad van frustreer; verydeling: 'n Gevoel van frustrasie hê; teleurstelling; nederlaag"

Verskeie skrywers beskryf frustrasie as volg: Volgens Collins (1988:124) is frustrasie: "An obstacle (an event, person, or physical barrier) that hinders our progress toward some goal. Frustration may come (a) because of what someone else has done or failed to do, (b) because of unwanted events or

circumstances, or (c) because of our own failures or inability to reach some desired goal.”

Collins (1988:124) sê voorts dat die graad van die persoon se frustrasie afhang van die belangrik van die doel, die grootte van die probleem, en ook die lengte van die gevoel van frustrasie wat die persoon beleef. Adams (1970:22) sê frustrasie is om nie te weet hoe om komplekse probleme te hanteer nie.

Uit Odendal, Collins en Adams se uitsprake oor frustrasie, kan die navorser 'n moontlike definisie van seksuele frustrasie aan die dag lê:

Seksuele frustrasie is daardie intense emosie van magteloosheid, afsydigheid en selfs woede wat 'n huweliksmaat beleef wanneer daar nie aan sy/haar seksuele behoeftes voldoen word nie.

Omdat geen navorsing op seksuele frustrasie in die huwelik gedoen is nie, kan die navorser tans geen ander bronne aanhaal oor die aspekte van hoe seksuele frustrasie die mens in sy menswees (fisies, emosioneel, geestelik en verhoudingslewe) raak nie. Die navorser beoog om in hierdie studie hierdie aspekte na te vors en die resultate weer te gee.

2.2 PROBLEEMSTELLING

Sommige sekulêre navorsers maak die stellings dat die huidige stand van seksuele frustrasie toe te wy is aan die beginsels en leerstellings van Christene. Hulle voel hulle het nie vir God nodig nie en ook nie nodig om Sy wil te doen nie. Bennion (1991:4) maak die stelling dat die mens sy seksuele begeertes enige plek enige tyd moet kan uitoefen wanneer die mens se liggaam daarna vra. Verder maak Hendrix (2005:196) die stelling dat die sterkste negatiewe invloed en houdings teenoor menslike seksualiteit al die eeue deur Bybelse epiese vertelling van die geslag tot geslag oorgedra word en die oorsaak is van gebroke verhoudings. Die Bybel en Christene word dus as sodanige skuldnaars

uitgemaak rondom die seksuele probleme waarin die mens hom bevind. Daarom is die navorser van voorneme om deur die manier waaroor die Skrif oor seksualiteit praat, 'n positiewe bydrae te lewer ten einde die ongemaklike, onnatuurlike en meganiese manier waarop dit in die praktyk hanteer word, te deurbreek.

In die lig van die bogenoemde ontstaan die vraag:

Kan daar riglyne daargestel word wat beraders kan help om op 'n Bybels-verantwoorde manier die seksuele frustrasie in die huwelik van beradenes suksesvol te kan beraad?

Die beantwoording van hierdie vraag vorm die probleemstelling van die beoogde studie, en die probleme wat hieruit spruit, is die volgende:

1. Watter Skrifperspektiewe is daar oor seksuele frustrasie in die huwelik?
2. Wat is die sekulêre beskouing/teorieë oor seksuele frustrasie in die huwelik?
3. Watter lig kan kwantitatiewe-empiriese navorsing werp op die seksuele frustrasie in die huwelik?
4. Watter pastorale riglyne kan gegee word om persone wat seksuele frustrasie in die huwelik het, te beraad? Hoe sal 'n model vir die berading van seksuele frustrasie in die huwelik daar uitsien?

3. DOELSTELLINGS

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om riglyne daar te stel wat beraders kan help om die seksuele frustrasie in die huwelik van beradenes suksesvol te kan beraad.

4. DOELWITTE

Om hierdie oorkoepelende doelstelling te bereik, word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

1. Om vas te stel wat die Skrifperspektiewe aangaande seksuele frustrasie in die huwelik is.
2. Om vas te stel wat die sekulêre beskouings/teorieë aangaande die seksuele frustrasie in die huwelik is.
3. Om kwantitatiewe-empiriese navorsing aan te wend om vas te stel wat die oorsprong en faktore is wat seksuele frustrasie in die huwelik veroorsaak.
4. Om riglyne daar te stel waardeur seksuele frustrasie in die huwelik doeltreffend in Pastorale berading hanteer kan word.

5. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument is dat seksuele frustrasie in die huwelik 'n oorsaak is vir verbrokkelende huwelike en dat dit pastoraal suksesvol beraad kan word.

6. METODOLOGIE

Die oorkoepelende metode wat in hierdie navorsing gebruik is, stem ooreen met die model wat deur Zeffass vir praktiese teologie ontwikkel is (Louw, 1998:75). Hierdie model bestaan uit interaksie tussen basisteorie, metateorie en praktykteorie.

In die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae, word die volgende metodes gebruik:

1. Basisteoretiese perspektiewe: Ten einde vas te stel wat die getuienis van die Bybel oor die seksuele aspek is, word in die eerste plek relevante literatuur en in die tweede plek grammaties-historiese

eksegese van relevante Skrifgedeeltes van beide die Ou en die Nuwe Testament (De Klerk & Van Rensburg, 2005), nagevors. Slegs wanneer anders aangedui, sal alle Skrif-verwysings gemaak word uit die Afrikaanse Ou vertaling (1953).

2. Meta-teoretiese perspektiewe: Die sekulêre beskouings/teorieë aangaande seksuele frustrasie in die huwelik is ondersoek en beoordeel deur middel van 'n in-diepte bestudering van die literatuur die vorm van 'n literatuurstudie van relevante artikels en internetsoektogte.
3. 'n Kwantitatiewe-empiriese studie is gedoen deur gebruik te maak van vyf getroude paartjies.
4. Praxis-teorie: Om riglyne rondom seksuele frustrasie daar te stel wat kan dien as hulp vir pastorale berading, is versamelde materiaal deur analise, interpretasie en sintese gekeur en georden om 'n hermeneutiese wisselwerking tussen basisteorie en metateorie te vorm.

7. HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofstukindeling word in die vooruitsig gestel:

1. Inleiding.
2. Basisteorie. 'n Bybelse perspektief van seksuele frustrasie in die huwelik.
3. Metateorie. Sekulêre beskouings/teorieë van seksuele frustrasie in die huwelik.
4. Empiriese navorsing. Kwantitatiewe-empiriese navorsing van seksuele frustrasie in die huwelik.
5. Ontwikkeling van riglyne. Die ontwerp en aanwending van riglyne vir pastorale berading van seksuele frustrasie in die huwelik.
6. Gevolgtrekkings, aanbevelings en tekortkominge.
7. Bibliografie.

8. SKEMATIESE VOORSTELLING OM DIE KORRELASIE TE LAAT BLYK

Probleemstellings	Doelstellings	Metodologie
Watter Skrifperspektiewe is daar oor seksuele frustrasie in die huwelik?	Om vas te stel wat die Skrifperspektiewe aangaande seksuele frustrasie in die huwelik is.	Ten einde vas te stel wat die getuienis van die Bybel oor die seksuele aspek is, word relevante literatuur sowel as grammaties-historiese eksegeese van relevante Skrifgedeeltes van beide die Ou en die Nuwe Testament (De Klerk & Van Rensburg, 2005), nagevors.
Wat is die sekulêre beskouings/teorieë oor seksuele frustrasie in die huwelik?	Om vas te stel wat die sekulêre beskouings/teorieë aangaande seksuele frustrasie in die huwelik is.	Om die sekulêre beskouings / teorieë aangaande die seksuele frustrasie in die huwelik te ondersoek, en te beoordeel, word 'n in-diepte bestudering van die literatuur onderneem in die vorm van 'n literatuurstudie van relevante artikels en internetsoektogte.

Watter lig kan kwantitatiewe-empiriese navorsing werp op seksuele frustrasie in die huwelik?	Om die kwantitatiewe - empiriese navorsing aan te wend om vas te stel wat die oorsprong en faktore is wat seksuele frustrasie in die huwelik veroorsaak.	'n Kwantitatiewe - empiriese studie sal gedoen word deur gebruik te maak van 5 getroude paartjies.
Watter pastorale riglyne kan gegee word om persone wat seksuele frustrasie in die huwelik het, te beraad? Hoe sal 'n model vir die berading van seksuele frustrasie in die huwelik daar uitsien?	Om riglyne daar te stel waarvolgens seksuele frustrasie in die huwelik, doeltreffend in Pastorale berading hanteer kan word.	Om riglyne rondom seksuele frustrasie daar te stel wat kan dien as hulp vir pastorale berading, word versamelde materiaal deur analise, interpretasie en sintese gekeur en georden om 'n hermeneutiese wisselwerking tussen basisteorie en metateorie te vorm.

HOOFSTUK 2

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE VAN SEKSUELE FRUSTRASIE IN DIE HUWELIK

2.1 *Inleiding*

Die fokus van hierdie studie is om vas te stel hoe seksuele frustrasie in die huwelik deur die Skrif gehanteer word. Die doelstelling van hierdie navorsing is om te fokus vanuit 'n Bybelse vertrekpunt, om Bybelse beginsels vas te stel vir die beoordeling van *seksuele frustrasie in die huwelik* en hoe dit suksesvol beraad kan word.

2.2 *Wat is 'n Basisteorie?*

Vir hierdie studie word daar aansluiting gevind by Zerfass se riglyne (vgl. Louw, 1998:75) waarvolgens 'n bepaalde praxis tot 'n nuwe teorievorming lei, wat op sy beurt weer tot 'n nuwe praxis kan lei. Hierdie spesifieke metode behels die vorming van 'n basisteorie, wat soos volg deur Venter, C.J.H. (1993:247) verduidelik word: "met 'n basisteorie word bedoel die ontginning van teologiese vertrekpunte, primêr vanuit die Skrif".

2.3 *Die Woord van God in die pastorale bediening*

Die navorser aanvaar as voorveronderstelling binne hierdie studie die Bybel as die organies-geïnspireerde Skrifopenbaring van God die Almagtige Skepper van Hemel en aarde. Die studie vind verder plaas binne die bestek van die Reformatoriese tradisie, en getrou hieraan moet die Woord van God dus dien as enigste maatstaf en oplossing vir alle mense se probleme. Mens kan tereg vra: Waarom? Die antwoord lê daarin dat die Woord van God deur God self ingegee is tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid

sodat die mens volkome kan wees, en ten volle vir elke werk toegerus kan wees (2 Tim. 3:16-17).

MacArthur (1994:20) sê:

“The Church must recover her confidence in the spiritual resources God provides. We must return to the conviction that Scripture alone is inspired by God and profitable for teaching, for reproof, for correction, for training in righteousness. If evangelicals do not rediscover biblical counselling and reinstate God’s Word to its rightful place as the supreme discerners and mender of the thoughts and intents of the heart, we will lose our testimony to the world, and the Church itself will die.”

MacArthur (1994:20) sê verder dat daar geen hoër kennis, weggesteekte waarheid, absoluut niks behalwe die aller genoegsame bronne wat die mens in Christus vind, bestaan wat die menslike hart kan verander nie. Hiermee wil hy aandui dat die Skrif ’n genoegsame bron is vir die gebruik van die berader in pastorale berading.

2.4 Doelstellings

Hierdie hoofstuk se doelstelling is om te fokus vanuit ’n Bybelse vertrekpunt, om Bybelse beginsels vir die beoordeling van *seksuele frustrasie in die huwelik* en hoe dit suksesvol beraad kan word, vas te stel.

Die woorde seks, seksuele, en frustrasie word nie in die Skrif gevind nie, en daarom sal daar aandag aangegee word aan verwante terme en begrippe soos dit in die Skrif voorkom. Teksverse waar verwante begrippe en terme in die Skrif voorkom, sal volledig geëksegetiseer word om moontlike oplossings daar te stel

wat gebruik kan word om seksuele frustrasie in die huwelik suksesvol mee te kan beraad.

Die volgende punte sal in hoofstuk 2 behandel word deur te verwys na die voorkoms daarvan in die Ou Testament sowel as in die Nuwe Testament:

- Die oorsprong van die Seksuele.
- Die doel van die Seksuele.
- Die vereistes van die Seksuele.
- Die moontlike oorsprong van Seksuele frustrasie.

2.5 *Metode*

Soos wat daar in hoofstuk 1 vermeld is, sal die praktiese teologiese riglyn (Basisteorie) wat deur Zeffass vir praktiese teologie ontwikkel is (vgl. Louw, 1998:75) gebruik word om op 'n wetenskaplike wyse na die probleem van seksuele frustrasie in die huwelik te kyk. Om vas te stel wat die getuigenis van die Bybel oor die seksuele aspek is, sal relevante literatuur sowel as grammaties-historiese eksegeese van relevante Skrifgedeeltes van beide die Ou en die Nuwe Testament (De Klerk & Van Rensburg, 2005), nagevors word.

2.6 *'n Voorlopige definisie van “seksuele frustrasie in die huwelik” vir die navorsing*

Verskeie skrywers beskryf frustrasie as volg:

Volgens Collins (1988:124) is frustrasie:

“An obstacle (an event, person, or physical barrier) that hinders our progress toward some goal. Frustration may come (a) because of what someone else has done or failed to do, (b) because of unwanted events or circumstances, or (c) because of our own failures or inability to reach some desired goal.”

Collins (1988:124) sê voorts dat die graad van hoe gefrustreerd die persoon voel, afhang van die belangrik van die doel, die grootheid van die probleem, en ook die lengte van die gevoel van frustrasie wat die persoon beleef. Adams (1970:22) sê frustrasie is om nie te weet hoe om komplekse probleme te hanteer nie.

Uit Collins en Adams se uitsprake oor frustrasie, kan die navorser 'n moontlike definisie van seksuele frustrasie aan die dag lê:

Seksuele frustrasie is daardie intense emosie van magteloosheid, afsydigheid en selfs woede wat 'n huweliksmaat beleef wanneer daar nie aan sy/haar seksuele behoeftes voldoen word nie.

2.7 Werksplan

Die hoofpunt van hierdie navorsing is “Seksuele frustrasie in die huwelik.” Alvorens seksuele frustrasie nagevors en verstaan kan word, moet die begrip “seksuele, die oorsprong, die doel, en die vereistes van die seksuele” eers goed nagevors en verduidelik te word. Dus:

- In die eerste plek sal daar gekyk word na die oorsprong van die seksuele. Waar kom seksuele vandaan, wie het dit gemaak?
- In die tweede plek sal daar gekyk word na die doel van die seksuele.
- In die derde plek sal daar na die vereistes van die seksuele gekyk word. Is daar vereistes / wette vir die gebruik van die seksuele?
- In die vierde plek sal 'n sintese van die oorsprong, doel en vereistes gemaak word.
- In die vyfde plek sal die woord frustrasie nagevors word, om sodoende 'n beter begrip te kan verkry van wat frustrasie beteken en of kinders van God ook frustrasie ervaar.
- In die sesde plek sal die sintese wat gemaak is uit oorsprong, doel en vereistes van die seksuele, saamgevoeg word met die begrip *frustrasie*,

wat op sy beurt weer die definisie van seksuele frustrasie na vore kan bring.

- In die laaste plek sal Basisteoretiese perspektiewe vir seksuele frustrasie nagevors en toegepas word op die konteks “buite en binne” die huwelik.

2.8 *Basiese beginsels uit die Skrif*

2.8.1 Basisteoretiese perspektiewe op die oorsprong van die seksuele – Eksegese van Mat. 19:4-6

2.8.2 Inleiding

Dit is belangrik vir hierdie studie om te weet waar die seksuele sy oorsprong het. Volgens Arp (1998:58) is God die skepper van seks: “God is the one who created us as sexual beings. He is the originator of sex and created us with the capacity for great sexual pleasure”. Arthur (2002:17) onderstreep hierdie feit deur te sê dat seks ’n skoonheid van sy eie het, en dat dit geen wonder is nie, omdat God dit gemaak het.

Vroeg in die skeppingsverhaal word dit duidelik dat God die mens geskape het as ’n seksuele wese. Wat baie duidelik is uit Gen. 1:27-28, is dat God man en vrou geskape het en aan hulle ’n spesifieke opdrag gegee het om seksueel te verkeer. “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde” (Gen. 1:27-28). Die Skrifgedeelte van Gen. 1:27-28 bring onomwonde die bewys (*Sien Mat 19:4-6 eksegese*) na vore dat God die skepper van seks is. “En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip” (Gen. 1:27-28).

Grobler (1982:114) is eens hiermee en hy sê dat “Seks is so belangrik in die huwelik dat God in Sy alwysheid die mens fisiek so geskep het dat die liefdespel moontlik was en is - dit is tog Hy wat alle dele van die liggaam geskep het, en

wel vóórdat die sonde in die wêreld gekom het! En al leef ons nou as sondaars in 'n sondige en gebroke wêreld, tog ... God is die Skepper van seks.”

In hierdie studie wil die navorser dieper ondersoek instel na die oorsprong van die seksuele, en sal daar eksegeties nagevors word wat Mat. 19:4-6 oor die oorsprong van die seksuele openbaar.

2.8.3 Motivering van Mat. 19:4-6 as die fokusverse

Die boek Matteus is die eerste boek in die Nuwe Testament. Hierdie boek maak deel uit van 4 boeke wat die woorde van Jesus bevat. In Joh. 1:1-3 staan daar: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.” Jesus was dus self daar in die begin toe die seksuele gemaak is. Wanneer Jesus dan uitsprake maak in Mat. 19:4-6 oor die eenwording van die vlees, is dit vanselfsprekend dat niemand 'n beter getuigenis kan gee oor die ontstaan van die seksuele as Jesus Self nie.

2.8.4 Eksegese van Mat. 19:4-6

Tekstuele konteks van die perikoop

Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel

Volgens van der Waal (2006/7:9) is dit nie reg om te praat van Matteus as **een** van die evangelies in die Bybel nie, maar wel as “die evangelie volgens of ooreenkomstig Matteus.” Die aanvoerrede is dat daar slegs een Blye Boodskap is wat handel oor Jesus Christus, wat saamgevat word in die eerste 4 boeke van die Nuwe Testament en nie vier Evangelies nie. Die Blye Boodskap is dat Jesus in die wêreld gekom het en Sy eie lewe gegee het as losprys vir almal. Almal wat in Hom glo, en vergifnis van sondes vra, sal vergewe word en die Ewige Lewe beërwe (Hale, 1996:149). Matteus vorm die eerste boek van drie (Mattheus, Markus, Lukas) wat oorsigtelik (sinopties) langs mekaar geplaas kan


word, en daarvandaan dan die benaming van die sinoptiese evangelies (van der Waal, 2006/7:9).

Dit is onbetwisbaar dat die wording van die evangelie volgens Matteus onlosmaaklik verbonde is aan dié van Markus en Lukas. Matteus het nie die verhaale gedagtelos net oorgeskryf nie, hy was 'n skrywer in eie reg (Van Zyl, 1999:1112). Volgens van Zyl, (1999:1111) het die Evangelie volgens Matteus 'n besondere opbou. Dit is die enigste evangelie wat Jesus se preke in vyf blokke saamvoeg: hoofstuk 5-7, 10, 13, 18, 23-25. Die plek van die perikoop (Mat. 19:4-6) in die struktuur van die boek val dus in tussen die 4 de en die 5 de blok van Jesus se preke. Mat. 19:4-6 val binne Jesus se hantering van die konflik (19:1-12) tussen Hom en die Joodse leiers oor etiese verskille. Hierdie konflik behels die vraagstukke oor die huwelik en egskeiding (Van Zyl, 1999:1158). Jesus se woorde in Mat. 19:4-6 vorm juis die rede van bestudering van die oorsprong van die seksuele in hierdie studie.

Die genre van die perikoop en die boek waarin die perikoop voorkom

Vroeër is Matteus binne die genre van biografie gesorteer, maar die siening is later verwerp deur die 20 ste eeuse navorsers (Alison, 2000:847). Alison (2000:847) maak verder die stelling dat Matteus 'n omnibus van verskeie genres is. Volgens Alison (2000:847 en 2004:XXVI) sorteer Matteus wel onder die genre van biografie, aangesien dit 'n Man se lewensverhaal vertel, ongeag die feit dat dit nie 'n volkome lewensverhaal is nie. Matteus kan egter ook sorteer word onder die genre van Kerugmatiese historiese narratiewe (De Klerk & van Rensburg, 2005:20).

Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop



Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Die begrip van “een vlees” kom voor in Gen. 2:24, Mat. 19:5,6, Mark. 10:8, 1 Kor. 6:16 en Ef. 5:31. In al die betrokke perikope handel “een vlees” oor dieselfde beginsel, naamlik seksuele omgang. Die perikoop van Gen 2:24 is een van die vroegstes wat in die Skrif verwoord word rondom die seksuele, en was daar nog voor die sondeval die seksuele aspek van die mensdom versuur het (Gen. 3). Die perikope in Mat. 19:5-6 en Mark. 10:8 handel oor die kwelvraag van egskeiding, waarteenoor die perikope in Kor. 6:16 en Ef. 5:31 spesifiek konsentreer op die seksuele eenwording. In al die gevalle ontbloot die perikope die ontstaan van die seksuele (Gen. 2:24, Mat. 19:4) en God se plan met die seksuele, en die feit dat dit wat God bymekaar gevoeg het, deur geen mens geskei mag word nie.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop

Agtergrond van Matteus 19:1-12 (MacArthur, 1988:163-176; Vosloo & van Rensburg, 1993:1418; Alexander D & Alexander P, 1998:487)

Ná Jesus se leerrede vertrek Hy na die provinsie Judea, wat onder die heerskappy van koning Herodus is. Herodus was getroud met sy broer se vrou Herodias. Jesus se roem loop Hom vooruit sodat mense na Hom toe stroom om genees te word (vers 2). 'n Klompie Fariseërs wat van sy aankoms gehoor het, probeer sommer dadelik om Jesus in onmin te bring voor die skare met 'n vraag of mens oor enige rede van jou vrou kan skei. Hierdie was 'n goed deurdinkte strikvraag wat hulle baseer op Jesus se vorige uitspraak wat Hy gemaak het in Mat. 5:32. Maar hulle eintlike doel was Hom te vernietig. Hulle was goed bewus dat die gebied waar hulle hulle bevind onder die heerskappy van Herodus is, en Herodus het juis vir Johannes die Doper in die tronk geplaas omdat Johannes Herodus se onwettige troue met Herodias veroordeel het (Mat. 14:3-12). Dit het later ook Johannes die doper se hoof gekos. Hierdie Jode het gehoop dat Jesus ook Herodus se huwelik sou veroordeel, en dus dieselfde gevolge sou dra as Johannes die Doper.

Daar was hoofsaaklik twee hoofstrome wat deur twee verskillende Rabbi's gelei is. Hulle het verskillende menings gehuldig oor egskeiding. Weens die Fariseërs se selfgesentreerde wanopvatting van die Wette van Moses, was een stroom voorstanders van maklike egskeidings. Hulle was alom bekend vir gereelde egskeidings van hulle vrouens vir enige rede denkbaar, om maar net weer 'n ander vrou te trou. Hierdeur het hulle nie net vir die mense geleer dat egskeiding toelaatbaar was nie, maar ook 'n noodsaaklikheid. Hierdie siening is geleer deur Rabbi Hillel. Aan die ander ekstreme kant was daar egter ook die lering van Rabbi Shammai, wat geleer het dat egskeiding onder geen omstandighede toelaatbaar was nie, behalwe wanneer owerspel gepleeg is. Die konflik het dus

berus op die verskillende maniere waarop hierdie twee hoofstrome Deuteronomium 24:1–4 uitgelê het.

In sy antwoord wys Jesus egter dat die klem nie op egskeiding val nie, maar op die huwelik. Jesus wys hulle op God se oorspronklike bedoeling met die huwelik. Aan die begin het God man en vrou geskep om lewenslank in 'n huweliksverhouding saam te lewe (vers 4–5). Vir God is die huwelik dus 'n lewenslange, onbreekbare band tussen een man en een vrou. In antwoord hierop wys die Fariseërs vir Jesus op Moses se bevel in Deuteronomium 24:1, dat mense wel onder bepaalde omstandighede kon skei. Jesus interpreteer dit egter as 'n noodmaatreël wat Moses ingestel het vanweë die volk se sondigheid en nie as 'n bevel nie (vers 8). Wat God dus saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. Die reaksie van die Fariseërs is een van verslaentheid. Hulle het verwag dat Jesus in hulle strik sou trap, en as daar na die parallelle verhaal in Mark. 10:1-10 gekyk word, kan gesien word dat die Fariseërs Jesus verlaat het en Hom nie weer gepla het nie. Die reaksie van die dissipels was ook een van skok. Vir Jesus se dissipels val Sy woorde baie hard op die oor. Die vraag ontstaan of dit dan enigsins die moeite werd is om te trou as die huwelik so belangrik en heilig in God se oë is. Hierop antwoord Jesus dat nie almal dit kan vat nie (vers 10–11).

Die rede is dat daar slegs drie groepe mense is wat nie trou nie. Die wat onbekwaam gebore word om te trou, die wat onbekwaam gemaak is deur ander mense en die wat heelhartig vir God se orde kies (vers 12).

Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het
Die geloofskeuses waarvoor die volk dus gestel is, en meer spesifiek die dissipels, was om Jesus te glo oor dit wat hy vir hulle geleer het in Mat. 19:1-12 oor die huwelik, egskeiding, hertrou, en om nie te trou nie. Hulle moes leer om die valse idees, standaarde en gebruike wat hulle oorgeërf het van die mens-ingestelde rabbi's met hulle onskriftuurlike gewoontes, te verwerp. Met ander

woorde, hulle moes aanvaar wat Jesus leer as God se Woord en lewe daarvolgens (MacArthur 1988:176).

Woordstudie van belangrike begrippe

“Het julle nie gelees dat Hy wat hulle **gemaak** (ποιέω / poieō) het, hulle van die **begin** (ἀρχή / archē) af man en vrou gemaak het ríe, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal **een** (μία / mia) **vlees** (σάρξ / sarx) wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar **een vlees**? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.”

Die gedagtestruktuur hierbo toon dat Jesus in die oorspronklike taal vier begrippe, naamlik “gemaak” (ποιέω), “begin” (ἀρχή), “een” (μία) en “vlees” (σάρξ) gebruik. Hierdie vier begrippe gaan nou in meer besonderhede bestudeer word.

gemaak (ποιέω / poieō) – ontleding: verbum.

Die word *poieō* kom twee keer in hierdie perikope voor. In die konteks van 19:4 is dit duidelik dat hierdie begrip verwys na 'n handeling wat God verrig het direk nadat Hy die hemel en die aarde geskape het, naamlik die skepping van die mens. Volgens Vine (1996) en Thayer (2002:524) beteken *poieō* / ποιέω om te doen, iets te maak, om iets te konstrueer, of om iets te produseer deur die kreatiewe handeling van God. In die Nuwe Testament word *poieō* / ποιέω baie wyd gebruik vir verskeie begrippe, soos byvoorbeeld die handeling of aksies van mense (Mat. 17:4), of as 'n selfstandige naamwoord, 'n status of kondisie, om te veroorsaak bv. vrede, - Ef. 2:15 ens.

Die begrip of woord *poieō* / ποιέω word deur Louw en Nida (1996) in die semantiese veld 42.30, 32, 33 geplaas, dus in die veld van uitvoer, vervul, volbring, volvoer, doen, waarneem, nakom, maak, verrig of optree. In hierdie

semantiese veld word 'n hele subdomein (subdomein C – 42.29 tot 42.40) afgestaan aan maak en skepping. Saam met *poieō* (42.29) – om iets nuuts te produseer, met die implikasie deur gebruik te maak van bestaande materiale, word ook geplaas *poiēma* (42.30) 'n derivatief van *poieō* - die produk van - wat gemaak is, *plassō* (42.31) – om te vorm of te fabriseer, *cheiropoiētos* (42.32) - handgemaak of mensgemaak, *acheiropoiētos* (43.33) – nie deur die handgemaak of deur die mensgemaak nie, *oikodomē* (43.34) – om op te bou of om 'n konstruksie op te rig, *ktizō* (43.35) – om iets te bou of om iets te maak wat nog nooit bestaan het nie en word uitsluitlik vir God alleen gebruik, *katartizō* (43.36) – om te maak, met die implikasie om dit in werkende kondisie te plaas, *katabolē* (43.37) – skepping, spesifiek met die oog op die skepping van die aarde, *ktisis* (43.38) – dit wat reeds gemaak is, *ktisis* (43.39) -) 'n derivatief van *ktisis*, 'n menslike instelling of sosiale struktuur wat reeds gemaak is en *ktistēs* (43.40) – om te maak, te skep, die skepper, die maker.

Gevolgtrekking:

As daar na die konteks van die begrip in Mat. 19:4 gekyk word, is dit duidelik dat die begrip slegs kan val in die subdomein van 42.29, 42.33, 42.35, 42.36. Die domein en subdomein van Louw en Nida (1996) toon duidelik dat die begrip *poieō* gekoppel is aan die skepping van iets, die maak van iets nuuts en nie deur 'n mens gemaak nie, maar deur God gemaak, geformeer, geskep.

Begin (archē)- ontleding: substantief in die vroulike vorm

Die woord *archē* kom een keer in hierdie perikope voor. In die konteks van 19:4 is dit duidelik dat hierdie begrip verwys na 'n tydfaktor. Dit verwys na 'n sekere tyd wat God 'n sekere handeling verrig het, in die begin. Volgens Vine (1996) en Thayer (2002:76) beteken *archē* "in die begin, oorsprong, die begin van alle

dinge". In die Nuwe Testament word *archē* gebruik om die begrip van begin aan te dui. Jesus Christus word die begin genoem, Hy is die direkte oorsaak van die begin van die skepping, Hy is die Hoof omdat Hy daar was voor alles gemaak is en deur Hom is alles gemaak; Joh. 1:1 "In die begin was....". *Archē* word ook gebruik om die begrip van uiterste of buitenste punte aan te dui, byvoorbeeld die begin van 'n hoek, prinsipaal, magte, kragte, en reëls (Zodhiates, 1992:69,893).

Louw en Nida (1996) plaas die begrip of woord *archē* in die semantiese velde 61.7, 67.65, 98, 133 en 68.1-10. 61.7 kom in die semantiese veld 61 (volgorde) voor as "eerste in 'n reeks, met die implikasie van volgorde van belangrikheid – die Alpha, die eerste, die begin".

In die semantiese velde 67 (tyd) word *archē* geplaas by 67.65, 98, 133. Die eerste een, 67.65, word geplaas in die subdomein C – 'n Punt in tyd met die verwysing na die duur van tyd: Begin en einde (die begin, om te begin).

Die tweede een, 67.98, word geplaas onder die subdomein E – Die duur van tyd met die verwysing na Punte of Eenhede van tyd: Tyd, Gespandeerde tyd, Altyd, Oneindig, Oud, Onmiddellik, Jonk. 67.98 – Dit het betrekking tot; het bestaan in die verlede vir 'n baie lang tyd, met die moontlike implikasie van so 'n sekere bestaan van die begin van 'n gebeurtenis of status (vir 'n lang tyd, van die begin af).

Die derde een, 67.133, word geplaas onder die subdomein F – Die duur van tyd met die verwysing tot 'n sekere Punt van Tyd: Totdat, Vertraging, Steeds, Vanaf. 67.133 – 'n Buitengewone lang periode van tyd van aangeneemde begin tot en met die hede (van alle tye, van alle eeue terug, van die begin van tyd).

Louw en Nida (1996) plaas die begrip of woord *archē* in die semantiese velde 68.1-10 (Aspek). In hierdie semantiese veld word 'n hele subdomein (subdomein

A – 68.1 tot 68.10) afgestaan aan “Begin en aanvang”. Die aspek om die aksie van begin aan te dui.

Gevolgtrekking:

In die konteks van Mat. 19:4 is dit duidelik dat die woord *arche* die beste pas in die domein van 67.65, 98, 133, en meer spesifiek in die subdomein van 67.65 – ’n Punt in tyd by die begin van die duur van tyd (die begin, om te begin) omdat dit die begrip van die begin van tyd aandui.

Een (mia / eis)- ontleding: Numeriese, adjektief of adverbiaal spraakwending.

Die woord *mia / eis* kom twee keer in hierdie perikope voor. In die konteks van 19:5,6 verwys hierdie begrip na die grammatiese vroulike vorm van (*heis*) – “Een” of (*eis*) ononderbroke kontinuïteit (Vine,1996). Volgens Vine (1996), (Zodhiates,1992:69,893) en Thayer (2002:76) beteken *mia / eis*, een. In die Nuwe Testament word *mia* gebruik om die begrip van “een” aan te dui (Zodhiates,1992:48). Louw en Nida plaas (1996) die begrip of woord *mia* in die semantiese veld 63.3, 63.4, 63.16, 63.20, naamlik geheel, verenig, deel en verdeling. 63.3 en 63.4 val in die subdomein van A(geheel) en 63.16, en 63.20 val in die subdomein van D(deel).

Die inskrywing van 63.3 verwys na ’n status van eenheid, ooreenstemming en eendrag. Dit verwys volgens Louw en Nida (1996) na “Ons glo net so asof ons almal een persoon is”.

Die inskrywing 63.4 verwys na dit wat saamgebind as een in kontras met verdeling of bestaande uit verskeie dele – “een”. Die begrip *mia* word gebruik om die begrip “En die twee sal een vlees word” aan te dui soos gevind in Mat. 19:5. Die frase in Gal. 3:20 is ’n verwysing na die feit dat die God van die Bybel gedefinieer word as ’n eenheid en nie gekarakteriseer word deur verskeie manifestasies nie. In 63.16 is die inskrywing as ’n idioom, letterlik in verhouding met ’n deel geplaas. Dit dui op ’n aktiwiteit bv. “in detail, een item na die ander.”

Die inskrywing 63.20 verwys na merkers van 'n deel van 'n geheel, of dit bestaande is uit telbare eenhede; “een van, een onder julle, 'n deel van”.

Gevolgtrekking:

Wanneer daar na die konteks van Mat. 19:5 gekyk word, blyk dit gevind dat 63.4 die beste pas in die perikoop - wat saamgebind as een in kontras met verdeling of bestaande uit verskeie dele – “een”. Die begrip *mia* word gebruik om die begrip “En die twee sal een vlees word”.

Vlees (σάρξ / *sarx*) - ontleding: substantief in die vroulike vorm.

Die woord *sarx* kom twee keer in hierdie perikope voor. In die konteks van 19:5-6 verwys hierdie begrip na die sagte substansie van die lewende liggaam, wat die bene bedek en deurtrek is met bloed van beide die mens sowel as die dier (Thayer, 2002:569). In die Nuwe Testament word *sarx* eerstens gebruik soos hierbo genoem, tweedens as 'n liggaam wat nie onderskei word in verskeie onderdele nie, so dit is nie soos 'n delikate kombinasie van spesifieke dele, byvoorbeeld 'n organisme nie, maar beklemtoon eerder die substansie van die liggaam soos gevind in Hand. 2:26, 30. Derdens word *sarx* gebruik vir 'n lewendige wese, hetsy dit mens of dier is, soos gevind in 1 Pet.1:24. Vierdens word *sarx* gebruik om die menslike natuur aan te dui, soos gevind in Rom. 8:3 (Thayer, 2002:569-571). Zodhiates (1992:954) voeg by dat vlees ook gebruik word om die onnatuurlike seksuele omgang wat mense het, aan te dui soos gevind in Judas 1:7.

Louw en Nida (1996) plaas die begrip of woord *sarx* in die semantiese veld 8.63. Die semantiese veld 8 word deur Louw en Nida (1996) gedefinieer as “Liggaam, liggaamlike dele, en liggaamlike produkte. In die semantiese velde 8 word *sarx* geplaas by 8.63 in dit val onder die Subdomein B (Liggaamlike dele).

Gevolgtrekking:

Volgens Louw en Nida (1996) is *sarx* onder die inskrywing 8.63, die vlees van beide mens en dier. Wanneer die twee begrippe “een vlees” saamgebruik word, is die betekenis duidelik soos wat Jesus dit bedoel het. Dit dui op die seksuele eenwording tussen man en vrou. Met ander woorde, dit is die gebruikelike vorm van seks. Youngblood (1997) gee ’n definisie van die woordjie seks: “Sex — the concept of male and female; pertaining to the reproductive function of human beings; sexual intercourse.” Volgens hom is die “eenwording van die vlees” ’n versagterende woordkeuse vir seksuele gemeenskap. Hierdie spesifieke frase “en hulle twee sal een vlees wees;” in vers 5 word weer aangehaal deur Jesus in vers 6, en hy verwys weer daarna in Gen. 2:24.

Skrif-met-Skrifvergelyking

Dit is duidelik dat dieselfde beginsel bedoel word oral waar daar in die Skrif gepraat word van die “eenwording van die vlees” – Seksuele omgang. In Markus 10:8 word die dieselfde beginsel gevind. Waar Jesus of een van die Apostels oor dieselfde beginsel praat, kom dit neer op dieselfde beginsel.

Godsopenbaring in die perikoop

Omdat Jesus die besondere Gestuurde van God was, kon Hy met gesag die boodskap van die koninkryk van God verkondig en onderrig (vgl. Hagner, 1993:193-194).

2.8.5 Samevatting van eksegetiese perspektiewe op die oorsprong van die seksuele

- Jesus openbaar hier die ontstaan van die seksuele. Dit is nie deur mensehande gemaak nie, maar deur God.
- Die seksuele het sy ontstaan reg in die begin, toe God man en vrou geskape het, en dit voor die sondeval.

- Die woord “een” wat deur Jesus gebruik word, dui op seksuele omgang, veral as dit saam met die woord “vlees” gebruik word.
- God is dus die skepper van seks, Hy het seks gemaak, en dit reg in die begin.

2.9 *Basisteoretiese perspektiewe op die doel van die seksuele*

2.9.1 Inleiding

Dit is belangrik vir hierdie studie om te weet wat die doel van die seksuele is. Die doel van die seksuele is drieledig:

- Uiting van Liefde
- Voortplanting
- Plesier

Vervolgens sal daar behoorlike eksegeese op elk gedoen word.

2.9.2 Uiting van Liefde - Eksegese op Spr. 5:18-19

2.9.2.1 Inleiding

LaHaye (2004:15) gee 'n pragtige beskrywing van die huweliksdaad. Hy sê die “heweliksdaad is daardie mooi en intieme verhouding wat op 'n ongeëwenaarde en unieke wyse deur 'n man en sy vrou in die heimlikheid van hulle liefde gedeel word, en dit is heilig. In die ware sin van die woord het God hulle vir en in daardie verhouding geskep.” Buys (1982:190) maak die stelling dat seks die absolute weerspieëling is van die liefde wat die man en vrou vir mekaar het.

Volgens Wheat (1988:71) beteken die woordjie ‘bed’ κοίτη (koitē) in Heb 13:4 in die oorspronklike Griekse taal letterlik seksuele gemeenskap.

“We need to treasure and share with our children these positives values God Himself teaches in Scripture concerning the love/sex relationship, always placing sex in marriage in an entirely different light from sex outside of marriage. Sex apart from marriage is spelled out as

obviously wrong. Sex in marriage is wonderfully right”
(Wheat, 2000:23).

“Dit is enersyds ’n uitdrukking van die liefde wat man en vrou vir mekaar het; andersyds is dit ’n middel om die liefde verder te verinnig” (Buys, 1982:190). Janson (1985:251) sê dat ’n individu voor die huwelik kies wie hy of sy gaan liefhê, maar na die huwelik het hy of sy dié een lief wat hulle gekies het. Dan móét ek liefhê, dan is dit ’n gebod: Joh. 13:34, Ef. 5:25! Die huwelik is ook nie ’n plek waar ek my maat gekies het om net vir altyd te ontvang nie, maar volgens Chapman (1989:33) is die huwelik daar om te gee vir ’n leeftyd aan die een wie ek gekies het. Daarom is dit so volgens Sumrall (1995:57) dat God dit beskik het dat die mens binne die huwelik deur die seksdaad uiting aan sy liefde kan gee.

In hierdie studie wil die navorser dieper ondersoek instel na die doel van die seksuele, ten eerste ten opsigte van die liefde, en sal daar eksegeties nagevors word wat Spreuke 5:18-19 oor hierdie spesifieke doel van die seksuele openbaar.

2.9.2.2 Motivering van Spr. 5:18-19 as die fokusverse

Volgens Keil & Delitzsch (2008) skryf Salomo baie diep erotiese woorde rondom die uiting van liefde in die seksuele daad. Salomo gebruik woorde soos “verheug jou oor die vrou van jou jeug; laat haar boesem jou altyd vermaak; mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees”. Hooglied 2:3–7 en Hooglied 8:5–7 pas baie nou hierby saam om die doel van die seksuele as liefde na vore te bring.

2.9.2.3 Eksegese op Spr. 5:18-19

Tekstuele konteks van die perikoop


Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel

Volgens Venter (1999:708) is Spreuke 'n Ou Testamentiese boek vol van lewenswysheid. Die boek word saamgestel uit verskillende spreuke van verskillende skrywers wat oor honderde jare ontstaan het, en met verloop van tyd is hierdie spreuke saamgevoeg in versamelings later tot 'n geheel in een boek. Die boek Spreuke bestaan hoofsaaklik uit vyf versamelings en die perikoop van Spreuke 5:18-19 vorm deel van die eerste versameling van spreuke.

Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek

Die perikoop van Spreuke 5:18-19 het hoofsaaklik oor die algemeen 'n opvoedkundige doelwit. Volgens Venter (1999:709) is daar 'n gemeenskaplike opvoedkundige tema tussen die verskillende eenhede. Die genre van die boek Spreuke is meer en deels letterkundig van aard en word opgedeel in twee dele: i – Joodse Wysheid letterkundig en ii – Spreukwoordelik letterkundig (Zaspel, 1996).

Ontleding van die gedagte-opbou van die perikoop



Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Volgens die King James Konkordansie (2008) kom die begrip van “die liefde” reg van die begin van die Bybel tot aan die einde voor. Meer spesifiek kom die begrip van liefde in die verlowingstydperk sowel as in die huweliksverband voor in die perikoop van Hooglied 2:3-7; 4:10 en 8:5-7, 1 Tess. 4:4, 1 Pet 3:2, 1 Kor. 7:1-4 en 1 Kor. 7:8-9. In hierdie betrokke perikope handel “die liefde” oor dieselfde beginsel, naamlik die uiting van liefde deur middel van die huwelik of komende huwelik. Die perikoop van Spr. 5:18-19 handel meer spesifiek oor die doel van liefde in die vorm van seksuele eenwording. Die sterk gevoel van liefde word beskryf as so sterk soos die dood self, en dit moenie te vroeg wakker gemaak word nie. Die liefde word in die ander perikope beskryf as ’n onuitblusbare vuur.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop

Agtergrond van Spreuke (Aitken, 2000:405; MacArthur, 1997)

Die boek Spreuke is baie gebruik as ’n tipiese teksboek vir onderrig. Mense wat nog nie genoeg ervaring opgedoen het nie moes leer oor die lewe, en sekere situasies op verskeie lewensterreine waarin mense onderrig moes word, is aangespreek deur gebruik te maak van Spreuke. Spreuke is van geslag tot geslag oorgedra vanweë die opvoedkundige waarhede wat in Spreuke voorkom. In die hele samelewing is Spreuke gebruik in skole, om kinders te leer hoe om te lees en te skryf, en in die koninklike hof moes amptenare en troonopvolgers protokolle leer, en daarvoor is Spreuke gebruik. Verder was daar verskeie besprekingsgroepe waar die geldigheid van die oorgelewerde spreuke krities bespreek is.

Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het
Volgens MacArthur (1997) is Spreuke 'n goudmyn van Bybelse teologie. Die priester het die Wet gegee, die profeet het 'n Woord van God gegee, en die wyse man (Salomo) het wyse berading gegee. Spreuke roep die mens tot geloofskeuses wat nie deur die Wet of die profete aangespreek is nie, en fokus op moeilike vraagstukke waarmee die mens swaag. Spreuke reflekteer temas van die Skrif, gebring op die vlak van praktiese geregtigheid (1:3). Spreuke adresseer die mense se etiese keuses, dit bevraagteken die mens se denkrigting, sy leefwyses en hoe die mens sy daaglikse lewe hanteer in die lig van geestelike waarheid. Meer spesifiek word die mens deur Spreuke geroep om te lewe soos die Skepper bedoel het vir die mens om te lewe die dag toe God die mens gemaak het (Psalm 90:1,2,12).

Woordstudie van belangrike begrippe

*“Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug—
die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar boesem jou altyd
vermaak, **mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees**”*

As daar na die betrokke perikoop gekyk word, is daar basies drie begrippe wat uitstaan: “*mag jy in haar **liefde gedurigdeur bedwelmd wees**.*”

Hierdie drie begrippe gaan nou in meer besonderhede bestudeer word.

liefde (אַהֲבָה / ahăbâh) – ontleding: substantief in die vroulike vorm

Volgens Brown, Driver & Briggs (2000) is die betekenis van die woord liefde (ahăbâh):

i. Liefde

- Menslike liefde teenoor 'n menslike objek
- Ten opsigte van mens tot mens

- Ten opsigte van mens tot homself
- Tussen man en vrou
- Seksuele drang

ii. God se liefde vir Sy mense.

Gevolgtrekking:

Wanneer hierdie begrip liefde (ahăbâh) in die konteks van die perikoop Spreuke 5:19 gebruik word, is dit duidelik dat die begrip die liefde aandui tussen man en vrou, en het dit ook 'n seksuele konnotasie.

Gedurigdeur (תמיד / tâmîyd) - ontleding: substantief in die manlike vorm

Volgens Brown, Driver & Briggs (2000) is die betekenis van die woord (tâmîyd) om uit te rek, gedurig, of aanhoudend.

Gevolgtrekking:

Wanneer hierdie begrip gedurigdeur (tâmîyd) in die konteks van die perikoop Spreuke 5:19 gebruik word, is dit eens dat die begrip, die aanhoudendheid, gedurige of uitgerekte seksuele liefde tussen man en vrou aandui.

Bedwelmd (שגה / shâgâh) - ontleding: verbum

Brown, Driver & Briggs (2000) gee die betekenis van die woord *shâgâh* aan as om af te dwaal, dronk, of bedwelmd aan.

Gevolgtrekking:

Wanneer hierdie begrip bedwelmd (shâgâh) in die konteks van die perikoop Spreuke 5:19 gebruik word, word die begrip van dronk word, die

bedwelmdede gevoel (orgasme) van seksuele liefde tussen man en vrou aangedui.

Skrif-met-Skrifvergelyking

Hierdie erotiese woorde wat daar Spr. 5:19 gebruik word, kom ook voor in Spreuke 7:18, Eseg. 23:3, 8, 21. Hierdie perikoop bevestig dus die seksuele konnotasie van die liefde tussen man en vrou.

Godsopenbaring in die perikoop

Die Godsopenbaring in hierdie spesifieke perikoop is dat God die seksuele geskep het met die doel om uiting te gee aan liefde. Dit weerspieël die liefde van God self tot die mens.

Opsomming en gevolgtrekking van eksegeese oor Spreuke 5:18-19

Hier lig die skrywer van Spreuke 5:18-19 duidelik uit dat seks 'n uiting van liefde tussen man en vrou is. Tydens die gedurige uiting van liefde met eenwording van die vlees in die huwelik tussen 'n man en vrou, is dit baie duidelik dat die mens bedwelmd raak van liefde, letterlik dronk word van liefde soos ook gesien in Spreuke 7:18 (Aitken, 2000:410).

2.9.3 Voortplanting - Eksegese van Gen. 1:28

2.9.3.1 Inleiding

In die woorde “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde” (Gen. 1:28), kan daar gesien word dat God seks geskep vir voortplanting van die menslike ras op aarde. Die menslike voortbestaan is dus afhanklik van die seksdaad of ‘eenwording’. Dit vorm 'n integrale deel van die voortbestaan van die mens. Sonder seks kan die mens nie voortbestaan nie. “If you want truth without distortion, you'll find it in the Bible. God's Book tells us we are created distinctively male and female. Eve was designed to be a suitable helper, a companion for Adam. Both were also design for the purpose of procreation” (Arthur, 2002:15).

In hierdie studie vorm voortplanting die tweede doel van die seksuele en daarvolgens sal die navorser 'n dieper ondersoek instel, en sal daar eksegeties nagevors word wat Gen. 1:28 oor hierdie spesifieke doel van die seksuele openbaar.

2.9.3.2 Motivering van Gen. 1:27-28 as die fokusverse

Whybray (2000:39) sê dat net soos die diere (1:22), het die mens saam met die seën van heerser oor die skepping van God ook die opdrag gekry het om voort te plant, en daarmee dus die waarborg verkry het dat die menslike ras sal voortbestaan (1:28). Omdat die eerste aanduidings van die term 'voortplanting' in hierdie perikope voorkom, is hierdie perikope essensieel tot die tweede doel van die seksuele.

2.9.3.3 Eksegese van Gen. 1:27-28

Tekstuele konteks van die perikope


Plek van die perikope binne die boek en binne die Bybel

Genesis is die eerste boek van die Ou Testament en dit is ook die eerste boek in die Bybel. Verder vorm Genesis deel van wat die Pentateug genoem word. Volgens MacArthur (1997) is Genesis 'n besonderse boek wat deur Moses geskryf is en dit dui die begin van die skepping aan, en die boek strek oor 'n tydperk van ongeveer 300 jaar as daar begin word Abraham (Gen. 11) tot by die dood van Josef. Dan is daar ongeveer weer 'n tydperk van 300 jaar tot by die geboorte van Moses. Die plek van die perikope (Gen. 1:28) in die struktuur van die boek val dus in skeppingsgedeelte, en meer spesifiek op die 6de dag van die skepping. Op die 6de dag het God al die diere en die mens gemaak. Nadat God die mens gemaak het, het God hierdie woorde in die perikope uitgespreek: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde." Hierdie woorde is juis dan die rede vir die bestudering van een van die doele van die seksuele in hierdie studie.

Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek

Whybray (2000:39) sê dit is belangrik om die boek Genesis reg te verstaan, en dat die genre van Genesis moet wees: *literêr*. Volgens Watkins (2002) en Hobbins (2007) is die genre van Gen.1 baie moeilik om vas te stel. Dit val tussen prosa en poësie, dit is stylvol, baie formeel, en hoogs gestruktureerd. Dit is 'n soort van stylvolle verhaal-vertellende genre. Daar kan ook gesê word dat dit nie 'n historiese narratief is nie omdat daar nog geen menslike ooggetuies was tot en met vers 26 nie. Omdat die genre nie vasgepen kan word nie, moet daar na die doel van die perikoop gekyk word, en die oorgroter doel was om die afstammeling van Adam en Eva te vertel van die teologiese waarhede omtrent God, die wêreld waarin hulle is, wat dit is om mens te wees en waar die mens se oorsprong is.

Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop Gen. 1:28



Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Van Zyl (1997) maak die stelling dat die seën van God in hierdie perikoop (1:28) net betrekking het op die vermoë om vrugbaar te wees en vir die menslike ras om te vermeerder. Die term van "Wees vrugbaar en vermeerder" kom meer as 40 keer voor tussen Genesis 1:22 en Eksodus 1:20. In die begin en na krisisgebeure soos die sondvloed (9:1), die afsondering van Abram (12:1–3), die vlug van Jakob (28:14), en die trek Egipte toe (Eksodus 1:7), was dit noodsaaklik

dat die mens in getalle moes toeneem, en veral dié van die verbondsmense. God se doel agter hierdie opdrag om vrugbaar te wees en baie te word, was om die aarde te laat bewoon en te bewerk.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop

Vosloo (1999:4) maak die stelling dat die eerste lesers van Genesis die mense van die na-ballingskapydperk was. Daar was volgens Vosloo (1999:4) ook lesers in die eerste fases van die ontstaan van die boek, maar dit is fisies onmoontlik om bo alle twyfel te bepaal wie hulle was. Daarby bevat Genesis die neerslag van die leëwêreld en opvattinge van verskillende tye. Die boek Genesis gaan allereers oor die verskillende tye waarvan dit vertel, maar dit weerspieël ook iets van die wordingstye, en dit sluit ook in die tyd toe dit finaal afgerond is.

Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het

Die geloofskeuse waarvoor die volk dus gestel is, is om nie hoop te verloor nie. Die volk het met tranes in die oë terug gekyk na die oertyd, na 'n land wat verlore is, 'n tempel wat verwoes is, 'n kultus wat nie funksioneer nie en ook hulle vryheid wat weggeëem is. Hierdie hoop is gevestig in God se werke van gister en eergister (Vosloo, 1999:6).

Woordstudie van belangrike begrippe

*En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees **vrugbaar** en **vermeerder** en **vul** die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.*

As daar na die betrokke perikoop gekyk word, is daar drie begrippe wat vir hierdie studie-doeleindes uitstaan. Die eerste is “**vrugbaar** (פרה / pârah)”, die tweede is “**vermeerder** (רבה / râbâh)” en die derde is “**vul** (מלא / málê' / málâ)”.

Hierdie drie begrippe gaan nou in meer besonderhede bestudeer word.

vrugbaar (פרה / pârah) – ontleding: verbum

Volgens Brown, Driver & Briggs (2000) is die betekenis van die woord vrugbaar (pârah):

- Om vrug te dra
- Om vrugbaar te wees
- Tak met vrugte
- Die oorsaak te wees van vrug dra

Gevolgtrekking:

Wanneer hierdie begrip vrugbaar (pârah) in die konteks van die perikoop Genesis 1:28 gebruik word, beteken die begrip “vrugbaar” niks anders as om vrugbaar te wees nie, met ander woorde, vrugbaar te wees sodat kinders gebore kan word, vrugbaar te wees dat die menslike ras kan voortbestaan.

vermeerder (רבה / râbâh) – ontleding: verbum

Volgens Brown, Driver & Briggs (2000) is die betekenis van die woord vermeerder (râbâh):

- Is of om groot te word
- Is of om baie te word
- Is of om ontelbaar te word
- Vermeerder (mense, diere of dinge)

- Om groot te maak, vergroot, vermeerder
- Om baie te maak, om baie te hê
- Om buitensporig te vermeerder

Gevolgtrekking:

Wanneer hierdie begrip *vermeerder* / *rábáh* in die konteks van die perikoop Genesis 1:28 gebruik word, beteken die begrip “vermeerder” om letterlik meer te word, uit te brei, te vermeerder.

vul (מָלֵא / מָלָא) (málé' / málá') – ontleding: verbum

Volgens Brown, Driver & Briggs (2000) is die betekenis van die woord *vul* (málé' / málá'):

- Om te vul
- Om vol te wees
- Volheid, oorvloed

Gevolgtrekking:

Wanneer hierdie begrip *vul* (málé' / málá') in die konteks van die perikoop Genesis 1:28 gebruik word, beteken die begrip “vul” om letterlik die aarde te vul met mense.

Skrif-met-Skrifvergelyking

Die begrip van “vrugbaar en vermeerder” wat hier in Gen. 1:28 gebruik word, kom ook voor in Gen. 1:22; 8:17; 9:1; 9:7; 17:6; 17:20; 28:3; 35:11; Esegieël 36:11 en nog andere plekke. In al die betrokke perikope het hierdie begrippe dieselfde beginsel: Die mens moet vrugbaar wees en vermeerder. Hierdie begrip bevestig dus die tweede doel van die seksuele, naamlik dat die seksuele ook bedoel is vir voorplanting.

Godsopenbaring in die perikoop

Die gebeurtenisse wat in Genesis afspeel, openbaar die manier waarop God Homself in sy grootheid en goedheid bekend stel. Die perikoop gaan dus om wie Hy is en wat Hy doen.

Opsomming en gevolgtrekking rakende die eksegeese van Genesis 1:28

In hierdie perikoop het God die mens geseën, en hierdie seën het uitsluitlik net te doen met die vrugbaarheid van die mens, en dit vir die doel van voortplanting sodat die menslike ras kan vermeerder (Van Zyl, 1997). Dit bring die doel van die seksuele as voortplanting duidelik na vore.

2.9.4 Plesier - Eksegese van Pred. 9:9

2.9.4.1 Inleiding

Stedman (1995:3) maak die volgende uitspraak oor seks as plesier:

“One thing is clear: Sex in marriage is given to us for the mutual pleasure of those involved. It is the highest form of physical ecstasy, without a doubt. It rates as the number one recreation of the world, and there is no question about that. It always has been, and it always will be. Nothing compares to it, and God likes it that way; he designed it that way. He gave us our erogenous zones and permitted them, intended them, to be aroused and excited. He intended for human beings to experience this exquisite ecstasy of orgasm, but he designed that it be protected, that it be experienced within walls of security which only marriage, as the Bible envisions it, can provide.”

God het nie net seks beskik as 'n voortplantingsmeganisme en vir die uiting van liefde alleenlik nie, maar dit is ook aan die mens gegee vir loutere genot. “Intended for more than procreation, an intimate, pleasurable sexual experience

is the most intense and intimate thing a couple can share” (Arp, 1998:30). Die eenwording van die vlees word deur Arthur (2002:16) beskryf as: “God formed us to know no greater ecstasy than when a man and a woman literally merge into one flesh. Hormones, nerves, sensory receptors, and other specific characteristics are all part of His divine design for our pleasure in the physical oneness of marriage”. Rainey (2004:273) glo dat God wil hê dat man en vrou die plesier van seks moet beleef as “downright thrilling.” Arp (1998:58) bevestig dat die mens gemaak is om seks te geniet deur die volgende stelling: “God is the one who created us as sexual beings. He is the originator of sex and created us with the capacity for great sexual pleasure.”

Genesis 2:7 wys dat God eers vir Adam gemaak het uit die stof van die aarde en in hom die asem van die lewe geblaas sodat hy ’n lewende siel geword het. Daarna het God hom die opdrag gegee om aan al die ander lewende wesens name te gee (Gen. 2:19). Voor dit het God gemerk dat Adam alleen was (Gen. 2:18). Nêrens kon daar ’n gepaste hulp vir hom gevind word nie. God het dus ’n diepe slaap oor Adam laat kom, ’n rib uit hom geneem en die vrou gevorm. Die plek waar God die rib uitgehaal het, het God met vlees bedek (Gen. 2:21-22). Omdat God die rib uit Adam gehaal het en die vrou gevorm het uit die rib, sal haar begeerte na haar man wees (Gen. 3:16). Arthur (2002:232) raak hier ’n baie belangrike punt aan rondom die begeerte van die vrou na haar man wanneer sy aanvoer waarom baie mans hulle vrouens verkul. Sy sê: “A woman’s desire to be with her husband - in ways that are healthy, not smothering - is one of the cords that ties a man to home and keeps him from wandering the neighbourhood.”

Dit is belangrik om te verstaan dat God seks gemaak het nog voordat Hy die opdrag gegee het om die aarde te vul met mense. Nadat God vir Adam gemaak het, het God gesien dat dit nie goed was dat Adam nie ’n hulp het wat by hom pas nie (Gen. 2:18). Van alles wat God gemaak het, was alles goed. ’n Maat vir Adam was die enigste ding wat kortgekom het, en volgens God was dit nie goed

nie. Adam het gesien dat al die diere en die voëls 'n maat het wat by hulle pas. Maar vir hom was daar nie 'n maat nie. In Gen. 2:21-22 laat God 'n diepe slaap oor Adam val en neem een van sy ribbebene en bou die rib tot 'n vrou en bring haar na Adam toe. In Gen. 2:23 sê die mens: "Dit is nou eindelijk been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem." In vers 24 kom die seksuele kant van die mens baie duidelik na vore. "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees" (Gen. 2:24). Hier het God hulle nog nie opdrag gegee om vrugbaar te wees en om die aarde te vul nie, nee, hulle sal een vlees wees. Met ander woorde, om een in vlees te wees beteken letterlik hulle sal seksueel met mekaar verkeer (Sien eksegeese van Mat. 19:4-6).

Adam en Eva het dus seksueel verkeer nog voordat die opdrag (Gen. 1:28) gekom het om kinders te hê. Dit is hieruit baie duidelik dat God nie net seks gemaak het vir voortplanting en om kinders in die lewe te bring nie, maar ook om te geniet (Arp, 1998:30).

Wheat (2000:21) skryf dat die Bybel die mens baie duidelik vertel dat die seksuele ekstase van liefde wat man en vrou ondervind met die huweliksdaad, God se plan is. Volgens Arthur (2002:223) is die boek Hooglied God se teksboek vir daardie mense wat na Sy voorwaardes luister en dit hou. Die wat dit doen, sal die wonderlikheid en skoonheid ervaar deur een vlees te word. "Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug - die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar boesem jou altyd vermaak, mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees" (Spr. 5:18-19) (Sien eksegeese van Spr. 5:19-19).

"Die verband dui daarop dat dit 'n ervaring is wat vir albei partye genot behoort te bring. Uiteraard is belangrik is dit om ook hier kennis te neem dat gemeenskap en alles wat daarmee saamgaan, nie net vir die voortplanting van die mens bedoel is nie maar ook vir die loutere genot van albei partye" (Grobler, 1982:116).

God het ook 'n seksdrang by die mens ingebou, dit wil sê 'n behoefte aan iemand van die teenoorgestelde geslag. "Anders as by die diere, wat 'n bepaalde paartyd het en origens geen of weinig seksuele behoefte toon nie, is die geslagsdrif by die mens altyd aktief aanwesig" (Buys, 1982:190). Volgens Wheat (1988:80) bring dit die huwelik voort wat God wil hê man en vrou moet geniet "- a marriage that includes keen sexual desire on the part of the woman as well as the man".

2.9.4.2 Motivering van Pred. 9:9a as die fokusvers

Die perikoop van Pred. 9:9a maak gebruik van die term "geniet". Dit dui op seksuele genot of Ero- liefde met die vrou wat jy getrou het (De Bruyn, 1997). Hierdie perikoop van Pred. 9:9a sluit baie nou aan by Hooglied 7:2,7 en 8. In al die genoemde perikope bevestig dit die doel van die seksuele as genot.

2.9.4.3 Eksegese van Pred. 9:9

Tekstuele konteks van die perikoop

Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel

Volgens MacArthur (1997) kom die Engelse titel van die boek "Ecclesiastes" van die Griekse en Latynse vertaling van die boek van Salomo. Dit beteken "Prediker" en daarom ook die naam van die boek in Afrikaans. Prediker is afgelei van die word *ekklēsia*, en dit beteken op sy beurt weer byeenkoms of vergadering of gemeente in die Nuwe Testament. Albei die Griekse en Latynse weergawes verkry hulle titels van die Hebreeuse titel, *Qoheleth*, wat beteken "die een wat mense roep of bymekaar maak." Dit dui op die een wat dan die mense toespreek, en daarom dan die benaming "Prediker" (vgl. 1:1, 2, 12; 7:27; 12:8–10). Die boek Prediker is meestal gelees tydens Pinkster.

MacArthur (1997) maak die stelling dat wanneer daar na die outobiografiese profiel van die boek se skrywer gekyk word, wys dit na Salomo, die seun van Dawid, as die skrywer. Die bewyse hiervoor word gevind in die titel, 1:1, asook

in 1:12; 12:9. Wanneer die skrywer as Salomo geneem word, is die datum van die boek maklik om te bepaal, en dit is nie later as 931 B.C. nie. Volgens Schultz, (1997) is die skrywer egter onbekend, want daar staan in Pred. 1:12 “Ek, Prediker, **was** koning oor Israel in Jerusalem.” Schultz (1997) sê voorts dat Salomo as koning begrawe is, en dat hy nie van sy troon afstand gedoen het nie. Hierdie perikoop kan dus nie op Salomo dui nie, maar eerder as een wat die rol van Salomo aangeneem het.

Die boek Prediker word opgedeel in 4 hoofdele:

- a. Inleiding (1:1 -11)
- b. Prediker se ondersoek (1:12 – 6:9)
- c. Prediker se gevolgtrekkings (6:10 – 12:8)
- d. Prediker se finale advies (12:9 -14)

Die plek van die perikoop binne die boek van Prediker val dus binne die Prediker se gevolgtrekkings (MacArthur, 1997).

Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek

Verskeie sienings geld oor die genre van Prediker, maar die mees algemene genre is “wysheidsliteratuur” (Viviers, 1999:734).

Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop

Die basiese genot-opdrag

9:9a Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet,

Die tydperk om die basiese genot- opdrag uit te voer.

9:9b al die dae van jou nietige lewe wat Hy jou gegee het onder die son—al jou nietige dae;

Die rede vir die basiese genot-opdrag

9:9c want dit is jou deel aan die lewe en aan jou arbeid wat jy met moeite verrig onder die son

Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Die begrip van “geniet” of erotiese liefde kom ook voor in Spr. 5:18–19; Hoogl. 7:6–8 asook in 1 Kor. 7:2–5,9. In al hierdie betrokke perikope handel “geniet” oor dieselfde beginsel, en dit is die genot tydens seksuele omgang met jou huweliksmaat.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop

Agtergrond van Prediker 9:9

Volgens MacArthur, (1997) as die skrywer as Salomo geneem word, is die datum van die boek maklik om te bepaal, en dit is nie later as 931 B.C. nie. Die tydperk val dan volgens Vosloo & Van Rensburg (1993) in Salomo se laaste dae, en is die geadresseerdes Salomo se tydgenote. Die agtergrond van hierdie boek is 'n terugblik oor sy lewe, 'n lewe wat nie altyd na aan God was nie. Die doel van hierdie skrywe was om mense te wys dat hulle nie nodig het om self te leer dat alles buiten God nutteloos en sinneloos is nie (Vosloo & Van Rensburg, 1993).

Volgens Vosloo & Van Rensburg (1993) sê die Prediker in Prediker 9:9 dat die mens die lewe (en hier meer spesifiek die vrou met wie die man getrou het) as 'n gawe van God moet geniet, omdat geen mens iets van die toekoms weet nie, maar wat hy wel weet, is dat almal eendag moet sterf. Hy wou dalk hier die mense kritiseer wat alles opsy skuif om rykdom te vergader. Die Prediker vra ook vir hulle wat hulle rykdom nou eintlik beteken. Volgens die Prediker is dit meer belangrik vir die mens om die gawes van God te geniet terwyl hy kan, want niemand weet wat die toekoms inhou nie.

Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het
Geloofskeuses waarvoor die volk dus gestel is, is om mense te wys dat alles sonder God nutteloos en 'n gejaag na wind is.

Woordstudie van belangrike begrippe

“Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet, al die dae van jou nietige lewe wat Hy jou gegee het onder die son—al jou nietige dae; want dit is jou deel aan die lewe en aan jou arbeid wat jy met moeite verrig onder die son.”

As daar na hierdie betrokke perikoop gekyk word, is daar twee begrippe wat uitstaan. Die eerste is “**geniet**”, en die tweede is “**wat jy liefhet**.”

Uit die gedagtestruktuur hierbo kan gesien word dat die Prediker in die oorspronklike taal twee begrippe, naamlik “**geniet** (רָאָה / *rā'āh*)” en “**wat jy liefhet** (אָהַב / *'āhab*)” gebruik. Hierdie twee begrippe gaan nou in meer besonderhede bestudeer word.

geniet (רָאָה / *rā'āh*) – ontleding: verbum

Volgens Enhanced Strong's Lexicon (1995) kom die woord *rā'āh* 1313 keer in die Skrif voor. Dit word gebruik as “sien” 879 keer, “kyk” 104 keer, “aanskou” 83 keer, “vertoning” 68 keer, “verskyn” 66 keer, “oorweeg” 22 keer, “siener” 12 keer, “spioen” 6 keer, “respek” 5 keer, “waarneem” 5 keer, “voorsien” 4 keer, “verband” 4 keer, “geniet” 4 keer, “siedaar” 3 keer, “voorsien” 2 keer, “hoede” 2 keer en 74 keer deurmekaar vertaal. In die konteks van 9:9 is dit duidelik dat hierdie begrip verwys na 'n “geniet” (Ware, 2004).

Gevolgtrekking:

As daar na die konteks van die begrip (*rā'āh*) in Pred. 9:9 gekyk word, kan die begrip slegs die betekenis van “geniet” aanneem (Ware, 2004).

“wat jy liefhet (אהב / 'âhab)” ontleding: verbum

Volgens Enhanced Strong's Lexicon (1995) kom die woord 'âhab 208 keer in die Skrif voor. Dit word vertaal as “liefde” 169 keer, “beminde(s) of mingenot” 19 keer, “vriend(e)” 12 keer, “geliefde” 5 keer, “voorliefde” 1 keer, “lieflik” 1 keer en liefhê 1 keer.

Gevolgtrekking:

In die konteks van 9:9 is dit duidelik dat hierdie begrip verwys na menslike liefde van een persoon na die ander. En dit sluit in familie, sowel as seksuele liefde (Brown Driver & Briggs, 2000).

Skrif-met-Skrifvergelyking

In Gen. 3:16c; Spr. 5:18,19; Pred. 9:9; Hoogl. 7:7,8 en 1 Kor. 7:2–5, 9 kom dieselfde beginsel van genot voor. Dit dui op seksuele genot wat ervaar word wanneer 'n getroude paartjie seksuele gemeenskap met mekaar geniet (De Bruyn, 1997) (Sien ook eksegeese op Spr. 5: 18-19). De Bruyn (1997) sê voorts die volgende op grond van die Skrif en veral op grond van die boek Hooglied en 1 Korintiërs 7 oor die funksionering van die erotiese liefde in die huwelik:

“Binne die huwelik as liefdesgemeenskap het geslagsgemeenskap nie net 'n plek en 'n funksie met die oog op voortplanting nie, maar het dit ook 'n eie onmiskenbare plek en betekenis. Geslagsgemeenskap word trouens deur man en vrou aangevoel en ervaar as een van die belangrikste maniere waarop hulle uiting gee aan hulle besondere liefde vir en trou aan mekaar én aan die innige wedersydse begeerte om in hulle liefde so na as moontlik aan mekaar te kom en met mekaar één te word. As geslagsgemeenskap onder normale omstandighede in 'n huwelik onmoontlik gemaak word, beteken dit

noodwendig 'n verminking van die huwelik. Man en vrou *berooft* mekaar dan van een van die belangrikste vorms van huweliksbeleving.”

Godsopenbaring in die perikoop

Die Godsopenbaring in hierdie spesifieke perikoop is dat God die seksuele geskep het met die doel om dit geniet. Dit weerspieël die liefde van God Self aan die mens (Stedman, 1995:3).

Opsomming en gevolgtrekking rakende die eksegeese van Prediker 9:9

Die eksegeese van Pred. 9:9a toon baie duidelik dat God nie net die seksuele geskep het met die doel om voort te plant en vir die uiting van liefde nie, maar ook om dit te geniet. Volgens Arp (1998:30) het God nie net seks beskik as 'n voortplantingsmeganisme en uiting van liefde alleenlik nie, maar dit is ook aan die mens gegee vir loutere genot: “Intended for more than procreation, an intimate, pleasurable sexual experience is the most intense and intimate thing a couple can share”.

2.9.5 Samevatting van eksegetiese perspektiewe op die *doel* van die seksuele

- Seks is 'n uiting van liefde tussen man en vrou.
- Voortplanting is een van doele van die seksuele, sodat die menslike ras kan vermeerder.
- Die seksuele is ook gemaak om dit te geniet.

2.10 *Basisteoretiese perspektiewe op die vereistes van die seksuele - Binne die huwelik. - Eksegese van 1 Kor. 7:9*

2.10.1 Inleiding

Die doel waarmee God die huwelik ingestel het, verhoed die mens om seks te misbruik. “Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees” (Gen. 2:24). Paulus gee die oplossing van God vir

die seksuele drang wat die mense van binne brand: “Maar as hulle hul nie kan beheers nie, laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand” (1 Kor. 7:9). Die huwelik is dus God se voorvereiste vir geslagsgemeenskap. In hierdie konteks staan dit duidelik dat die seksdaad binne die huwelik reg is, en dat God die mens absolute toestemming gee om aan hierdie seksuele drang en genot uiting te gee binne die huwelik (Sumrall, 1995:61).

2.10.2 Motivering van 1 Kor. 7:9 as die fokusvers

Sumrall (1995:61) sê dat die huwelik nie veronderstel is om seksloos te wees nie “want dit is nie wat God in sy Woord vir ons sê nie.” Onbeheerste seksdrang of “branding” (1 Kor. 7:9) kan lei tot erge frustrasie. Hierdie frustrasie kan dan sonde voortbring. Die aksies, reaksies, frustrasie en aard van ’n man word binne die huwelik deur die liefde van sy vrou in toom gehou (Dobson, 2001:326). Wanneer hierdie seksdrang van ’n man nie bevredig word nie, kan sulke mans in erge sonde verval deurdat hulle toelaat dat die duiwel hulle mislei en verlei om die drang op ander plekke en gebiede te gaan bevredig. Paulus skryf hier in die brief aan die gemeente in Korinte die oplossing vir hierdie spesifieke probleem en stel dus God se vereiste vir die seksuele baie duidelik. “Maar vir die ongetroudes en die weduwees sê ek, dit is vir hulle goed as hulle bly soos ek; maar as hulle hulle nie kan beheers nie, laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand” (1 Kor. 7:8-9).

2.10.3 Eksegese van 1 Kor. 7:9

Tekstuele konteks van die perikoop

Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel

Paulus het verskeie briewe geskryf wat in die Nuwe Testament opgeneem is. 1 Korintiërs is een van hierdie briewe in die Nuwe Testament. Dit het nie goed gegaan met die gemeente in Korinte nie. Paulus het verskeie negatiewe berigte oor die gemeente gehoor toe hy in Efese was, en het later ook ’n brief ontvang

met verskeie vrae wat die gemeente gehad het. Die brief 1 Korintiërs is die antwoord wat Paulus geskryf het. In antwoord op hulle vrae het Paulus ook oor die sake geskryf waarvan hy te hore gekom het (Wolmarans, 1999:1493; Van der Waal, 2006/7:132). Paulus spreek 'n verskeidenheid van onderwerpe aan, en die struktuur van die eerste Korintiërsbrief word deur Wolmarans (1999:1492) as volg aangedui:


1:1-9	Briefaanhef en danksegging
1:18-4:21	Groepvorming om leiers en wysheid
5:1-6:19	Losbandigheid en hofsake
7:1-7:40	Askese en seks
8:1-11:1	Afgodsoffervleis en deelname aan kultiese feesmale
11:2-16	Wat van vroue se vryheid
11:17-34	'n Gevaarlike nagmaal
12:1-14:40	Die geestesgawes in die liggaam van Christus
15:1-58	Die vraag oor die opstanding
16:1-12	Kollekte en reisplanne
16:13-24	Die briefslot

1 Korintiërs 7:9 val dus in die derde tematiese deel wat handel oor askese en seks in die gemeente (Wolmarans, 1999:1492).

Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek

Barclay (2000:1108) bevestig dat die genre van 1 Korintiërs die van 'n brief is, en daarom vorm dit deel van die egte brief-genre (De Klerk & van Rensburg, 2005:20).

Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop



Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Volgens Wolmarans (1999:1492) en MacArthur (1997) het Paulus die evangelie van Jesus Christus tydens sy tweede sendingsreis na die stad van Korinte gebring. Hy het nie veel sukses in Atene gehad nie, en het dus na Korinte vertrek. Die stigting van hierdie gemeente word in Hand. 18:1-17 beskryf. Die gemeente in Korinte is waarskynlik rondom die jaar 50 n.C. deur Paulus self gestig, en het meestal uit nie-Jode bestaan wat hulle tot die Christendom bekeer het. Paulus het ongeveer vir 'n jaar en 'n half daar gewerk. Paulus het heelwat korrespondensie gevoer met die gemeente na sy vertrek. Daar word melding gemaak van 'n brief wat Paulus geskryf het wat ongelukkig verlore gegaan het. Verskeie geleerdes is egter van mening dat hierdie verlore brief wel ingewerk is in die twee briewe aan die Korintiërs wat in die Bybel opgeneem is. Die brief aan die Korintiërs is omstreeks 55 nC geskryf, tydens Paulus se derde sendingreis. Paulus het die brief waarskynlik kort voor sy vertrek uit Efese geskryf, nadat hy ongeveer drie jaar daar gewoon en gewerk het.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop

Die stad Korinte was die hoofstad van die Romeinse provinsie Agaje. Dit is ongeveer die huidige Griekeland. Griekeland word in twee dele verdeel deur 'n natuurlike geografie. Die suidelike skiereiland word met die noordelike vasteland verbind deur 'n smal landstrook wat ongeveer 6km breed is. Die stad Korinte was op die suidelike punt van hierdie 6km landstrook geleë. Om van die noordelike kant na die suidelike kant te beweeg, moes daar deur die stad Korinte beweeg word. Weens die feit dat die stad aan die weste en die oostekant aan die see gegrens het, het dit twee hawens gehad. Dit het teweeg gebring dat die handel baie voorspoedig was in die stad en dit was gevolglik 'n ryk en voorspoedige kosmopolitiese handelstad.

Hierdie kosmopolitiese aard van die stad word in die godsdienstige lewe van die mense weerspieël. Verskeie godsdienste het mekaar wedersyds beïnvloed, en hierdie verskynsel word sinkretisme genoem. Hierdie ongekende rykdom en weelde het tot die stad se legendariese morele verval gelei, te wyte aan die geografies-strategiese ligging van die stad.

Dit was na hierdie moeras van sedeloosheid en morele verval wat Paulus die evangelie van Jesus Christus gebring het. Dit was strategies 'n goeie plan, omdat die evangelie vanaf Korinte maklik deur die hele wêreld kon versprei. Paulus was die stigter van die gemeente in Korinte en hy het vir ongeveer 'n jaar en 'n half in die gemeente gewerk. Die gemeente het hoofsaaklik uit nie-Jode bestaan, en dit was maar hoofsaaklik die laer sosiale klasse wat teenwoordig was in die gemeente. Nadat Paulus na Efese toe vertrek het saam met Akwila en Priscilla, het Apollos – 'n welsprekende teoloog van Joodse afkoms – ook in Korinte gewerk. Onenigheid het in die gemeente ontstaan en die gemeente is verdeel in verskeie faksies. Paulus was van mening dat die Evangelie in gedrang

gekom het, daarom dan dat hy op grond van negatiewe berigte en die brief wat hy van die gemeente ontvang het, die brief aan die gemeente Korinte gerig het (vgl. Wolmarans, 1999:1493-1495).

Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het (Wolmarans, 1999:1505; Van Zyl, 1997; Alexander D & Alexander P, 1998)

In die gemeente van Korinte was seks 'n probleem, net soos vandag. Die geloofskeuses wat die gemeentelide van Korinte op grond van 1 Korintiërs 7:9 moes doen, was om te besef dat:

- Losbandigheid nie God se goedkeuring wegdra nie, en derhalwe erge sonde is.
- Geheelonthouding, soos Paulus self, 'n voorgestelde manier is waarop die gemeente op God en Sy werk moet fokus,
- Om te trou, is beter as om van begeerte te brand.

Volgens Paulus is die ongetroude staat die beste, aangesien die dinge van die huwelik jou aandag van God kan aftrek en jou laat vaskyk in die wêreld se probleme.

Woordstudie van belangrike begrippe

“Maar vir die ongetroudes en die weduwees sê ek, dit is vir hulle goed as hulle bly soos ek; maar as hulle hulle nie kan **beheers** nie, **laat hulle trou**; want dit is beter om **te trou** as om **van begeerte te brand**.”

Uit die gedagtestruktuur hierbo kan gesien word dat Paulus in die oorspronklike taal vier begrippe gebruik, naamlik “**beheers**” (ἐγκρατεύομαι), “**laat hulle trou**” (γαμέω), “**te trou**” (γαμέω) en “**van begeerte te brand**” (πυρώ). Hierdie vier begrippe gaan nou in meer besonderhede bestudeer word.

beheers (ἐγκρατεύομαι / egkrateuomai) – ontleding: verbum

Die word ἐγκρατεύομαι / egkrateuomai kom een keer in hierdie perikoop voor. In die konteks van 7:9 is dit duidelik dat hierdie begrip verwys na 'n sekere onthoudings- of beheer aksie waarvan Paulus praat. Volgens Vine (1996) en Thayer (2002:167) beteken ἐγκρατεύομαι / egkrateuomai om selfbeheersing toe te pas, om kuis te wees, om jouself te weerhou van seks, om jouself te weerhou van sekere kossoorte, bv. dieet. In die Nuwe Testament word ἐγκρατεύομαι / egkrateuomai slegs gebruik in twee plekke, in 1 Kor. 7:5 ten opsigte van die seksuele en in 1 Kor. 9:25 meer te make met die onthouding van verkeerde voedsel, sowel as seks voor die atletiekbyeenkoms (Thayer, 2002:167).

Louw en Nida (1996) plaas die begrip ἐγκρατεύομαι / egkrateuomai in die semantiese veld 88. Binne die semantiese veld 88 word die begrip 88.83 ingedeel in die subdomein K 88.83-88.92, naamlik selfbeheer, en onvermoë tot selfbeheersing. 88.83 ἐγκρατεύομαι beteken om absolute beheer uit te oefen oor jou eie begeertes en aksies, om jouself te beheer, en selfbeheersing. ἐγκρατεύομαι kom voor as inskrywing 88.83 in die subdomein van K ("selfbeheer, en onvermoë tot selfbeheersing.") van semantiese veld 88. Daar is tien inskrywings in die subdomein K, naamlik 88.3 - (om absolute beheer uit te oefen oor jou begeertes en aksies); 88.84 – (self beheer uit te oefen); 88.85 – (om te beheer); 88.86 – (om selfbeheers te wees); 88.87 – (een wat homself inhou); 88.88 – (selfbeheersing deur streng dissipline); 88.89 – (om die liggaam onder selfbeheersing te plaas); 88.90 – (baie ernstige selfbeheersing); 88.91 – (om te faal om selfbeheersing toe te pas); 88.92 – (gebrek aan selfbeheersing).

Gevolgtrekking:

As daar na die konteks van die begrip in 1 Kor. 7:9 gekyk word, is dit duidelik dat die begrip slegs kan val in die subdomein van 88.91. Die domein en subdomein van Louw en Nida (1996) toon duidelik dat die begrip ἐγκρατεύομαι / egkrateuomai in die konteks van 1 Kor. 7:9 slegs die betekenis van "faal om selfbeheersing toe te pas" kan aanneem. Dus, die

betekenis van die woord “beheers” in die konteks van 1 Kor.7:9 beteken dat dit beter is om te trou vir die mense van wie Paulus praat, as hulle faal om selfbeheersing toe te pas.

laat hulle trou (γαμέω / gameo) ontleding: verbum. Volgens Zodhiates (1992:556,860) word die woord grammaties as ‘aoristus imperatief aktief’ gebruik. Die woord γαμέω / gameo kom tweekeer in hierdie perikope voor. In die konteks van 7:9 verwys hierdie begrip na om in die huwelik te tree, om vrou te vat, om te trou. Volgens Vine (1996) en Thayer (2002:76) beteken γαμέω / gameo, om in die huwelik voort te gaan, om te trou, om in die huwelik bevestig te word, om een se dogter in die huwelik af te gee. In die Nuwe Testament word γαμέω / gameo in 29 ander plekke gebruik en in alle gevalle beteken dit dieselfde, om in die huwelik te tree, om te trou.

Die begrip of woord γαμέω / gameo word deur Louw en Nida (1996) in die semantiese veld 34.66 geplaas. Binne die semantiese veld van 34, word die begrip 34.66 ingedeel in die subdomein van (J 34.66-34.78), naamlik van Trou en Skei. 34.66 γαμέω / gameo beteken om in die huwelik te tree, om te trou, trou, en van toepassing op die man sowel as die vrou. Daar is dertien inskrywings in die subdomein J, naamlik 34.66 - (om in die huwelik te tree, om te trou, trou, en van toepassing op die man sowel as die vrou); 34.67 – (Die staat van getroud wees, getroud); 34.68 – (Die seremonie geassosieer met die troue, huwelikseremonie); 34.69 – (om te trou met 'n man); 34.70 – (om te trou met 'n vrou); 34.71 – (om te trou met die kinderlose weduwee van jou broer); 34.72 – (om 'n persoon oor te gee aan 'n huwelik); 34.73 – (om twee persone te bevestig in 'n huwelik); 34.74 – (belofte om met 'n persoon in die huwelik te tree, verlowing); 34.75 – (behoort wettiglik aan 'n man, getroud); 34.76 – (een wat nie getroud is nie, ongetroud); 34.77 – (Ongetroude persoon wat nog 'n maagd is); 34.78 – (skei, egskeiding).

Gevolgtrekking:

In die konteks van 1 Kor.7:9 pas die begrip γαμέω / gameo die beste in die domein van 34.66 - om in die huwelik te tree, om te trou, trou, en van toepassing op die man sowel as die vrou.

van begeerte te brand (πυρόω / puroo) - ontleding: verbum. Volgens Zodhiates (1992:556,869) word die woord grammaties as 'teenwoordige infinitief passief' gebruik. Die woord πυρόω / puroo kom eenkeer in hierdie perikoop voor. In die konteks van 7:9 dui hierdie begrip om te brand van begeerte, om 'n vurige drang na seks te hê. Volgens Vine (1996) en Thayer (2002:76) beteken πυρόω / puroo om te brand met vuur, om aan die brand te steek, aanhits, om smookwaad te wees, om verontwaardig te wees, te brand, vol van vuur, aan die brand, smelt deur vuur, en pyle wat gevul is met 'n brandstof en wat brand. In die Nuwe Testament word πυρόω / puroo 6 gebruik en slegs in 1 Kor.7:9, word die begrip figuurlik gebruik om te brand, en dit ten doel van die seksuele.

Louw en Nida (1996) plaas die begrip of woord πυρόω / puroo in die semantiese veld 79.72 geplaas. Binne die semantiese veld van 79, word die begrip 79.72 ingedeel in die subdomein van (N 79.70-77), naamlik van warm, lou-warm, koud. 79.72 πυρόω / puroo beteken om die oorsaak te wees van warmte, hitte, om vuurwarm te maak. Daar is agt inskrywings in die subdomein N, 79.70-79.77 en dit wissel van baie warm tot koud.

Gevolgtrekking:

In die konteks van 1 Kor.7:9 pas die begrip πυρόω / puroo die beste in die domein van 79.72 - om die oorsaak te wees van warmte, hitte, om vuurwarm te maak.

Skrif-met-Skrifvergelyking

In 1 Tim. 5:14 kom dieselfde basiese beginsel voor wat Paulus aan die gemeente van Korinte geskryf het. Dit is beter om te trou as om van begeerte te brand. Dit

is beter om te trou as om wellustig te wees. Dus word die vereiste vir seksuele omgang ook hier in 1 Tim. 5:14 gegee.

Godsopenbaring in die perikoop

God se geskenk aan die huwelik word hier in 1 Kor. 7:9 geopenbaar. God het nooit bedoel dat seks iets lelik of vuil moes wees nie, of iets wat van die mens weerhou moes word nie, maar dit is iets wonderliks, fantasties. Maar om seksueel te verkeer met jou maat, is die huwelik 'n vereiste.

2.10.4 Samevatting van eksegetiese perspektiewe op die vereistes van die seksuele

- Paulus skryf hier aan die weduwees en die ongetroudes, dat dit beter is om nie te trou nie.
- Maar as die begeerte na die seksuele hulle begin brand van binne, is dit beter om te trou.
- Paulus skryf nie hier dat hulle vrylik seksuele gemeenskap kan hê nie, nee, maar dat daar 'n vereiste is vir die gebruik van seksuele.
- Die huwelik word hier dus as die vereiste vir seksuele gemeenskap gestel.

2.11 Sintese van oorsprong, doel en vereistes van die seksuele

Die sintese van die resultate van die eksegetiese- en literatuurstudies word gedoen aan die hand van drie kernvrae: Wat is die oorsprong van die seksuele? Wat is die doel van die seksuele?, en wat is die vereiste van die seksuele? Die basisteoretiese bevindings vir hierdie studie “seksuele frustrasie in die huwelik” word vasgestel uit die sintese van hierdie studie:

2.11.1 Waar kom die seksuele vandaan?

- Jesus openbaar hier die ontstaan van die seksuele. Dit is nie deur mensehande gemaak nie, maar deur God.
- Die ontstaan van die seksuele was reg in die begin, toe God man en vrou geskape het, en dit voor die sondeval.

- Die woord “een” wat deur Jesus gebruik word, dui op seksuele omgang, veral as dit saam met die woord “vlees” gebruik word.
- God is dus die skepper van seks, Hy het seks gemaak, en dit reg in die begin.

2.11.2 Wat is die doel van die seksuele?

- Die seksuele gemeenskap is 'n uiting van liefde tussen man en vrou.
- Voortplanting is een van doele van die seksuele, sodat die menslike ras kan vermeerder.
- Die seksuele is ook gemaak om te geniet.

2.11.3 Wat is die vereiste van die seksuele?

- Die huwelik word as die vereiste vir seksuele gemeenskap gestel.

Die gevolgtrekking van hierdie sintese is dat God seksuele gemeenskap reg in die begin gemaak het. God se doel met die seksuele was eerstens dat dit 'n uiting van liefde tussen man en vrou moet wees, ten tweede dat dit geniet moet word, en ten derde dat dit moet dien as voortplantingsmetode sodat die menslike ras kan voortbestaan. Daar is egter 'n vereiste vir die gebruik van die seksuele, en dit is dat man en vrou getroud moet wees. Enige seksuele bedrywighede buite die konteks van die huwelik tussen man en vrou, is buite die wil van God, en word as sonde beskou.

2.12 Wat is frustrasie?

Volgens Labuschagne, Eksteen & Kritizinger (1999), is frustrasie: ‘*teleurstelling; nederlaag*’. Verskeie skrywers beskryf frustrasie as volg:

Volgens Collins (1988:124) is frustrasie:

“An obstacle (an event, person, or physical barrier) that hinders our progress toward some goal. Frustration may

come (a) because of what someone else has done or failed to do, (b) because of unwanted events or circumstances, or (c) because of our own failures or inability to reach some desired goal."

Collins (1988:124) sê voorts dat die graad van hoe gefrustreerd die persoon voel, afhang van die belangrik van die doel, die grootheid van die probleem, en ook die lengte van die gevoel van frustrasie wat die persoon beleef. Adams (1970:22) sê frustrasie is om nie te weet hoe om komplekse probleme te hanteer nie.

2.13 Basisteoretiese perspektiewe op frustrasie

– Eksegese van Rom. 7:24

2.13.1 Inleiding

2.13.2 Motivering van Rom. 7:24 as die fokusvers

Wiersbe (2007:428) maak die stelling dat Paulus in die perikoop van Rom. 7:15-25 praat oor die gelowige wat alles in sy vermoë doen om die Wet van God te gehoorsaam. Die gelowige sê homself 'n geweldige stryd aan deur te probeer om nie sonde te doen nie. Die opbouende frustrasie wat so persoon beleef, die stryd tussen die vleeslike en geestelike, kom as gevolg van die feit dat hoe harder hy probeer om die Wet te onderhou, hoe minder kry hy dit reg. Die innerlike frustrasie van die gelowige wat tot 'n uitroep kom, kan dus gesien word in die perikoop van Rom. 7:24.

2.13.3 Eksegese van Rom. 7:24

Tekstuele konteks van die perikoop

Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel

Die boek Romeine is 'n brief in die Nuwe Testament wat deur die apostel Paulus (voorheen Saul) aan die gemeente in Rome geskryf is. Van Zyl (1997) sê dat:

“In hierdie brief, waarskynlik die beroemdste wat ooit geskryf is, het tallose Christene deur die eeue die diepste geheim van die verlossingsboodskap leer verstaan: dat ’n sondaarmens nie deur eie inspanning gered kan word nie, maar slegs daardeur dat hy die blye waarheid van God se vrysprekende genade gelowig aanvaar. Groot geloofsmanne soos Augustinus, Luther, Wesley, Barth en ook ’n ontelbare skare gewone Christenmense het in die Romeinebrief nuwe hoop, bemoediging en lering gevind.”

Die oorhoofse tema volgens MacArthur (1997) is die geregtigheid, en dit kom van God: Die absolute waarheid is dat God oortreders van die Wet sal oordeel, sondaars sal veroordeel, en die wat berou het oor sonde deur genade alleen deur geloof in Christus, sal spaar.

Die sketsplan (Vosloo & van Rensburg, 1993) van die brief word as volg aangedui:


- a. Briefaanhef (1:1–7)
- b. Danksegging (1:8–12)
- c. Aanloop tot hoofbetog en tema (1:13–17)
- d. Almal is skuldig, maar wie glo, word vrygespreek (1:18–4:25)
- e. As vrygespreektes is gelowiges nuwe mense (5:1–8:39)
- f. Die posisie van die Joodse volk (9:1–11:36)
- g. Christenskap in praktyk (12:1–15:13)
- h. Mededelings (15:14–33)
- i. Briefslot (16:1–27)

Romeine 7:24 vorm deel van indeling E – “AS VRYGESPREEKTES IS GELOWIGES NUWE MENSE”, in die onderafdeling van – “Die verhouding tussen die wet en sonde”

Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek

Volgens Hill (2000:1084) is Romeine 'n brief en is dit daarom deel van die brief-genre, maar hy maak ook melding dat verskeie ander navorsers verskeie ander genres aan die boek Romeine toewys. Paulus het 'n sekere styl van gesprekskrywe gehandhaaf en dit staan bekend as “diatribe-styl.” Hierdie gesprek-styl, “diatribe”, is 'n soort leergesprek wat die doel voor oë het om die leerling of die opponent deur middel van vrae, teenvrae en logiese afleiding te oortuig (Vergeer, 1999:1449).

Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop



Openbaringshistoriese plasing van die perikoop

Paulus het die brief aan die Romeine waarskynlik met die jaarwisseling van 55-56 n.C. geskryf terwyl hy in Korinte oorwinter het (Vergeer, 1999:1451; Van Zyl, 1997). Met jare se sendingsreise was Paulus al ryp in ervaring en vanweë die relatiewe lang tyd van oorwintering, in vrede en met genoeg tyd tot sy beskikking, het hy die geleentheid gehad om die brief goed te deurdink en sistematies te beredeneer (Van Zyl, 1997).

Volgens van Zyl, (1997) is die presiese aanleiding vir hierdie skrywe, veral vir die breë uiteensetting oor die vryspraak deur die geloof, nie duidelik nie. Verskeie faktore kon bygedra het tot die skryf van die Romeinebrief, soos Paulus se hoop dat die gelowiges in Rome gewillig sou wees om as sy ondersteuningsbasis te

dien (15:24) wanneer hy in Spanje wil gaan werk, van die probleme tussen die “sterkes” en die “swakkes” onder die Romeinse Christene (14–15:13), en Paulus se voorneme om sy lesers van die suiwerheid en aanvaarbaarheid van sy verkondiging te oortuig sodat hulle hom as “vreemdeling” vrymoedig sou ontvang en veral in sy toekomstige arbeid sou ondersteun.

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop

Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop

Rome was die hoofstad en die belangrikste stad van die Romeinse Ryk. Rome is gestig in 753 B.C., maar word nêrens in die Skrif genoem tot en met die Nuwe Testament nie. In Paulus se dae het die stad 'n populasie van ongeveer 1 miljoen mense gehad, waarvan die meeste slawe was. Rome het pragtige landmerke gehad, soos die keiser se paleis, die Circus Maximus en die Forum. In teenstelling daarmee, het die meeste mense in haggelike omstandighede gewoon. Sommige van die mense wat bekeer is met Pinkster, het heelwaarskynlik die gemeente gestig in Rome (vgl. Hand 2:10). Paulus se hoofrede vir sy skrywe was om die groot waarheid van die Evangelie van genade te leer aan gelowiges wat nog nooit Apostoliese lering ontvang het nie. Volgens Romeine 1:5,15 was die eerste lesers gelowiges wat hulle in Rome bevind het. Die gemeentelide van die gemeente in Rome het hoofsaaklik uit bekeerlinge vanuit die nie-Joodse volke bestaan, maar daar was waarskynlik ook heelwat Joodse Christene in die gemeente (MacArthur, 1997; van Zyl, 1997; Hill, 2000:1084; Vergeer, 1999:1452).

Die geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het

Die eerste lesers/hoorders moes oortuig word dat die Christelike geloof, soos Paulus dit geken het, die enigste ware geloof is. Die geloofskeuses was nie net vir hulle huidige omstandige bedoel nie, maar dit was ook 'n voorbereiding vir die erge vervolging deur Nero wat later gekom het, sodat hulle staande kon bly en

die krag van hulle geloof en die wonder van hulle vryspraak sou beleef (Vergeer, 1999:1451).

Woordstudie van belangrike begrippe

Rom. 7:24 “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?”

In hierdie betrokke perikoop is daar een begrip wat uitstaan. Dit is: “Ek, **ellendige** mens!”

In die oorspronklike taal gebruik Paulus die begrip *ellendige* (ταλαίπωρος / talaipōros). Hierdie begrip gaan nou in meer besonderhede bestudeer word.

ellendige (ταλαίπωρος / talaipōros) – ontleding: adjektief. Volgens Zodhates (1992:516,860) word die woord grammaties as ‘adjektief geledeloos’ gebruik. Die word ταλαίπωρος / talaipōros kom een keer in hierdie perikoop voor. Deurdat Paulus gebruik maak van hierdie begrip en in die konteks van 7:24, onthul dit die innerlike frustrasie wat Paulus beleef wanneer hy dink aan die stryd wat in sy binnekant woed. Volgens Vine (1996) en Thayer (2002:614) beteken ταλαίπωρος / talaipōros ellende, nood, gevaar, in die strik van moeilikheid. In die Nuwe Testament word ταλαίπωρος / talaipōros slegs gebruik in twee plekke, in Rom. 7:24 ten opsigte van die innerlike frustrasie en in Openbaring 3:17 het dit meer te make met die ellendigheid van die sondaar (Thayer, 2002:614). Louw en Nida (1996) plaas die begrip ταλαίπωρος / talaipōros in die semantiese veld 22. Binne die semantiese veld van 22, word die begrip 22.12 ingedeel in die subdomein van (A 22.1-22.14), naamlik van moeilikheid, teenspoed, ongerief, ellende en nood. 22.12 ταλαίπωρος het betrekking op ’n ellendige toestand,

ongerief, teenspoed, nood waarin 'n persoon homself bevind, hetsy dit letterlik of figuurlik is.

Gevolgtrekking:

Die konteks van Rom. 7:15-25 dui daarop dat daar 'n sekere opbou van frustrasie is wat in vers 24 tot uiting kom. Volgens Louw en Nida (1996) beteken die begrip *ταλαίπωρος* / *talaipōros* nie frustrasie nie, maar in die konteks van Rom. 7:24 kom die uitroep en betekenis van homself as 'n ellendige mens in die vorm van die frustrasie wat Paulus beleef het, baie sterk na vore (MacArthur, 1994). Hierdie perikoop verwoord ook baie gelowiges deur die eeue se frustrasie oor hulle sonde (Vergeer, 1999:1472).

Skrif-met-Skrifvergelyking

Die woord frustrasie kom glad nie in die Afrikaanse vertaling van die Bybel voor nie. In die King James weergawe, kom die woord "frustrate" twee keer voor en dit wel in Esra 4:5 en in Gal. 2:21. Die betekenis van hierdie begrip in Esra 4:5 dui op frustrasie wat veroorsaak word vir iemand deur die toedoen van 'n ander party. In albei gevalle kom die begrip van frustrasie ooreen met die perikoop van Rom. 7:24, naamlik dat die een of ander party frustrasie beleef.

Godsopenbaring in die perikoop

Ten spyte van die innerlike frustrasie wat Paulus beleef het, het God die uitkoms daarvoor gegee, en dit word verwoord in Rom. 7:25. Die oplossing lê in Jesus Christus!

2.13.4 Samevatting van eksegetiese perspektiewe op Rom. 7:24

- Geen mens op aarde is gevrywaar van frustrasie nie.
- Frustrasie is 'n werklikheid.
- Daar is ook 'n oplossing vir frustrasie, en dit is in Jesus Christus.

2.14 Die kind van God en frustrasie

Die eksegesi van Rom. 7:24 bewys dat frustrasie deel is van die kinders van God. Omdat die mens in 'n wêreld van sonde lewe en 'n sondige natuur het, sal die mens gedurig deur die vleeslike versoek word. Die vlees begeer teen die Gees en die Gees teenoor die vlees (Gal. 5:17). Die doel wat die vlees wil bereik, word nie bereik nie en ook andersom, die doel wat die Gees wil bereik, word nie bereik nie, en daarom dan die frustrasie wat kan volg. Maar God bied duidelik vir Sy kinders in hierdie dilemma 'n uitkoms. Nie soseer 'n uitkoms weg van die frustrasie nie, maar dat God sê dat die gelowige nie bo sy/haar kragte versoek sal word nie, en saam met die versoeking sal Hy 'n uitkoms gee, sodat die gelowige dit kan verdra (1 Kor. 10:13). Jakobus (Jak. 1:2-4) sê verder dat die gelowige dit loutere vreugde moet ag wanneer hy in allerhande versoekinge val, omdat die beproewing van sy geloof lydsaamheid bewerk en dat die lydsaamheid tot volle verwerkliking moet kom, sodat hy volmaak kan wees en niks kortkom nie. Die Skrif leer ons dus dat die kind van God nie gevrywaar is van frustrasie nie, maar dat God hom daardeur sal help en versterk.

2.15 Die definisie van seksuele frustrasie

Uit die eksegesi van Rom. 7:24 en Collins en Adams se uitsprake oor frustrasie, kan die navorser 'n definisie van seksuele frustrasie aan die dag lê:

Seksuele frustrasie is daardie intense emosie van magteloosheid, afsydigheid en selfs woede wat 'n huweliksmaat beleef wanneer daar nie aan sy/haar seksuele behoeftes voldoen word nie.

2.16 Agtergrond met betrekking tot seksuele frustrasie in die huwelik

Sien punt 2.1 in hoofstuk 1

2.17 Basisteoretiese perspektiewe op moontlike frustrasie van die seksuele. Eksegesi van 1 Kor. 7:5

2.17.1 Inleiding

“The reason for coming back together is explicit: **lest Satan tempt you because of your lack of self-control**. When the time of concentrated prayer is over, normal desires and temptations will return, often with greater intensity. Satan knows that Christians can be especially vulnerable after a mountaintop experience. Our defenses are apt to be down and our pride may be up. Or, because of the experience, we may simply not have the desire for sex for a while afterward. Our spouse, on the other hand, especially if he or she has not shared in the prayer, may have developed a particularly strong desire during the separation. As a guard against falling into temptation ourselves, or of causing our marriage partner to fall into temptation, sexual relations are to resume immediately.” (MacArthur, 1984).

Na aanleiding van die definisie van seksuele frustrasie, kan die navorser die volgende afleiding maak: Seksuele frustrasie was deel van die gemeente in Korinte, want Paulus skryf aan hulle in 1 Kor. 7:5a “ontrek julle nie aan mekaar nie.” Volgens MacArthur (1997) is hierdie ’n aanduiding dat die mense in die gemeente hulle wel van mekaar onttrek het, en as gevolg daarvan kon dit erge sonde voortbring deurdat die gebrek aan selfbeheersing veroorsaak dat seksuele bevrediging op ander plekke gesoek word.

Volgens Dobson (2001:326) kan die gebrek aan selfbeheersing direk gekoppel word aan seksuele frustrasie, aangesien daar nie aan die onmiddellike seksuele behoeftes binne die huwelik voldoen word nie. Die aksies, reaksies, frustrasie en aard van ’n man word binne die huwelik deur die liefde van sy vrou in toom gehou. Wanneer hierdie seksdrang van ’n man nie bevredig word nie, kan sulke

mans in erge sonde verval deurdat hulle toelaat dat die duiwel hulle mislei en verlei om die drang op ander plekke en gebiede te gaan bevredig.

2.17.2 Motivering van 1 Kor. 7:5 as die fokusvers

Sumrall (1995:61) sê dat die huwelik nie veronderstel is om seksloos te wees nie, “want dit is nie wat God in sy Woord vir ons sê nie.” Elwell (1996) skryf dat seksuele gemeenskap nie in ’n huwelik van mekaar weerhou moet word nie, behalwe wanneer beide partye ooreengekom het dat daar tyd aan vas en gebed gewy moet word, omdat die vrou se liggaam nie aan haarself behoort nie maar aan haar man, en die man se liggaam nie aan homself behoort nie maar aan die vrou (1 Kor. 7:4). Paulus skryf hier in die brief aan die gemeente in Korinte die oplossing vir hierdie spesifieke probleem. 1 Kor. 7:5 “Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir ’n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie.”

2.17.3 Eksegese van 1 Kor. 7:5


Tekstuele konteks van die perikoop (sien eksegese van 1 Kor.7:9)

Plek van die perikoop binne die boek en binne die Bybel (sien eksegese van 1 Kor.7:9)

1 Korintiërs 7:5 val dus in die derde tematiese deel wat handel oor askese en seks in die gemeente (Wolmarans, 1999:1492)

Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek. (sien eksegese van 1 Kor.7:9)

Ontleding van die gedagteopbou van die perikoop



Openbaringshistoriese plasing van die perikoop (sien eksegeses van 1 Kor. 7:9)

Die sosiohistoriese konteks van die perikoop. (sien eksegeses van 1 Kor. 7:9)

Die sosiale, politieke en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers/hoorders en hulle reaksie daarop (sien eksegeses van 1 Kor. 7:9)

Woordstudie van belangrike begrippe

“Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met **wedersydse ooreenstemming** vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en **kom weer bymekaar,** sodat die Satan julle nie **in versoeking bring** deur julle **gebrek aan selfbeheersing nie.**”

Hierdie betrokke perikoop bestaan uit vyf belangrike begrippe / perikope, wat uitstaan. Die eerste is “**Onttrek julle nie aan mekaar nie**”, die tweede is “**wedersydse ooreenstemming**” en die derde “**kom weer bymekaar**” en die vierde “**in versoeking bring**” en die vyfde een is “**gebrek aan selfbeheersing nie.**”

Uit die gedagtestruktuur hierbo kan gesien word dat Paulus in die oorspronklike taal vyf begrippe gebruik, naamlik “**Onttrek julle nie aan mekaar nie**” (ἀποστερέω / apostereō), “**wedersydse ooreenstemming**” (σύμφωνος / sumphōnos), “**kom weer bymekaar**” (συνέρχομαι / sunerchomai), “**in versoeking bring**” (πειράζω / peirazō), **gebrek aan selfbeheersing nie** en (ἀκρασία / akrasia). Hierdie vyf begrippe gaan nou in meer besonderhede bestudeer word.

Onttrek julle nie aan mekaar nie (ἀποστερέω / apostereō) – ontleding: verbum

Die woord (ἀποστερέω / apostereō) kom een keer in hierdie perikoop voor. In die konteks van 7:5 verwys hierdie begrip na onthouding of berowing van iets van iemand. Volgens Vine (1996) en Thayer (2002:167) beteken (ἀποστερέω / apostereō) roof, beroof, kul, bedrieg. In die Nuwe Testament word (ἀποστερέω / apostereō) gebruik in drie plekke, naamlik in Mark. 10:19; 1 Kor. 6:8 en 7:5 om aanduiding te gee van ’n kondisie wat in die huwelik bestaan wat veronderstel is om nie so te wees nie (Vine, 1996).

Louw en Nida (1996) plaas die begrip (ἀποστερέω / apostereō) in die semantiese veld 57. Binne die semantiese veld van 57, word die begrip 57.248 ingedeel in die subdomein van (U 57.232-57.248), naamlik van steel en roof. 57.248 ἀποστερέω beteken om iets van iemand te roof, te vat deur middel van verleiding of verkulling.

Gevolgtrekking:

Die domein en subdomein van Louw en Nida (1996) toon duidelik dat die begrip ἀποστερέω in die konteks van 1 Kor. 7:5, slegs die betekenis van “berooft” kan aanneem. Dus is die betekenis van die woord “ontrek” in die konteks van 1 Kor.7:5 dat die mense van wie Paulus praat, nie hulle huweliksmaats moet beroof van die seksuele gemeenskap nie.

wedersydse ooreenstemming (σύμφωνος / sumphōnos) ontleding: adjektief.

Volgens Zodhiates (1992:555,860) word die woord grammaties as ‘geleedloos adjektief substantief’ gebruik. Die woord (σύμφωνος / sumphōnos) kom eenkeer in hierdie perikoop voor. In die konteks van 7:5 verwys hierdie begrip na ’n wedersydse ooreenstemming tussen die twee huweliksmaats. Volgens Vine (1996) en Thayer (2002:598) beteken (σύμφωνος / sumphōnos), eendragtiglik, eendragtig, eensgesinde ooreenkoms tussen huweliksmaats. In die Nuwe Testament word (σύμφωνος / sumphōnos) slegs in 1 Kor. 7:5 gebruik.

Louw en Nida (1996) plaas die begrip of woord (σύμφωνος / sumphōnos) in die semanties velde 31.14-25 en 33.279. Hierdie begrip word ingedeel in die subdomein van (C 31.14-25), naamlik van ooreenstem en inwillig. Daar is twaalf inskrywings in die subdomein C, naamlik 31.14 - (ooreenstemming gebaseer op kennis); 31.15 – (om tot ’n gesamentlike ooreenkoms te kom); 31.16 – (om saam te stem met ’n sekere proposisie); 31.17 – (om saam met iemand te stem dat iets aanvaarbaar of goed is); 31.18 – (om ’n gesamentlike ooreenkoms uit te werk); 31.19 – (figuurlik gesproke, om tot die punt te kom om dieselfde opinie as iemand anders te hê); 31.20 – (om saam met iemand te stem); 31.21 – (om wedersydse ooreenkoms te bewerk tussen twee of meer persone); 31.22– (iemand wat ’n ander party help om tot ’n ooreenkoms te kom met die implikasie dat dit gewaarborg word); 31.23 – (betrekking het op ’n ooreenkoms); 31.24 – (betrekking het op ’n geen-ooreenkoms); 31.25 – (weier om ooreenkoms te

bereik). In 33.279 beteken dit om 'n aanduiding te gee dat 'n persoon saamstem, soos deur met die kop te knik.

Gevolgtrekking:

In die konteks van 1 Kor.7:5 pas die begrip (σύμφωνος / sumphōnos) die beste in die domein 31.15 – (om tot 'n gesamentlike ooreenkoms te kom).

kom weer bymekaar (συνέρχομαι / sunerchomai) - ontleding: verbum.

Volgens Zodhiates (1992:556,869) word die woord grammaties as 'teenwoordige infinitief passief' gebruik. Die woord (συνέρχομαι / sunerchomai) kom een keer in hierdie perikoop voor. In die konteks van 7:5 dui dit hier op die begrip om weer bymekaar uit te kom, met 'n seksuele konnotasie. Volgens Vine (1996) en Thayer (2002:76) beteken (συνέρχομαι / sunerchomai), om bymekaar te kom, om te versamel, om saam te woon (buite-egtelik) en huwelikspelig, huweliksdaad. In die Nuwe Testament word πύρω / puroo 48 gebruik en slegs in Rom. 7:5, word die begrip gebruik om seksuele gemeenskap aan te dui.

Louw en Nida (1996) plaas die begrip of woord (συνέρχομαι / sunerchomai) in die semanties velde van 15.123, 15.148 en 23.61. Binne die semantiese veld van 15, word die begrip 15.123 ingedeel in die subdomein van (M 15.123-134), naamlik van bymekaar maak en die rede vir bymekaarkoms. 15.123 (συνέρχομαι / sunerchomai) beteken om bymekaar te kom, te vergader, om bymekaar te maak. Volgens Louw en Nida (1996) kan die presiese mening van die woord in 15.123 nie volgens huidige Nuwe Testamentiese konteks bepaal word nie. Binne die semantiese veld van 15, word die begrip 15.148 ingedeel in die subdomein van (S 15.148-155), naamlik van kom / gaan met en reis saam. 15.148 (συνέρχομαι / sunerchomai) beteken om te kom / gaan saam met 'n persoon. Binne die semantiese veld van 23, word die begrip 23.61 ingedeel in die subdomein van (D 23.61-65), naamlik van seksuele verhoudings. 23.61

(συνέρχομαι / sunerchomai) beteken om seksuele gemeenskap met mekaar te hê, en dit is ook 'n figuurlike uitbreiding van die woord "te ken / beken."

Gevolgtrekking:

In die konteks van 1 Kor.7:5 pas die begrip (συνέρχομαι / sunerchomai) die beste in die domein van 23.61 - om seksuele gemeenskap met mekaar te hê.

in versoeking bring" (πειράζω / peirazō)- ontleding:

Die woord (πειράζω / peirazō) kom een keer in hierdie perikoop voor. In die konteks van 7:5 verwys hierdie begrip na om iemand in die versoeking te bring. Volgens Vine (1996) en Thayer (2002:498) beteken (πειράζω / peirazō) in versoeking bring, verlei, uitlok, versoek, verlok; beproef; trotseer. In die Nuwe Testament word (πειράζω / peirazō) gebruik in veelvuldige plekke. In Kor. 7:5 word dit gebruik om aan te dui dat Satan die mens kan versoek, mislei, verlok om weens 'n gebrek aan selfbeheersing seks op 'n ander plek te gaan soek.

Louw en Nida (1996) plaas die begrip (πειράζω / peirazō) in die semantiese velde 27.31 en 46, 88.308, 68.58 en 12.36. Binne die semantiese veld van 27, word die begrip 27.31 ingedeel in die subdomein van (C 27.30-33), naamlik van 'om iets te leer teen iemand se wil'. 27.31 (πειράζω / peirazō) beteken om informasie teen iemand te verkry om dit teen hom te gebruik deur te veroorsaak dat so iemand 'n fout maak. Binne die semantiese veld van 27, word die begrip 27.46 ingedeel in die subdomein van (D 27.34-47), naamlik van 'probeer om te leer'. 27.46 (πειράζω / peirazō) beteken om die natuur of karakter van iemand te leer deur hom deur 'n streng toets te sit. Binne die semantiese veld van 88, word die begrip 88.308 ingedeel in die subdomein van (L 88.289-318), naamlik van 'sonde, verkeerde dinge doen en skuld'. 88.308 (πειράζω / peirazō) beteken om te probeer of die oorsaak te wees dat iemand sonde doen. Binne die semantiese

veld van 68, word die begrip 68.58 ingedeel in die subdomein van (E 68.58-62), naamlik van 'aanslag, probeerslag'. 65.58 (πειράζω / peirazō) beteken om letterlik te probeer, maar sonder sukses. Binne die semantiese veld van 12, word die begrip 12.36 ingedeel in die subdomein van (A 12.1-42), naamlik van 'bonatuurlike wesens'. 12.36 (πειράζω / peirazō) beteken die naam van satan, naamlik die "versoeker." Die een wat mense versoek om sonde te doen.

Gevolgtrekking:

Die domein en subdomein van Louw en Nida (1996) toon dat die begrip (πειράζω / peirazō) in die konteks van 1 Kor. 7:5 slegs die betekenis kan hê van 88.308, en dit is om te probeer, of die oorsaak wees dat iemand sonde doen.

gebrek aan selfbeheersing nie en (ἀκρασία / akrasia) – ontleding:

Die woord (ἀκρασία / akrasia) kom een keer in hierdie perikoop voor. In die konteks van 7:5 verwys hierdie begrip na die gebrek aan selfbeheersing. Volgens Vine (1996) en Thayer (2002:23) beteken (ἀκρασία / akrasia) onmatigheid, ontugtigheid, onvermoë om in te hou, onbesadigheid. In die Nuwe Testament word (ἀκρασία / akrasia) gebruik in twee plekke, in Mat. 23:25 en 1 Kor. 7:5. Slegs in 1 Kor.7:5 word die woord gebruik om aanduiding te gee oor 'n onvermoë om in te hou.

Louw en Nida (1996) plaas die begrip (ἀκρασία / akrasia) in die semantiese veld 88. Binne die semantiese veld van 88 word die begrip 88.91 ingedeel in die subdomein van (K 88.83-92) naamlik van 'selfbeheer en gebrek aan selfbeheer'. 88.91 (ἀκρασία / akrasia) beteken om te faal om selfbeheersing toe te pas.

Gevolgtrekking:

Daar kan dus waargeneem word uit die domein en subdomein van Louw en Nida (1996) is dat die begrip (ἀκρασία) / akrasia in die konteks van 1 Kor. 7:5, slegs die betekenis van “faal om selfbeheersing toe te pas” kan aanneem. Dus, die betekenis van die woord “gebrek aan selfbeheersing” in die konteks van 1 Kor.7:5, beteken dat die mense van wie Paulus praat, heelwaarskynlik nie hulleself kan beheer ten opsigte van seksuele gemeenskap nie, tensy dit gereeld beoefen word nie.

Skrif-met-Skrifvergelyking

Volgens Vosloo & van Rensburg, (1993) verwys die volgende teksverse na 1 Kor.7:5 - Eks 19:15, Matt 4:10, 1 Tess 3:5. In al drie hierdie verse is daar egter geen direkte Skrif met Skrifvergelyking rondom die seksuele konnotasie nie.

Godsopenbaring in die perikoop

Wanneer die getroude paartjie seksueel met mekaar verkeer, is dit 'n Goddelike openbaring van God se liefde. Daarom dan dat dit God se wil is dat die huweliksmaats dit gereeld moet doen, sodat Satan nie in hierdie liefdesband inbreuk maak nie.

2.17.4 Samevatting van eksegetiese perspektiewe op 1 Kor. 7:5

- Huweliksmaats moet nie mekaar beroof van die seksuele gemeenskap nie. Hulle kan wel vir 'n tydperk sonder die seksuele verkeer gaan maar,
- Dit moet met 'n gesamentlike ooreenkoms daarvoor besluit word en na hierdie tydperk moet hulle weer,
- seksuele gemeenskap met mekaar te hê. Anders kan die Satan hulle verlei of die oorsaak wees dat hulle sonde doen deurdat,
- hulle waarskynlik nie hulle self kan beheer ten opsigte van die seksuele gemeenskap nie, tensy dit gereeld beoefen word nie.

- Die gebrek aan selfbeheersing kan die moontlikheid van seksuele frustrasie insluit, omrede die onvermoë om aan die hoë seksuele drange wat die mens beleef, uiting te gee.

2.18 Seksuele frustrasie buite die konteks van die huwelik

Paulus skryf in 1 Kor. 7:1-6 definitiewe riglyne neer rondom die gebruik van seks. Eerstens waarsku hy die man om nie die vrou aan te raak nie (1 Kor. 7:1). Paulus het geweet dat hoerery 'n probleem is vir sommige mense wat ongetroud is, en daarom dan dat hy sê dat elke man sy eie vrou en elke vrou haar eie man moet hê (1 Kor. 7:2). Hoerery was nie net 'n probleem toe Paulus geleef het nie, maar is 'n probleem wat met die vroegste tye van die Bybel al sy kop uitgesteek het. Paulus was bewus van hierdie probleem, daarom sê hy dat die man en die vrou in die konteks van die huwelik gedurig moet seksueel verkeer om aan hierdie seksuele drang uiting te gee, sodat die seksdrang gereeld bevredig word (sien eksegeese van 1 Kor. 7:5).

Seksuele frustrasie buite die konteks van die huwelik is dus 'n realiteit. Om van hierdie frustrasie ontslae te raak is dit dus raadsaam om in die huwelik te tree. Dit is die Bybelse manier om van die branding van begeerte ontslae te raak. "Maar as hulle hulle nie kan beheers nie, laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand." (sien eksegeese van 1 Kor. 7:9).

"This is God's remedy for lust. The fire may be quenched by the means he has appointed. And marriage, with all its inconveniences, is much better than to burn with impure and lustful desires. Marriage is honourable in all; but it is a duty in those who cannot contain nor conquer those inclinations" (Henry, 2008).

Volgens Collins (1988:124) se definisie van frustrasie: "because of our own failures or inability to reach some desired goal.", kan mens aflei dat die

ongetroude persoon se onvermoë om sy doel te bereik, naamlik om sy seksdrang te versadig, wel kan lei tot seksuele frustrasie.

2.19 Seksuele frustrasie binne die konteks van die huwelik

Alhoewel die huwelik die oplossing is vir seksuele frustrasies of om van 'begeerte te brand' vir die ongetroude persone, is die huwelik nie gevrywaar van seksuele frustrasies nie. Inteendeel is dit waaroor hierdie studie gaan. Harley (2000:8) is van mening dat egpare nie met opset mekaar se behoeftes verwaarloos nie, maar hulle reaksies op onvervulde behoeftes lei daartoe dat hulle mekaar doelbewus seermaak. Hierdie onvervulde behoeftes kan ook onrealistiese verwagtinge rondom seks wees, en dit word gekoppel aan die gebrek aan kennis van wat my maat se behoeftes is. "Without a doubt, the most frustrating situations have been when we misread each other's expectations" (Arp, 1998:65). As ons na Paulus se riglyne kyk in hierdie verband (sien eksegese van 1 Kor. 7:2-5), is dit duidelik dat in die huwelik die man eerste aan sy vrou se behoeftes moet aandag gee en net so ook moet die vrou eerstens aan haar man se behoeftes aandag gee. Wanneer hierdie Bybelse riglyn stiptelik nagevolg word, deur die man sowel as die vrou, sal hulle behoeftes outomaties vervul word, sodat onrealistiese verwagtinge uit die huwelik verban word. Hierdie riglyne werk nie net na die eenkant toe nie, maar moet kom van beide kante.

"Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê. Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man. Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan

selfbeheersing nie" (1 Kor. 7:2-5).

In 'n brief gerig aan Janson (1985:108), vra 'n vrou raad oor haar man se gedurige masturbasie. Janson gee die raad dat hierdie man ware liefde soek (en ontlading vir sy spanning en frustrasies) in homself. Die tragedie hiervan is dat dit geen oplossing vir hom bied nie, en dit veroorsaak meer verworpenheid en aggressie by hom. In 'n ander brief gerig aan Janson (1985:99) skryf die betrokke getroude vrou dat wanneer 'n sekere mansvriend kom kuier, sy letterlik van binne aan die brand slaan. Sy het 'n baie sterk 'ander soort' liefdesgevoel vir hom begin ontwikkel. Janson (1985:99) se antwoord: "Mevrou, u moet net besef dat dié sterk gevoel in u net 'n liggaamlike (seksuele) drang is waarmee u vir u niks goeds nie maar net pyn en smart op die hals sal haal." Paulus sê in (1 Kor. 7:5) "Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie." In albei gevalle kan die afleiding gemaak word dat 'n gebrek aan selfbeheersing, op sy beurt weer moontlik as gevolg van 'n gebrek aan seksuele omgang met jou getroude maat, seksuele frustrasie ter sprake bring. Alhoewel verskeie ander omstandighede spanning, frustrasies en ander liefdesgevoelens kan veroorsaak, kan die navorser nie anders as om 'n definitiewe afleiding te maak dat in hierdie betrokke huwelike seksuele frustrasie 'n probleem is nie.

2.20 Samevatting van hoofstuk 2

Uit die voorafgaande hoofstuk kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Dit blyk uit studies dat die liggaamlike en seksuele sy van die huwelikslawe deurgaans die meeste probleme oplewer. Die mening is egter dat egpare nie met opset mekaar se behoeftes verwaarloos nie, maar dit is 'n reaksie op onvervulde behoeftes. Dit veroorsaak pyn en kan lei tot egskeiding.
- Die Woord van God dien as basis vir seks omdat God die vervaardiger is

van seks en Hy ook die Handleiding daarvoor gegee het. Dit dien as 'n riglyn oor hoe die mens seks moet gebruik, asook om dit te geniet, en dit binne die konteks van die huwelik. Afwyking van hierdie voorskrifte kan lei tot nadelige gevolge.

- God het ook 'n drie-ledige doel met seks, naamlik seks as 'n voortplantings meganisme, seks as liefde en seks as plesier.
- God se definitiewe voorskrif vir die gebruik van seks is uitsluitlik net binne die huwelik.
- Onrealistiese verwagtinge van seks van albei partye kan lei tot groot konflik en baie hartseer en pyn. In die huwelik is daar nie plek vir onrealistiese verwagtings nie, omdat ek my maat gekies het om te gee vir ewig, en nie net om te ontvang nie.
- Volgens die definisie van frustrasie ontstaan dit wanneer iemand 'n doel ingedagte het wat hy/sy wil bereik wat hy/sy om een of ander rede nie kan bereik nie, hetsy deur sy eie swakheid of as gevolg van iemand anders se doen en late.
- Die kind van God is nie gevrywaar van frustrasie nie. Omdat hy in 'n wêreld van sonde lewe, en omdat hy 'n sondige natuur het, sal hy gedurig deur die vleeslike versoek word. Die vlees begeer teen die Gees en die Gees teenoor die vlees. Die doel wat die vlees wil bereik, word nie bereik nie en ook andersom, die doel wat die Gees wil bereik, word nie bereik nie, en daarom kan frustrasie volg. Die Skrif is egter duidelik dat God hierdie frustrasies gebruik om Sy kinders geestelik te versterk.
- As kind van God is die mens nie gevrywaar van seksuele frustrasies binne die konteks van die huwelik nie. Wanneer die kind van God streng volgens die Skriftuurlike voorskrifte vir die gebruik van seks gaan, sal daar basies geen rede wees om seksueel gefrustreerd te wees in die huwelik nie. Dit is by afwyking hiervan dat die saad van seksuele frustrasie geplant word, en verdere onkunde wat dit laat groei tot vernietigende gevolge.

- Die frustrasie of branding wat die kind van God beleef buite die konteks van die huwelik word deur Paulus aangespreek, en die oplossing word gegee. Tree in die huwelik as jy jou nie kan beheers nie. Weens 'n gebrek aan selfbeheersing, word van God se voorskrifte afgewyk en word seks dan misbruik. Uit en uit is dit beter om te trou as om van begeerte te brand.

Dat daar wel iets soos seksuele frustrasie in die huwelik is, is baie duidelik te sien in die konteks van die navorsing. Die gereeldheid waarmee frustrasie voorkom in die huwelik sal op 'n gemiddeld bereken word deur empiriese studie. Weens die sensitiwiteit van die betrokke onderwerp, word hierdie onderwerp gewoonlik vermy en as nie-bestaande afgemaak, en dan word daar spoedig na minder belangrike probleme oorgegaan. Mense wil nie met hulle seksuele probleme na beraders toe gaan of daaroor praat nie, want dit is vir hulle 'n erge verleentheid. Daar word beweer dat sekere beraders nie opgewasse voel om hierdie onderwerp te hanteer nie en dit kan hulle verleë en angstig laat voel. Afgesien van die feit dat die Bybel openlik oor seks praat, voel sommige beraders dat seksuele berading nie geestelik van toepassing is nie, en dat dit die kliënt se privaatheid verbreek, of dat dit die berader se eie seksuele begeertes op 'n ongesonde manier kan stimuleer. Die samelewing ontbreek aan goeie Christelike boeke wat hierdie aspek ronduit aanspreek en werkende oplossings daar stel.

HOOFSTUK 3

SEKULÊRE BESKOUINGS / TEORIE VAN SEKSUELE FRUSTRASIE IN DIE HUWELIK

3.1 Inleiding

Die fokus van die studie in hierdie hoofstuk is om vas te stel hoe seksuele frustrasie in die huwelik deur die moderne Psigologie en terapeutiese benaderings gehanteer word. Die doelstelling van hierdie hoofstuk sal primêr wees om te fokus op seksuele frustrasie in die algemeen, die oorsprong daarvan en die moontlike uitlope (resultate), en om dit te identifiseer en te evalueer uit die oogpunt van die moderne Psigologie en terapeutiese benaderings.

3.2 Wat is 'n Metateoretiese model?

3.2.1 Die teorie van 'n metateorie

Volgens Venter, C.A. (1993:247) is metateorie 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke deel met ander vakke wat aspekte van dieselfde aard bestudeer. Die gevolgtrekking is dat kennis van ander wetenskappe gebruik kan word om 'n meer geskikte beeld van die werklikheid te kan verkry (Heyns en Pieterse, 1990:37). Met 'n metateorie word dus bedoel die ontginning van bepaalde insigte vanuit grens- en hulpwetenskappe. Ten einde seksuele frustrasie in die huwelik te verstaan en suksesvol te beraad, is dit nodig om op metateoretiese vlak vertrekpunte te formuleer wat verhelderend vir die studie kan wees.

3.3 Doelstelling

Hierdie hoofstuk sal primêr fokus daarop om *seksuele frustrasie (en meer spesifiek) in die huwelik te identifiseer en te evalueer uit die oogpunt van die*

moderne Psigologie en terapeutiese benaderings.

Die volgende punte sal in hoofstuk 3 behandel word deur te verwys na die voorkoms daarvan in sekulêre bronne:

- Seksuele gesondheid
- Die oorsprong van die seksuele
- Die doel van die seksuele
- Die moontlike oorsprong van die seksuele frustrasie
- Die gevolge van seksuele frustrasie – Hoe dit die mens raak: fisies, emosioneel, geestelik en in sy verhoudingslewe
- Metateoretiese beskouings vir seksuele frustrasie toegepas op die konteks “buite en binne” die huwelik

3.4 Metode

Soos reeds in hoofstuk 1 vermeld is, maak die studie gebruik van die Metateoretiese model wat deur Zeffass vir praktiese teologie ontwikkel is (Louw, 1998:75) om op 'n wetenskaplike wyse na die probleem van seksuele frustrasie in die huwelik te kyk. Dit word vandag algemeen aanvaar in die wetenskapsfilosofie dat geen wetenskaplike gevolgtrekking konklusief deur empiriese navorsingsbevindinge bewys kan word nie. Daarom word die bevindinge en aannames van die Metateoretiese gebruik om die navorsing op die lange duur tot beter wetenskaplike kommunikasie te lei (Mouton & Marais, 1996:192).

3.5 Werksplan

Alvorens konklusies gemaak kan word oor wat seksuele frustrasie in die huwelik is volgens sekulêre denke, is dit nodig dat die begrip seksuele, die oorsprong, die doel, en sekulêre gebruike / misbruike uit die oogpunt van die moderne Psigologie en terapeutiese benaderings goed nagevors moet word en dit te verduidelik, *dus*:

- In die eerste plek sal daar ondersoek ingestel word na die begrip of definisie van “Seksuele gesondheid.
- In die tweede plek sal daar navorsing gedoen word na die oorsprong van die seksuele volgens sekulêre denke.
- In die derde plek sal daar ondersoek ingestel word na die doel van die seksuele volgens sekulêre denke.
- In die vierde plek sal daar na die oorsprong van seksuele frustrasie volgens sekulêre denke navorsing gedoen word.
- In die vyfde plek sal daar na moontlike gevolge van seksuele frustrasie in die vorm van gebruike / misbruike van die seksuele ondersoek word, om sodoende 'n beter begrip te kan verkry van seksuele frustrasie volgens die sekulêre mens.
- In die sesde plek sal 'n sekulêre definisie van seksuele frustrasie geformuleer word.
- In die laaste plek sal die Metateoretiese beskouings vir seksuele frustrasie toegepas word op die konteks “buite en binne” die huwelik.

3.6 Agtergrond met betrekking tot seksuele frustrasie in die sekulêre wêreld

Ten einde seksuele frustrasie in die konteks van die sekulêre wêreld beter te verstaan, is dit nodig om na die begrip of definisie van “seksuele gesondheid” te kyk. Verskeie wêreldorganisasies het hulle eie definisie vir seksuele gesondheid, maar vir die doeleindes van hierdie studie gaan net een van naderby bekyk word, naamlik soos gedefinieer deur Kalmuss (2004:197). Seksuele gesondheid word gedefinieer as die positiewe integrasie van 'n persoon se seksualiteit met betrekking tot sy eie lewe. Hierdie status word gereflekteer deur die individu se vermoë om plesier te verkry, om besluite te maak rondom eie seksualiteit, voortplantings gedrag en identiteit, en op so manier dat respek vir die individu en ander se regte en keuses behoue bly. Seksuele gesondheid vereis dat individuele persone willekeurige besluite kan maak oor wanneer, waar, hoe en met wie daar seksuele omgang gehê kan word. In afwyking van hierdie seksuele

gesondheid, kan seksuele frustrasie die gevolg wees.

3.7 Die oorsprong van die seksuele volgens sekulêre denke

Bolin en Whelehan (1999:41-42) maak die stelling dat die menslike seksualiteit oor 'n tydperk van 65 miljoen jaar ontwikkel het. Daar was nie 'n Skepper nie, en seks het spontaan ontstaan: "how we look and behave sexually, it did not just appear. It evolved through time and space". Bolin en Whelehan (1999:24) baseer hulle stelling op die opspraakwekkende bekendstellings van Darwin se "The origin of species" in 1859 en Alfred Russell Wallace wat tot 'n soortgelyke gevolgtrekking gekom het: "species are not separate creations, but have evolved through a process of natural selection." Cartwright (2000:4) sê die volgende: "For Darwin, it was clear and undisputable that all life on earth had evolved from lowly origins. Behaviour, morphology and physiology had all been shaped by twin forces of natural and sexual selection."

3.7.1 Gevolgtrekking:

Uit die oogpunt van die sekulêre mens, is dit duidelik dat die seksuele nie geskep is deur 'n Skepper nie, maar net ontstaan het miljoene jare gelede, en die eindresultaat is dit wat die mens vandag het.

3.8 Die mens se doel met die seksuele

3.8.1 Seks as voortplantingsmeganisme van die mensdom

Pertot (1990:24) noem die motief wat mans en vrouens bymekaar bring om gemeenskap te hê die seksdrang. Anders as ander drange, soos honger en dors, sal die mens nie doodgaan as dit nie bevredig word nie. Dit is heeltemal moontlik om gesond en gelukkig te leef sonder 'n seksdrang. Aan die ander kant sal die mensdom natuurlik uitsterf as niemand seks begeer en gemeenskap het nie. Die voortbestaan van die spesies is direk afhanklik van geslagsgemeenskap. In teenstelling met ander motiewe met 'n fisiologiese basis, soos honger, dors en temperatuurregulering, hang die individu se oorlewing nie van die bedreiging van die seksdrang af nie (Louw & Edwards, 1993:464). Davis

(1976:292) maak die stelling dat die koudheid van die vrou ernstige gevolge kan inhou vir toekomstige geluk in die huwelik, en in teenstelling daarmee is impotensie in die man 'n bedreiging vir die voortbestaan van die mensdom.

3.8.2 Seks as liefde

Die empiriese studie van Beste, Bergner en Nauta (2003:127) oor "What keeps Love alive?" identifiseer tien karakter eienskappe van romantiese liefde; (1) Belegging in die welstand van die een wat jy liefhet; (2) Intimiteit; (3) Seksuele drang; (4) Eksklusiwiteit; (5) Aanvaarding; (6) Respek; (7) Verstaan van mekaar; (8) Outoriteit; (9) Vertroue en (10) Plesier. Hierdie tien eienskappe vorm 'n komplekse integrale wisselwerking met mekaar om die ware "romantiese liefde" na vore te bring. Hierdie is die raamwerk van liefde, en die een kan nie sonder die ander nie.

Volgens Kalmuss (2004:199) word seks as liefde soms heeltemal verkeerd verstaan. Kalmuss (2004:199) maak die stelling dat die groep norm is dat meisies wat seksueel aktief is met seuns wat hulle "lief" het, aanvaarbaar is; maar seks sonder "liefde" definieer meisies as "goedkoop." Verder word die geloofwaardigheid van "liefde" verdun met tyd as 'n meisie haar tweede seunsvriend het. Devenish *et al.* (1992:119) maak die volgende stellings rondom seks as liefde: Seks is nie liefde nie, maar is slegs 'n teken van liefde en dit vorm maar slegs een deel van die raamwerk van liefde binne 'n verhouding. Dit is heeltemal moontlik om seks te hê sonder liefde, met ander woorde, die omgekeerde van hierdie stelling sal dan ook waar wees: 'n verhouding kan sonder seks oorleef, maar kan nie sonder liefde oorleef nie. Met ontbreking van liefde in 'n seksuele verhouding sal dit lei na die volgende:

- Satisfaksie op slegs 'n fisiese vlak.
- Klem word gelê op "performance".
- Geen gevoel vir die ander persoon se gevoelens of genietinge nie.
- Seks net vir jou eie plesier.
- Gevoelens van skuld en skaamte word gereeld na die tyd ondervind.

Liefde volgens Beste *et al* (2003:135) en Devenish *et al* (1992:119) is die omgee vir en inagneming van die ander persoon se gevoelens. Dit behels 'n vennootskap in die verhouding ongeag die besluite wat oor seksuele aktiwiteite geneem word, kommunikasie oor gevoelens, oor wat die individue binne die verhouding glo, hulle vrese en besluite rondom seks en ander seksuele aangeleenthede. Daar moet respek vir mekaar wees. Verhoudings gebou op liefde neem tyd, moeite, en geduld. Gevoelens van sekuriteit en vertroue ontwikkel. Dit beteken om jouself te wees in hierdie verhouding, en nie om blootgestel te voel nie. Die seksuele verhouding wat die bogenoemde bevat, is die seksuele verhouding wat die meeste beloning inhou vir 'n verhouding tussen twee mense. Om liefde te maak, is nie altyd seks nie. Dit behels al die bogenoemde eienskappe.

Davis (1976:26) het die volgende te sê oor liefde: "Man is capable of many kinds of love - of God, of his children, his friends, his parents. But sexual love, born of the profound procreative drive, has meaning and sanctity which divides it from all other loves. It has greatest value in marriage. For man, the purpose of sex is love."

3.8.3 Seks as plesier

Bennion (1991) se hele studie is gebaseer op seks as plesier. Die Bybel en die vroeë kerkvaders se siening rondom die seksuele het die ganse mensdom beroof van broodnodige seksuele, plesier. Louw & Edwards (1993:464) sê: "Seksualiteit speel 'n belangrike, en dikwels beslissende rol in baie intieme verhoudings. Dit verskaf geweldige bevrediging as sake goed verloop, of in teenstelling daarmee, ontsettende kwellings (frustrasie) as dit nie die geval is nie."

Bright, (1999:76) maak die stelling dat die mens 'n seksuele wese is. Seksualiteit moet beter geïntegreer word in die mens se psige. Die bewys daarvan is dat seksualiteit toegegooi is onder skuldgevoelens, skaamte, vrees, en bykans totale

ontkenning in al die segmente van die samelewing. Die mens het 'n reg om sy seksualiteit te beoefen in die konteks van sy soewereiniteit. Bright (1999:76) gaan voort om te sê: "Sexual sanity has yet to manifest on our planet!"

So onlangs as net voor die 1ste Wêreldoorlog, was die prys wat 'n vrou vir sekere regte soos om 'mevrou' voor haar naam te kon skryf, en ook om 'n voedsel kaartjie te bekom, seksuele toewyding wanneer ookal haar man daarna vra. As sy om 'n onverklaarbare rede ontdek dat seks vir haar plesier gee, het sy dit nooit laat blyk of haar man daarvan vertel nie (Davis, 1976:36).

3.8.4 Gevolgtrekking:

Die doel van die seksuele volgens die sekulêre mens is nou verbonde aan die doel wat die Bybel aan die seksuele koppel. Eerstens is dit daar vir plesier, tweedens vir voorplanting en laastens ook vir liefde. In teenstelling met die kind van God, plaas die sekulêre mens geweldig baie klem op die plesier van die seksuele.

3.9 Sekulêre beskouings met betrekking tot die oorsprong van seksuele frustrasie

3.9.1 Godsdiens as oorsaak van negatiewe seksdenke

Dit blyk uit die studie van Godow (1982:8) en Bennion (1991:1) en andere dat die kerk en sy leer oor die seksuele die oorsaak is van seksuele frustrasie en seksuele disfunksies, en dat die moderne Westerse wêreld dit nie meer aanvaar nie. Die gevolg is dat hulle die sienings en die leer van die kerk totaal en al verwerp. Bennion (1991:1) gaan voort om te sê:

"They dislike promiscuity, for it indicates lack of discrimination and the rejection of quality. They are uneasy about 'permissiveness', for it suggests an absence of standards. This shows that moral principles do exist, though they derive from reason and conscience rather than religion. We should accept

our sexual nature, and correct the sex-negativism instilled by centuries of Judaeo-Christian teaching that sex is sinful. We should fulfil our sexual nature and assist others to do the same, because only in that way can the unhappiness arising from repression and frustration be avoided, and the potential for sexual joy realised.”

In die oë van die sekulêre wêreld word die blaam vir seksuele disfunksies en seksuele frustrasie vierkantig voor die deur van die Christelike godsdiens geplaas. Mense soos Pertot, Bennion, Godow, Hendrix, Davis, Califia en nog vele ander maak hierdie stellings wat die blaam vir die wêreld se seksprobleme op godsdiens plaas, en spesifiek die Christelike godsdiens.

Pertot (1990:11) sê dat terwyl die Chinese seks as onontbeerlik vir gesondheid en geluk beskou en beoefen het, het die vroeë Kerkvaders van die Christelike Kerke gepredik dat onthouding van seks die enigste sekere weg na die hemel was. Dit was 'n geloofsoortuiging dat die seksdaad fundamenteel afstootlik was. Seks is gesien as walglik en vernederend, onbetaamlik, onrein en skandalig. Die enigste seks wat toelaatbaar was, was seks binne die huwelik, met die uitsluitlike doel om voort te plant.

Godow (1982:27) maak die stelling dat op 'n meer globale skaal, die toename van wetenskaplike kennis parallel loop met die afname in die godsdienstige geloof en invloed op die seksuele gebied. Dus is die impak wat godsdiens op die seksuele gebied het, besig om te verflou. Van de Velde (1979:25) sê dat die kuns van die huwelik en seks onder die Westerse volke verlore gegaan het, en dat die huwelik in die Christelike lande in baie opsigte tekort skiet.

Godow (1982:8) se vêrder: “The Judaeo-Christian tradition probably has had the most significant influence on our society's conventional attitudes toward sex and the relationship between the sexes.” Pertot (1990:1) maak die stelling dat hierdie

seksuele benadering die oorsaak was daarvan dat die negentiende-eeuse Engeland dit heeltemal laat verpersoonlik het. Seksuele genot is beskou as 'n dierlike drang. Moraliste van die middelklas het seks hoofsaaklik beskou as net geskik vir voortplanting. Mans was die slagoffers van die dierlike hartstog, maar vroue was nie baie gepla met enige seksuele gevoelens nie. 'n Goeie vrou het aan haar man toegegee net om hom te plesier, maar het nooit haar eie begeertes bevredig nie.

Hierdie klas onderskeiding tussen man en vrou word deur DeRosa (2000:1) beskou as die groot rede vir die vrou se ongekende seksuele frustrasie. Omdat vroue se seksuele drange nooit erken is nie, is daar op hulle neergekyk en is vrouens gekategoriseer as hoere indien hulle hulle seksuele begeertes bekend maak. DeRosa (2000:1) meld verder dat vroue weens klasseverskil nog steeds seksuele frustrasie beleef en voel dat dit tyd is dat die samelewing dit agterkom sodat 'n verandering teweeg gebring kan word.

In die sestiende eeu was Luther en Calvyn aan die voorpunt van godsdienstige bewegings. Davis (1976:35) maak die stelling van beide Luther en Calvyn "believed that sex was a necessary evil except for procreation within marriage."

Die beheer en onderdrukking van adolessente seksualiteit deur skuldgevoelens oor seksuele gevoelens en gedrag soos masturbasie en seksuele eksplorering by adolessente te kweek is voorgestaan deur die negentiende eeuse Europees-Christelike groepe, wat onder meer die voorouers van die huidige Engels- en Afrikaanssprekende Suid-Afrikane is (Louw & Edwards, 1993:562).

Dogters is deur hulle moeders negatief beïnvloed deurdat daar gesê is dat vroue wat laat blyk dat hulle seksuele omgang geniet, gebrandmerk word as 'hoere' (Vansteenwegen, 1989:155). Volgens die studie van Godow (1982:19) is hierdie "probleem" van seksuele reaksie by die vrou, wat as erg hinderlik vir die vrou (of die man) beskou is, verwyder. Die verwydering van die klitoris by die vrou met 'n

operasie, het hierdie “afstootlike probleem” opgelos. Seksuele genot was slegs vir die ongelukkige mense wat hulleself nie kon beheer nie.

3.9.2 Gevolgtrekking:

In die oë van die sekulêre wêreld is die oorsprong van seksuele frustrasie afkomstig van die Christelike godsdiens. Verskeie skrywers soos Pertot, Bennion, Godow, Hendrix, Davis, Califia en nog vele ander, maak hierdie stellings wat die blaam vir die wêreld se seksuele probleme op godsdiens plaas, en spesifiek die Christelike godsdiens.

3.10 Die voorgehoude redes vir Godsdiens as die oorsaak van negatiewe seksdenke

3.10.1 Seks is sonde

Pertot (1990:11) maak die stelling dat die Kerk se geskiedenis onmiskenbaar negatiewe denke ten opsigte van die seksuele by die sekulêre mense na vore bring en dat seksuele genot vir die Kerk 'n sonde was. Davis (1976:29) skryf dat: “Sex morality in our Judaeo-Christian culture has two sources: desire for certainty as to fatherhood and the belief that sex is sinful except in so far as necessary for procreation.” In die tydperk van die hedendaagse mens, is die idee van “seks as sonde” nog baie diep gewortel in die moderne mens se denke. Hendrix (2005:196) sê dat die sterkste invloed van die hedendaagse mens se denke rondom seks direk afkomstig is van Bybelse leerlinge en die teorie van oorspronklike sonde soos gekenmerk deur St. Augustine. In plaas daarvan om die menslike natuur as normaal en goed te beskou en seks as 'n lewensnoodsaaklike menslike eienskap, word seks gebrandmerk as iets ewels, of sonde van die vlees. Dit word gebaseer op uitsprake dat die menslike natuur sondig is en dat seks die gebruik van 'n sondige wese is. Selfs die produk van seksuele gemeenskap, die pasgebore kind, word in sonde gebore!

Die sekulêre mens dring nou sterk daarop aan om die seksuele natuur te aanvaar en die idee van seks as sonde totaal en al te verwerp. “We should

accept our sexual nature, and correct the sex-negativism instilled by centuries of Judaeo-Christian teaching that sex is sinful" (Bennion, 1991:1).

3.10.2 Seks is vuil

Pertot (1990:11) plaas die skuld vir die idee dat seks "walglik en vernederend, onbetaamlik, onrein en skandalig" is, vierkantig voor die deur van die vroeë Kerkvaders. Omdat seks as iets vuil beskou is, en selfs vandag nog so beskou word, is dit 'n indirekte oorsaak van seksuele probleme. Seks is fundamenteel beskou as afstootlik. Dit is hoekom baie mense steeds vandag nog "vuil" voel nadat hulle geslagsgemeenskap gehad het.

3.10.3 Gevolgtrekking:

Dit is 'n onomwonde feit dat die sekulêre wêreld die blaam vir seksuele disfunksies en seksuele frustrasie plaas voor die deur van die Christelike godsdiens en dat die wêreld se seksprobleme gebore is uit die Christelike denkwyses en gebruike. Sodanig so dat seks beskou word as sonde en dat seks vuil is.

3.11 Seksuele versteurings as uitvloeisel van seksuele frustrasie

Ten einde seksuele frustrasie en die wyse waarop dit die mens fisies, emosioneel, geestelik en in sy verhoudingslewe raak te verstaan volgens die denkraamwerk van die sekulêre individu, is dit nodig vir die doeleindes van hierdie studie dat sekere van die seksuele versteurings wat spruit uit seksuele frustrasie kortliks beskryf moet word.

Volgens Louw en Edward (1993:763) word seksuele versteurings hoofsaaklik verdeel in vier groepe, naamlik:

- a. Geslagsidentiteitversteurings
- b. Parafilieë
- c. Seksuele disfunksies
- d. Spanning oor 'n mens se seksuele oriëntasie

3.11.1 Geslagsidentiteitversteurings

Wanneer die begrip geslagsidentiteit genoem word, word daar meer spesifiek na drie komponente verwys wat saam die geslagsidentiteit vorm:

- Kerngeslagidentiteit is die oortuiging van die individu dat hy of sy tot 'n spesifieke geslag behoort.
- Geslagsrolidentiteit verwys na die rolle wat kultureel met manlike en vroulike gedrag geassosieer word (byvoorbeeld seuns speel rugby en dogters speel pop).
- Seksuele oriëntasie verwys na die geslag waartoe 'n persoon seksueel aangetrokke voel.

'n Geslagsidentiteitsversteuring kom voor wanneer die kerngeslagsidentiteit, die geslagsrolidentiteit en meestal ook die seksuele oriëntasie in disharmonie met die biologiese geslag is. Die bekendste voorbeeld van geslagsidentiteitsversteurings is transseksualisme (Louw & Edwards, 1993:763).

3.11.2 Parafilieë

Die begrip parafilieë verwys na die bestaan van 'n afwyking (para) wat verband hou met seksuele aangetrokkenheid (filie). In kort behels die parafilieë seksuele gedrag of fantasieë wat gewoonlik as bisar beoordeel word (Louw & Edwards, 1993:763).

Van die belangrikste parafilieë is die volgende:

3.11.2.1 Fetisjisme

Louw & Edwards (1993:764) sê dat hierdie 'n versteuring is waar nie-lewende voorwerpe gebruik word om seksuele stimulerings te verkry. Dit kom uitsluitlik net by mans voor en die objekte waartoe hulle aangetrokke is, behoort gewoonlik aan lede van die teenoorgestelde geslag. Dit kan voorwerpe wees soos skoene, kouse, hare, ore en voete. Hierdie mense kry seksuele stimulerings deur aan die voorwerpe te voel, te ruik en te proe en dit gaan gewoonlik gepaard met

masturbasie. Bennion (1991:70) sê as sulks dat Fetisjisme nie baie vêr verwyder is van Transvestitisme nie. Hierdie persone het volgens hom baie vêr afgedryf van die ware fokus van seks af. Hy maak verder die stelling dat “the origins invariably lie in sex-negation”.

3.11.2.2 Transvestitisme

Bennion (1991:69) maak die volgende stelling: “The desire for this may have diverse origins, but as a sexual deviation it is marked by arousal of the subject when wearing garments appropriate to the opposite sex.” Bennion (1991:69) sê verder dat ’n tipiese oorsprong van hierdie versteuring kom van die ma toe die baba nog in die baarmoeder was, en dat die ma in haar diepste begeerte ’n dogter wou gehad het. Louw & Edwards (1993:764) sê dat hierdie versteuring hoofsaaklik gekenmerk word deur die dra van vroueklere deur ’n heteroseksuele man. Die kruiskleding word gewoonlik beoefen om seksuele bevrediging te kry, maar kan ook gedoen word tot voorspel van die geslagsgemeenskap.

3.11.2.3 Pedofilie

Hierdie versteuring verwys na die seksuele fantasieë en dade wat ’n volwasse persoon koester ten opsigte van ’n kind. Die seksuele bevrediging wat verkry word hierdeur wissel van (verbloemde) masturbasie terwyl gesprekke met die kind gevoer word, en verkragting is nie uitgesluit nie. Hierdie versteuring kom gewoonlik by mans voor, en die gemiddelde ouderdom van mans wat hulle skuldig maak aan pedofilie, is ongeveer 40 jaar. Die slagoffers (kinders) se ouderdom wissel tussen 8 en 11 jaar. In die meeste gevalle van pedofilie is die kind aan die pedofiel bekend. Hierdie is gewoonlik mense wat op beroeps- en sosiale vlakke misluk, en ook ontoereikend in hulle seksuele funksionering is. Hierdie versteuring is veral verantwoordelik vir bloedskande in baie families, en die kind word tot stilswye gedwing deur vrese en skuldbelaaide emosies. In baie gesinne is hierdie een van die mees vreesaanjaende geheime wat daar in ’n familie kan wees. Hierdie afwyking kom meestal voor onder vaders wat pedofilie bedryf met hulle eie dogters, maar moeders wat dit met hulle eie seuns doen is

nie uitgesluit nie. Studies in Noord-Amerika dui daarop dat 15% van alle dogters en 6% van alle seuns teen die ouderdom van 15 jaar al seksueel gemolesteer is. Sommige ondersoeke rapporteer dat hierdie syfers baie hoër is (Louw & Edwards, 1993:764).

3.11.2.4 Ekshibisionisme

"The exhibitionist desires others to watch him. Typically, he wishes to surprise a female when she is least expecting sexual activity. His trigger is her shock and disgust, which in itself can induce ejaculation. It shows that in some sense she cares" (Bennion, 1991:67). Hierdie is versteuring wat gekenmerk word deur die ontbloting van 'n persoon se geslagsdele aan 'n niksvermoedende persoon. Dit kom skynbaar hoofsaaklik net by mans voor en hulle slagoffers is feitlik altyd vroue of dogters. Hierdie persone is gewoonlik nie gevaarlik nie, en sal in uitsonderlike gevalle hulle slagoffer aanval of seksuele voorstelle maak. Hierdie ontbloting volg 'n vaste patroon, en seksuele stimulasie word verkry deur die skokreaksie van die persoon se slagoffer. Hierdie persone se huweliks- en seksuele aanpassing blyk ook ondergemiddeld te wees (Louw & Edwards, 1993:764). Vir die persoon wat homself so ontbloot, is dit sy enigste manier om van seksuele energie ontslae te raak (Bennion, 1991:68). Die volgende stelling kom in Bennion (1991:68) studie na vore:

"I want to appeal to my readers: should you see an exhibitionist in action, do regard him as a fellow human being, not as a leper! Try to understand the touching and pathetic element in his behaviour. Above all, do not report him to the police - nothing but harm can come from that. We ought to allow our fellow human beings the beneficial magic of the exhibitionist rite" (Bennion, 1991:68).

3.11.2.5 Ander tipes parafilie

Ander tipes parafilie sluit in seksuele masochisme (dit is wanneer die persoon

seksuele bevrediging verkry indien hy tydens 'n seksuele ervaring gepynig, gestraf of psigologiese vernedering ondergaan); seksuele sadisme (dit word gekenmerk deur doelbewuste pyniging, besering of psigologiese vernedering van die seksmaat met die oog op verkryging van 'n orgasme); en soöfilie (dit is seksuele kontak met diere). Bennion (1991:88) maak hewig kopsie teen die feit dat die Ou Testament (Exodus 20:19) seks met diere verbied, en dat die oortreders met die dood gestraf moet word. Alhoewel hy nie 'n volkome voorstander van seks met diere is nie, vra hy waarom dit aanvaarbaar is dat eensame mense troeteldiere het as 'vriende', maar hierdie 'vriende' mag nie gebruik word vir seksuele vervulling nie?

3.11.3 Seksuele disfunksies

Volgens Bennion (1991:64) is disfunksies gemeet in die terme van seks; "a hiccup in normal functioning". Seksuele disfunksies verwys hoofsaaklik na die onvermoë of versteuring om seksuele bevrediging te verkry. Impotensie by die man en die onvermoë om orgasme te bereik by die vrou is van die bekendste seksuele disfunksies. Organiese (dit wil sê fisiese) probleme onderlê soms hierdie versteurings. In die meeste gevalle is versteurings te wyte aan psigiese faktore, soos byvoorbeeld angstigheid, vrees, vrees vir swangerskap, skuldgevoelens en selfs ook skaamte deur godsdienstige onderrig of kondisionering deur die ouers. Dit het die gevolg dat die persoon nooit leer om normale seksuele response te ondersoek en te geniet nie. Probleme in 'n verhouding kan ook aanleiding gee tot seksuele disfunksies (Louw & Edwards, 1993:767).

3.11.3.1 Ander disfunksies verbonde aan die seksuele

3.11.3.1.1 Verkragting

Hendrix (2005:196) maak die stelling dat verkragting die oorsaak is van die feit dat die mensdom beroof is van plesier, en dat weerhouding van plesier, as gevolg van Christelike beginsels, die oorsaak is van verkragting. "Rape, in particular, has nothing to do with sexual pleasure, and everything to do with the

lack of, or denial of, pleasure.” In teenstelling hiermee sê Kalmuss (2004:203) die volgende: “The early learning of “erotic” and dysfunctional sexual scripts is likely to influence subsequent sexual behaviour which may explain why victims of such sexual abuse are more likely to engage in early high-risk sexual activity.”

3.11.3.1.2 Moord

Purcell & Arrigo (2006:14) maak die volgende stelling in hulle studie:

“To be sexual, one must have erotic fantasies, and without such imaging, it is impossible to be sexual. Fantasy is a fundamental aspect that accounts for extreme deviation from what is typically normal sexual activity. A factor that distinguishes normal from abnormal imaging is the nature and content of the fantasy. Most abnormal fantasies contain aggressive and sadistic elements.”

Purcell & Arrigo (2006:25) sê voorts dat “Fantasy is based on memory.” Die geheue op sy beurt is onderworpe aan ’n psigologiese proses om ’n voorval wat in die geheue gestoor is te herroep. Wanneer hierdie voorval herroep word, vind daar distorsies langs sekere kanale en lyne plaas. Wanneer nadruk op ’n sekere lyn geplaas word, word hierdie lyn meer en meer dominerend, as gevolg van die positiewe gekondisionerende terugvoer wat dit ontvang. Hoe meer seksueel stimulerend die denkbeeld is, hoe meer kan dit aanleiding gee tot mastuberende denkbeelde. Geleidelik deur kondisionering is dit die denkbeeld wat die oorsaak is dat die persoon meer en meer eroties opgewek word. Wanneer die denkbeelde van seksuele moordenaars ondersoek word, is daar gevind dat hulle seks met aggressie assosieer. ’n Algemene tema wat in hierdie denkbeelde gevind word is die teenwoordigheid van: “Power, domination, molestation and revenge as well as the desire to degrade and humiliate others. Ultimately, the lust murder transforms his fantasies into predatory criminal behaviour.”

In baie moordgevalle is die motief seks gewees, en in die geval van Crystal

Todd, 'n 17-jarige tienermeisie in die jaar 1991, was dit geen uitsondering nie. Bell (2001) sê die dat aangeklaagde, Ken, se motief vir hierdie moordsaak aggressiwiteit blyk te gewees het. Ken het die polisie vertel dat hy en Crystal na 'n afgeleë area gegaan het om seks te hê, en daar seks sonder die nodige beskerming gehad het. Hy noem aan die polisie dat toe hy saad gestort het, Crystal absoluut woedend teenoor hom was. Sy het gedreig dat as sy swanger sou raak, sy vir almal sou vertel dat hy haar verkrag het. Haar geskreeu het hom so aggressief gemaak dat hy enigiets sou doen om haar stil te maak. Hy het dus sy mes wat hy in die motor bêre gegryp, en haar begin steek. Toe hy agter kom wat hy gedoen het, het hy haar liggaam weggesleep van die motor af en haar lyk in 'n sloot gegooi. Daarna het hy die mes weggegooi en huistoe gery.

3.11.3.1.3 Pornografie

Die woord “pornografie” kom van die Griekse woord “Pornographos” wat die betekenis het van skrywes rondom die seksuele lewe van prostitute en hulle kliënte. In hierdie geval is pornografie die uitbeelding van seksuele eksplisiete materiaal vir die wat dit wil lees, die wat daarna wil kyk en vir die wat daarna wil luister (Bennion, 1991:221). Pornografie word in die sekulêre wêreld voorgehou as goed en noodsaaklik. Louw & Edwards (1993:466) sê dat alhoewel laboratoriumstudies aantoon dat mans en vrouens ewe veel op erotiese stimuli reageer, vrouens dikwels verklaar dat hulle nie van die materiaal hou nie. Die verklaring vir hierdie paradoks is dat die materiaal wat vir navorsing gebruik word gewoonlik nie seksisties is nie, terwyl ander erotiese materiaal meestal daarop gemik is om mans op te wek, en vrouens dikwels in vernederende rolle voorstel. “Widespread pornography is indicative to our liberation from sexual repression” (Hendrix, 2005:197). Mans se houdings in verband met seksuele aggressie word nadelig beïnvloed deur aggressiewe pornografie (Louw & Edwards, 1993:467).

3.11.3.1.4 Seks as 'n finansiële inkomste (prostitutie)

Die verkoop van seks word beskou as die oudste beroep in die wêreld. Bennion (1991:210) spreek hom ten sterkste uit teen mense wat hierdie noodsaaklike

dienste afmaak as hoerery. Alle werke wat die mens verrig, word tog deur die brein of hande verrig, waarom word sekswerke dan verdoem? Dit is dan ook deel van die mens se liggaam. In plaas daarvan dat seks wat verkoop word as "hoerery" bekend moet staan, moet dit eerder gesien word as "erotiese Samaritane." Hy gaan voort en maak die volgende twee stellings rondom hierdie aspek:

"It is not immoral to make or receive payment for sexual service willingly rendered. The duty of sex-fulfilment may require a person to pay for what they need rather than go without. The duty of sex-respect requires that prostitutes of both sexes should be well treated and never degraded. They serve a useful and valid social purpose."

3.11.3.1.5 Bloedskande

Bloedskande het 'n noue band met pedofilie soos reeds gemeld in punt 3.11.3.1.5. Volgens Bennion (1991:144) kan bloedskande slegs as nadelig en immoreel beskou word op grond van die volgende drie punte: (1) As dit 'n defektiewe nageslag voortbring, (2) as dit die verhoudings binne die familie skade berokken, (3) as dit immoreel gedoen word met 'n te jong persoon deur 'n baie ouer persoon. Verder volgens hom is daar niks fout met bloedskande nie.

3.11.3.2 Sekere seksuele disfunksies wat aanleiding kan gee tot seksuele frustrasie

3.11.3.2.1 Vrees

Vrees, bekommernis of ang, speel 'n baie groot rol in seksuele disfunksie by die mens. Davis (1976:287) plaas vrees bo aan die lys van seksuele disfunksie deur die volgende stelling: "Fear leads the list, for fear is a vicious spiral which begets anger, and anger causes fear". Godow (1982:482) maak die stelling dat: "Anxiety, regardless of what type, is a powerful sexual depressant." Sy gaan voort om te sê dat vrees in die senuweestelsel van die mens begin. Wanneer 'n

dreigement waargeneem word, berei die mens se liggaam homself voor vir verdediging. Solank as wat die verdedigingsmeganismes in die liggaam in werking is, onderdruk dit die seksuele funksies van die liggaam sodat genot selde indien ooit ervaar kan word. Vrees in die sentrale senuweestelsel van die mens veroorsaak dat seksuele seine vanaf die geslagsorgane en ander gevoelspunte nie ervaar word nie, en dus verlore gaan. Dit veroorsaak op sy beurt weer seksuele frustrasie omdat daar nie uiting gegee kan word aan moontlike seksuele genot nie.

3.11.3.2.1.1 Vrees vir swangerskap

Die vrees vir ongewenste swangerskap is 'n baie groot bron van frustrasie tydens die seksuele daad sê Davis (1976:287), en al is mediese voorbehoeding voorgeskryf en word dit gebruik, ervaar baie vrouens vir die eerste keer na menopouse seksuele genot. Godow (1982:27) maak die stelling dat die probleem rondom ongewenste swangerskap vandag aansienlik minder van 'n probleem is. Dit word toegeskryf aan die enorme groei van die moderne wetenskap, in so mate dat die ontwikkeling van voorbehoeding die vrees vir swangerskap laat verminder het. Sy sê voorts dat "The fear of pregnancy may interfere with adequate functioning of either the male or female partner. During unprotected coitus thoughts of an unwanted pregnancy can significantly distract the participants and generate enough anxiety to interfere with sexual functioning."

3.11.3.2.1.2 Vrees vir seksueel oordraagbare siektes

Alhoewel MIV/VIGS 'n pandemie in die wêreld is, is syfers nie aan die afneem nie, maar styg dit daaglik. Die navorser maak dus die gevolgtrekking dat seksueel oordraagbare siektes basies geen vrees tydens seksuele omgang te weeg bring nie, en baseer die stelling op die volgende uitsprake van Pick, Devenish asook Godow:

Pick (2003:13) sê dat die deursnee publiek eers bewus begin word het van wat

MIV/VIGS is toe hulle agtergekom het dat 20% van die Suid-Afrikaanse bevolking al besmet is met die MIV-virus. Teen die einde van 2000 is dit bevestig dat ongeveer 4,7 miljoen Suid Afrikaners (een uit elke nege) MIV-positief is. Ongeveer 'n jaar en half later, met die volgende internasionale konferensie wat gehou is in Barcelona, Spanje, is dit bevestig dat 50% van die wêreld se VIGS-lyers in die Suidelike deel van Afrika voorkom, en hiervan sal ongeveer 40 miljoen sterf in die volgende tien tot vyftien jaar.

Die uitspraak van Devenish, Funnell & Greathead (1992:245) sluit hierby aan: "Fear of pregnancy or sexually transmitted diseases does not always deter teenagers from sexual intercourse". Godow maak in haar studie nie eers melding dat vrees vir seksueel oordraagbare siektes 'n seksuele probleem kan veroorsaak nie. Dit word aanvaar dat dit wel 'n probleem is, maar dat voorbehoeding en in plaas van seksuele onthouding die beste oplossing daarvoor is. Indien 'n persoon ontdek dat hy 'n siekte opgedoen het, moet hy so gou as moontlik al sy seksuele vennote kontak sodat moontlike verspreiding gestop kan word. Die hoop uitgespreek dat "some time in the future the incidence of STDs will be greatly reduced by improved testing methods, new medications, and vaccines. It would be especially helpful to actively promote the use of condoms" (Godow 1982:546).

'n Mens sou kon dink dat vrees vir seksueel oordraagbare siektes 'n groot rol moet speel tydens geslagsgemeenskap, maar na aanleiding van bogenoemde, kan die navorser nie anders as om te dink dat seksueel oordraagbare siektes dus nie 'n groot faktor is tydens seksuele omgang nie.

3.11.3.2.1.3 Vrees om te faal (perfeksionisme)

In haar studie sê Davis (1976:37) dat die mense Sigmund Freud se leringe oor die seksuele heeltemal misverstaan. Dit het die gevolg gehad dat die pad na geluk versper word deur nuutgevonde angste en struikelblokke. Sy sê dat:

“Husband or wife, or the two together, are harassed by the frightening exhortation that they learn and practice the “art of love”; that mutual orgasm is the symbol of sexual success, and anything less is failure. This has added a new source of fear and anxiety about sexual love in marriage.”

Die vrees om seksueel te faal of anders gestel, die vrees van perfeksionisme, is die mees algemeenste vrees tydens die seksuele daad wat frustrasie of angste kan veroorsaak (Godow, 1982:483). Dit kan gevolglik die grootste oorsaak wees van die ontwikkeling van seksuele disfunksie en seksuele frustrasie. Dit kan ook die grootste krag wees wat keer dat hierdie gevestigde disfunksie homself kan herstel. As hierdie disfunksie eers gevestig en geïdentifiseer is in die verstand van 'n persoon, kan die vrees om te faal tydens seksuele gemeenskap die effek hê dat die probleem voortdurend voortkom. Hierdie vrees voed die vrees van elke gebeurtenis wat gevrees word. “Performance anxiety is an especially powerful sexual depressant, since it not only activates sympathetic dominance on the physiological level (as do other anxieties), but it is also completely distracts the individual on a psychological level (Godow, 1982:483).

3.11.3.2.1.4 Vrees om jou maat teleur te stel

Volgens Kaplan (1974:130) is die wens van 'n persoon om sy of haar maat tevrede te stel tydens seksuele gemeenskap nie net gesond en goed nie, maar is ook noodsaaklik vir 'n goeie sekslewe. Sy sê egter dat die oormatige drang om tevrede te stel, om te “perform”, en om nie teleur te stel nie, 'n ernstige bron van versteurde emosies kan wees. Die oormatige drang om jou maat nie teleur te stel nie, kan seksuele frustrasie en ander seksuele disfunksies voortbring. Kaplan (1974:130) is van mening dat die vrou die meeste kwesbaar is vir vrees om teleur te stel. Die samelewing vereis dat die vrou se rol is om haar man tevrede te stel, en sodoende plaas sy haar man se behoeftes bo haar eie.

3.11.3.2.1.5 Vrees om beheer te verloor

Godow (1982:486) is van mening dat individuele persone wat geleer is en hulleself geskool het om hulle seksuele gevoelens in toom te hou as gevolg van geloofs- en kultuurverbonde redes soveel waarde daaraan kan heg dat die verlies aan seksuele beheer vreesaanjaend is. Wanneer 'n situasie bereik word waar seks nie taboe is nie, byvoorbeeld 'n huwelik, kan hulle nog steeds beangs wees om hulleself oor te gee aan seksuele genot. "Since an inherent element of sexual responsiveness is allowing one's sexual feelings to flow naturally in the absence of conscious control, the fear of losing control can seriously disrupt one's sexual responsiveness at any point in the sexual response cycle" (Godow, 1982:486).

3.11.3.2.1.6 Vrees veroorsaak deur trauma

Sommige seksuele dade word ondervind deur fisiese en psigologiese trauma ervarings. As hierdie trauma baie ernstig is of lank genoeg aanhou, hou dit ernstige negatiewe gevolge in vir die persoon wat deur hierdie trauma gaan. So 'n persoon sal 'n totale negatiewe uitkyk op seks hê en vrees ervaar tydens toekomstige seksuele ervarings, al is die trauma nie meer teenwoordig nie. Traumatiese ervarings sluit in verkragting, pynlike seksuele ervarings, seksuele molestering ensovoorts. Tydens normale seksuele gemeenskap, sal die trauma ervaring onwillekeurig herroep word, sodat die individu weer deur dieselfde pyn gaan. Godow (1982:489) sê: "Fear becomes the conditioned response to the basic elements of the sexual situation, and anxiety is triggered even when the traumatized individual attempts to interact with a desired partner." Louw & Edwards (1993:467) maak die stelling dat negatiewe ervarings soos seksuele molestering, vermoeidheid, ontspanning en gevoelens van bedreiging, die impak en uitdrukking van die geslagsdrang verder beïnvloed.

3.11.3.3 Seksuele onkunde

Alhoewel seksuele probleme en seksuele frustrasie uit komplekse interpersoonlike en persoonlike probleme spruit, is daar in 'n groot mate ook

seksuele probleme en frustrasie as gevolg van seksuele onkunde. Kinders word geleer om te loop, te eet, die toilet te gebruik, alles noodsaaklike funksies van die menslike voortbestaan, maar wanneer dit by seks kom, is dit 'n taboe onderwerp. Die individu het dus 'n groot gebrek aan seksuele kennis en vaardighede: "A lack of sexual skill, knowledge, and communication on the part of one or both partners contributes to dysfunction" (Gurman & Rice, 1975:304). Bolin en Whelehan (1999:225) beaam hierdie stelling deur te sê "We do not have comprehensive sex education programming, readily available birth control, and a sex positive attitude in this culture in contrast to other industrialized societies."

Na aanleiding van seksuele onkunde, ten opsigte van seksuele disfunksie by die vrou, en meer spesifiek 'die koue vrou', maak Davis (1976:290) die stelling dat daar 'n groot klomp oorsake is van die sogenaamde 'koue-vrou', en dit is te kompleks om dit kortweg te evalueer, maar een van die mees algemeenste oorsake is suiwere onkunde. Daar is duisende vroue wat jaarliks trou wat nie die vaagste benul het van al die gevoelens wat op hulle wag nie. 'n Jong vrou kan probeer om kortliks instruksies van betroubare bronne te versamel en in haar geheue te berg, maar as sy nog nooit gesoen, gemasturbeer of selfs gedroom het tot by die punt van 'n orgasme nie, het sy nie die vaagste idee wat om te verwag of wat om na uit te sien nie. Behalwe as haar man in staat is om haar by te staan of om haar te leer, is die geval hopeloos. Sy self en haar man brandmerk haar dan as 'n 'koue vrou'.

3.11.3.4 Swak seksuele kommunikasie

Die ESDA (2006:1) maak die volgende stelling: "A difference in sexual desire is one of the most common problems couples face and can cause much unhappiness and frustration if it is not talked about." Een van die mees vernietigende faktore in die mislukking van 'n verhouding, is die manier waarop mense met mekaar praat (Pertot, 1990:152). Weens die feit dat seksuele interaksie gewoonlik plaasvind tussen twee persone, gebeur dit vanselfsprekend in die konteks van 'n verhouding. Die gesondheid en aard van hierdie verhouding

sal die uitkoms van seksuele genot en ervaring bepaal. Vir twee persone om in 'n verhouding tot 'n persoonmekaar te staan, is daar absolute noodsaaklike kommunikasie nodig.

Pertot (1990:43) sê verder dat dit onmoontlik is vir 'n seksuele verhouding om voort te bestaan as daar nie kommunikasie is nie. Wanneer kommunikasie ontbreek, of selfs gebrekkig is, is dit vanselfsprekend dat seksuele probleme en frustrasie ook teenwoordig kan wees. McConaghy (1993:184) maak die stelling dat 'n paartjie se seksuele satisfaksie 'n direkte verband het met hulle emosionele verhouding eerder as hulle seksuele funksie. Louw & Edwards (1993:668) sê dat spanning dikwels voorkom wanneer die persone ophou om effektief met mekaar te kommunikeer. Dit kan tot gevolg hê dat hulle van mekaar af weggroei en selfs tot die uiteindelijke vernietiging van die verhouding lei. Godow (1982:491) som effektiewe kommunikasie as volg op: *"The nature and quality of a relationship has a direct bearing on the effectiveness of the sexual encounter"*.

3.11.4 Spanning oor 'n mens se seksuele oriëntasie

Die samelewing se taboes op homoseksualiteit, het sy oorsprong in die Judea-Christelike geloof. Daarom is dit vreemd dat so baie mense wat homoseksualisme praktiseer, hulle skaar by die Christelike geloof en dit aanhang (Bennion, 1991:195). Homoseksualiteit, die seksuele aantrekking en aktiwiteite met 'n persoon van dieselfde geslag is voorheen as 'n parafilie (en dus 'n psigiese versteuring) beskou. Dit word egter vandag slegs as 'n seksuele versteuring gediagnoseer indien homoseksuele persone ernstige konflik of spanning met betrekking tot hulle seksuele oriëntasie ervaar. Homoseksualisme is nie meer 'n disfunksie nie, maar 'n erkende norm. Die meeste terapeute sal liever die homoseksuele help om by sy oriëntasie aan te pas as om te probeer om dit te verander (Louw & Edwards, 1993:767).

3.11.5 Gevolgtrekking ten opsigte van seksuele disfunksies

Sekere seksuele versteurings (misbruike verbonde aan seks) kom by die mens

voor en hierdie word hoofsaaklik verdeel in vier groepe, naamlik:

(a) Geslagsidentiteitsversteurings. 'n Geslagsidentiteitversteuring kom voor wanneer die kerngeslagsidentiteit, die geslagsrolidentiteit en meestal ook die seksuele oriëntasie in disharmonie met die biologiese geslag is. Die bekendste voorbeeld van geslagsidentiteitsversteurings is transseksualisme.

(b) Parafilieë. Die begrip parafilieë verwys na die bestaan van 'n afwyking (para) wat verband hou met seksuele aangetrokkenheid (filie). Hieronder sorteer Fetisjisme, Transvestitisme, Pedofilie, Ekshibisionisme en ander soos seksuele masochisme (dit is wanneer die persoon seksuele bevrediging verkry indien hy tydens 'n seksuele ervaring gepynig, gestraf of psigologiese verneder word); Seksuele sadisme (dit word gekenmerk deur doelbewuste pyniging, besering of psigologiese vernedering van die seksmaat met die oog op verkryging van 'n orgasme); en Soöfilie (Dit is seksuele kontak met diere).

(c) Seksuele disfunksies. Seksuele disfunksies verwys hoofsaaklik na die onvermoë of versteuring om seksuele bevrediging te verkry. Impotensie by die man en die onvermoë om orgasme te bereik by die vrou is van die bekendste seksuele disfunksies.

(d) Spanning oor 'n mens se seksuele oriëntasie. Homoseksualisme is nie meer 'n disfunksie nie, maar is 'n erkende norm vandag.

Alhoewel seksuele probleme en seksuele frustrasie spruit uit komplekse interpersoonlike en persoonlike probleme, is daar in 'n groot mate ook seksuele probleme en frustrasie as gevolg van seksuele onkunde. Kommunikasie is die ruggraat van 'n goeie seksuele verhouding. Dit is onmoontlik vir 'n seksuele verhouding om voort te bestaan as daar nie kommunikasie is nie. Wanneer kommunikasie ontbreek, of selfs gebrekkig is, is dit vanselfsprekend dat seksuele probleme en frustrasie ook teenwoordig kan wees. Ander misbruike verbonde

aan seks is verkragting, moord, pornografie, seks as 'n finansiële inkomste (hoerery) en bloedskande.

3.12 Seksuele frustrasie in die sekulêre wêreld

3.12.1 Wat is frustrasie?

Soos vermeld in hoofstuk 2 punt 2.6 is frustrasie volgens Collins (1988:124):

“An obstacle (an event, person, or physical barrier) that hinders our progress toward some goal. Frustration may come (a) because of what someone else has done or failed to do, (b) because of unwanted events or circumstances, or (c) because of our own failures or inability to reach some desired goal.”

Collins (1988:124) sê voorts dat die graad van hoe gefrustreerd die persoon voel, afhang van die belangrik van die doel, die grootte van die probleem, en ook die lengte van die gevoel van frustrasie wat die persoon beleef. Adams (1970:22) sê frustrasie is om nie te weet hoe om komplekse probleme te hanteer nie.

Perspektief Opleidingskollege gee 'n formele omskrywing van frustrasie (2004:89):

Frustrasie is die reaksie van die individu teenoor die probleme in homself en sy omgewing wat hom verhoed om sy doelwitte en aspirasies in die lewe te bereik. Frustrasie kan veroorsaak word deur uitstel, dwarsboming en / of konflik en kan lei tot aggressie, regressie en / of fiksasie. Individuele response teenoor frustrasie verskil tot die mate dat die individu taakbetrokke of egobetrokke is wanneer take aangepak word en of hy 'n interne lokus van kontrole of 'n eksterne lokus van kontrole het.

In teenstelling met Collins, Adams en Perspektief se uitsprake oor frustrasie, kan die navorser 'n moontlike definisie van seksuele frustrasie volgens die sekulêre denke formuleer:

Omrede seks as sonde en vuil deur Christene beskou word, en dat seks slegs noodsaaklik is vir voortplanting van die menslike ras, is daar seksuele frustrasie, teleurstelling en nederlaag voor, tydens of na die seksuele daad. Verder is dit daardie intense emosie van magteloosheid, afsydigheid en selfs woede teenoor die Christelike godsdiens en teenoor die betrokke seksuele maat wat 'n persoon beleef wanneer daar nie aan sy/haar seksuele behoeftes voldoen word nie. Nieteenstaande die feit dat hierdie frustrasie spruit uit swak kommunikasie, seksuele onkunde en sekere seksuele disfunksies nie.

3.12.1.1 Gevolgtrekking:

Seksuele frustrasie in die sekulêre wêreld word gekenmerk as “teleurstelling en nederlaag” voor, tydens of na die seksuele daad as gevolg van Christelike Godsdiens.

3.12.2 Moontlike oplossings vir seksuele frustrasie

Kalmuss (2004:198) se dat Seksuele Gesondheid nie verkry kan word solank die gemeenskap nie die kondisies waarin seksuele gesondheid verkry kan word, nakom nie. Dit sluit in (1) opvoeding oor seksualiteit en voortplanting, wat dit eksplisiet hanteer uit die oogpunt van erotika en plesier, en wat erkenning gee aan die wye verskeidende seksuele gedrag en identiteite van mense; (2) die voorsiening van bekostigbare, toeganklike en kultuursensitiewe seksuele voortplantings- en gesondheidsversorgingsklinieke en; (3) die beskerming van seksuele regte en die voorsiening van wettige geneesmiddels, sowel as gesondheidsorg en sielkundige ondersteuningsfasiliteite vir die wie se regte verbreek is.

Bennion (1991:140) maak die stelling dat mense wat ‘vasgevang’ sit in die

huwelik en seksueel gefrustreer is, uitmis op 'n variasie van seks. Hy maak die stelling dat die volgende broodnodige dienste 'n teenvoeter is vir seksuele frustrasie hetsy binne of buite die huwelik: (1) Skoling en opleiding vir seks. Opleiding in die seksuele bly 'n groot kopseer en daar is 'n hewige tekort aan beskikbare bronne; (2) Beskikbaarheid vir orgasme. Die beskikbaarheid en die wettiging vir "Erotiese Samaritane" is 'n absolute noodsaaklikheid; (3) Verbetering van die orgasme. Materiaal soos pornografiese tydskrifte, vibrators, en pornografiese video materiaal moet beskikbaar gestel word sodat die persoon hetsy binne of buite die huwelik die noodsaaklike orgasme tot die uiterste en dit tot die punt van volmaaktheid kan voer; (4) Bekendstellingsdienste. Waar 'n persoon ontbreek aan 'n beskikbare seksvennoot, moet daar bekendstellingsdienste wees wat kan help om 'n beskikbare seksvennote te kan kry; (5) Dienste wat kan help met ongewenste swangerskappe. Hierdie dienste moet kan help met morele maniere van voorbehoeding, sterilisasie, en aborsie. (6) Inligtingsdienste. Hierdie dienste moet kan help met die beskikbaarheid van vrye seks, pryse ens.

Califia (1994:153-156) gee twee en veertig dinge wat die mens kan doen om die toekoms van seks te beveilig. Hierby slegs een of twee: "Defend an abortion clinic. Help women get through right-wing pickets and into the building"

"If somebody tries to ban a book at a school or public library, go to the hearing, you wouldn't believe how easy it is to win these battles if you just show up and speak up. Keeping books about sex in the libraries is even more important than keeping them in bookstores because they are free and more people see them (especially young people)."

3.12.2.1 Gevolgtrekking:

Bennion voer aan dat die volgende broodnodige dienste 'n oplossing sal wees vir

seksuele frustrasie; (A) Skoling en opleiding vir seks. (B) Beskikbaarheid vir orgasme. (C) Verbetering van die orgasme. (D) Bekendstellingsdienste. (E) Dienste wat kan help met ongewenste swangerskappe. (F) Inligtingsdienste.

3.13 Seksuele frustrasie binne en buite die konteks van die huwelik

Bennion (1991:105) sê dat omdat seks slegs toelaatbaar in die huwelik is, word mense gedwing om sonder noodsaaklike orgasmes klaar te kom. Die tendens word deur hom beskou as 'n soort van tronkstraf en fisiese straf wat hierdie "Bybelse wette" vir die mens inhou. Hy sê voorts dat mediese navorsing bewys het dat onthouding ernstige frustrasie en gevolge vir die mens kan inhou. "Sex-starvation can cause a high level of anxiety. Freud himself found this. One of his early collaborators Wilhelm Reich went so far as to say that sexual abstinence is dangerous and absolutely harmful to health" (Bennion, 1991:106).

3.13.1 Gevolgtrekking:

Seksuele frustrasie het grootliks die rede te danke daarvoor dat seks slegs "toelaatbaar" in die huwelik is, en sodoende word mense gedwing om sonder noodsaaklike orgasmes klaar te kom.

3.14 Moderne terapeutiese benadering vir seksuele frustrasie in die huwelik

Laughren en Kass (1975:281) sê dat daar oor die afgelope dekade aansienlike vordering gemaak is op die gebied van behandeling van seksuele disfunksies. Hierdie is 'n area wat deur baie dogma maar min data gekarakteriseer is. Daar was oor die algemeen swak ondersoeke en uitslae, hetsy dit met of sonder behandeling gepaard gegaan het. Die meeste van die onlangse sukses is te danke aan 'gedrags terapie'.

Dus, die sukses vir die oplossing van seksuele frustrasie in die huwelik in die sekulêre samelewing word grootliks gebaseer op gedragsterapie. 'n Samevattende woord vir die breë spektrum van seksuele probleme in die huwelik

word gebruik as “discomfort”. Hierdie sluit probleme in soos angs, skaamte, seksuele hindernisse, skuldgevoelens, kwade gevoelens, verveeldheid, en die druk om te “perform”. Hand aan hand hiermee gaan seksuele oneffektiwiteit, wat die absentia of die verloor van ’n ereksie behels, onwillekeurige en te vroeë saadstorting, soms die onvermoë tot saadstorting, die onvermoë van orgasme, vaginismus asook pyn.

Die basiese doel van hierdie integrale program is om paartjies te help om van hierdie ongemak ontslae te raak tydens seksuele gemeenskap en om hierdie “discomfort” gevoelens te vervang met “comfort” gevoelens, ingesluit ’n algehele gevoel van ontspanning en om goed te voel, en om liefde, bevrediging, plesier, aangedaan en begeerlik te voel. Terselfdertyd word die hoop uitgespreek dat seksuele oneffektiwiteit vervang word met seksuele effektiwiteit, ingesluit die behouding van ’n ereksie, die genoegsame tydsvertraging van orgasme by die man, en die algehele gesamentlike orgasme van die man en die vrou (Laughren en Kass, 1975:281).

Laughren en Kass (1975:281) sê dat die basiese gedragsterapiemodel seksuele disfunksies behandel deur gebruik te maak van desensitisasie. Hierdie metode kan teoreties gesien word as “either as reciprocal inhibition of undesirable responses with desirable responses, or as simple operant extinction of undesirable responses and operant shaping of desirable responses.” Die hoofsaaklike benadering van hierdie terapeutiese proses ten opsigte van desensitisasie word gekategoriseer as of sistematies of kunsmatige desensitisasie. Sistematiese desensitasie behels die geleidelike gebruik van “hierarchies of fearful imaginable scenes and relaxation” of deur self-induksie deur opleiding of deur die toediening en administrasie van “anxiolytic drugs”. Kunsmatige desensitisasie behels die afbreek van komplekse en vreesaanjaende gedagtes of take in geleidelike stappe sodat die bevreesde individu geleidelik kan beweeg in die rigting van die finale taak of gedagte, terwyl ’n lae vlak van angs behou word.

3.14.1 Gevolgtrekking:

Sukses vir moderne terapeutiese benadering vir seksuele frustrasie in die huwelik word toegeskryf aan gedragsterapie. Dit behels of 'n sistematiese metode van desensitisasie of kunsmatige desensitisasie

3.15 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3

Uit die hoofstuk 3 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Uit die oogpunt van die sekulêre mens, is dit duidelik dat die seksuele nie geskep is deur 'n Skepper nie, maar dat dit spontaan ontstaan het miljoene jare gelede, en die eindresultaat is dit wat die mens vandag het.
- Die doel van die seksuele volgens die sekulêre mens, is nou verbonde aan die doel wat die Bybel aan die seksuele koppel. Eerstens is dit daar vir plesier, tweedens vir voorplanting en laastens ook vir liefde. In teenstelling met die kind van God, plaas die sekulêre mens geweldig baie klem op die plesier van die seksuele.
- Die oorsprong van die seksuele frustrasie in die oë van die sekulêre wêreld, is afkomstig van die Christelike godsdiens. Verskeie skrywers soos Pertot, Bennion, Godow, Hendrix, Davis, Califia en nog vele ander, maak hierdie stellings wat die blaam vir die wêreld se seksuele probleme op godsdiens plaas en spesifiek die Christelike godsdiens.
- Dit is 'n onomwonde feit, dat in die oë van die sekulêre wêreld die blaam vir seksuele disfunksies en seksuele frustrasie afkomstig is van die Christelike godsdiens en dat die wêreld se seksprobleme gebore is uit die Christelike denkwyses en gebruike. Sodanig so dat seks beskou word as sonde en dat seks vuil is.
- Dit blyk uit studies dat die kerk en sy leer oor die seksuele die oorsaak is van seksuele disfunksies en seksuele frustrasie en dat die moderne Westerse wêreld dit nie meer aanvaar nie. Daarom dat hulle die sienings en die leer van die kerk totaal en al verwerp.
- Sekere seksuele versteurings (misbruike verbonde aan seks) word by die mens gevind en hierdie word hoofsaaklik verdeel in vier groepe, naamlik:

(a) Geslagsidentiteitsversteurings. 'n Geslagsidentiteitsversteuring kom voor wanneer die kerngeslagsidentiteit, die geslagsrolidentiteit en meestal ook die seksuele oriëntasie in disharmonie met die biologiese geslag is. Die bekendste voorbeeld van geslagsidentiteitsversteurings is transseksualisme. (b) Parafilieë. Die begrip parafilieë verwys na die bestaan van 'n afwyking (para) wat verband hou met seksuele aangetrokkenheid (filie). Hieronder sorteer Fetisjisme, Transvestitisme, pedofilie, Ekshibisionisme en ander soos seksuele masochisme (dit is wanneer die persoon seksuele bevrediging verkry indien hy tydens 'n seksuele ervaring gepynig, gestraf of psigologiese verneder word); Seksuele sadisme (dit word gekenmerk deur doelbewuste pyniging, besering of psigologiese vernedering van die seksmaat met die oog op verkryging van 'n orgasme); en Soöfilie (Dit is seksuele kontak met diere). (c) Seksuele disfunksies. Seksuele disfunksies verwys hoofsaaklik na die onvermoë of versteuring om seksuele bevrediging te verkry. Impotensie by die man en die onvermoë om orgasme te bereik by die vrou is van die bekendste seksuele disfunksies. (d) Spanning oor 'n mens se seksuele oriëntasie. Homoseksualisme is nie meer 'n disfunksie nie, maar is 'n erkende norm vandag.

- Seksuele disfunksies wat aanleiding kan gee tot seksuele frustrasie soos vrees, bekommernis of angs, speel 'n baie groot rol in seksuele disfunksie by die mens, en vrees word deur Davis bo-aan die lys geplaas van seksuele disfunksies. Van hierdie vrese is; vrees vir swangerskap, vrees om te faal, vrees om jou maat teleur te stel, vrees om beheer te verloor, en vrees veroorsaak deur trauma. Alhoewel seksueel oordraagbare siektes soos MIV/VIGS 'n pandemie in die wêreld is, is syfers nie aan die afneem nie, maar styg dit daagliks. Die navorser maak dus die gevolgtrekking dat seksueel oordraagbare siektes nie 'n vrees tydens seksuele omgang te weeg bring nie.
- Alhoewel seksuele probleme en seksuele frustrasie spruit uit komplekse interpersoonlike en persoonlike probleme, is daar in 'n groot mate ook

seksuele probleme en frustrasie as gevolg van seksuele onkunde.

- Kommunikasie is die ruggraat van 'n goeie seksuele verhouding. Dit is onmoontlik vir 'n seksuele verhouding om voort te bestaan as daar nie kommunikasie is nie. Wanneer kommunikasie ontbreek, of selfs gebrekkig is, is dit vanselfsprekend dat seksuele probleme en frustrasie ook teenwoordig kan wees.
- Ander misbruike verbonde aan seks is verkragting, moord, pornografie, seks as 'n finansiële inkomste (Hoerery) en bloedskande.
- Seksuele frustrasie in die sekulêre wêreld word gekenmerk as "teleurstelling en nederlaag" voor, tydens of na die seksuele daad as gevolg van Christelike godsdienste.
- Moontlike oplossings vir seksuele frustrasie wat deur Bennion aan die hand gevoer word sluit in dat die volgende broodnodige dienste 'n oplossing sal wees; (A) Skoling en opleiding vir seks. (B) Beschikbaarheid vir orgasme. (C) Verbetering van die orgasme. (D) Bekendstellingsdienste. (E) Dienste wat kan help met ongewenste swangerskappe. (F) Inligtingsdienste.
- Seksuele frustrasie is grootliks te danke daaraan dat seks slegs "toelaatbaar" in die huwelik is, en sodoende word mense gedwing om sonder noodsaaklike orgasmes klaar te kom.
- Sukses vir moderne terapeutiese benadering vir seksuele frustrasie in die huwelik word toegeskryf aan gedragsterapie. Dit behels of 'n sistematiese metode van desensitisasie of kunsmatige desensitisasie.
- Dus kan in kort opgesom word dat volgens die sekulêre mens het seks miljoene jare terug ontstaan, en God was nie die skepper daarvan nie. Seksuele frustrasie is afkomstig van die Christelike godsdienste, omdat seks beskou word as sonde en vuil. Die moderne Westerse wêreld aanvaar dit nie meer nie en huldig nou hulle eie voorkeure van seksuele gebruik. Die resultaat daarvan is seksuele versteurings en disfunksies, wat aan die orde van die dag is in die moderne samelewing. Seksuele frustrasie spruit hieruit as gevolg van sekere probleme soos vrees,

kommunikasie, misbruik van die seksuele ensovoorts. Oplossings volgens sekulêre denke is gedragsterapie en dat seks is nie meer net vir die huwelik is nie, maar dat dit vry beskikbaar moet wees, as die mens 'n behoefte aan orgasme het.

HOOFSTUK 4

'n EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE AARD VAN SEKSUELE FRUSTRASIE IN DIE HUWELIK

4.1 Inleiding

Die fokus van hierdie studie is om seksuele frustrasie in die huwelik te identifiseer en bestaande terapie daarvoor te ondersoek. Die doel van hierdie navorsing is om resultate te verkry wat rigtingaanduidend kan wees rakende metodes om die persone wat deur seksuele frustrasie gekniehalter word, suksesvol te beraad. Die seksuele soos dit oorspronklik deur God beplan is, moet 'n werklikheid kan word vir die wat gebuk gaan onder seksuele frustrasie. Om hierdie oogmerk te bereik volg hierdie studie die prakties-teologiese model van Zerfass (vgl. Louw, 1998:75) soos uiteengesit in hoofstuk 1. Die volgende stap in hierdie navorsing is die implementering van 'n empiriese studie, en die resultate sal aan die hand van die basis- en metateoretiese perspektiewe in die praktyk getoets word.

4.2 Empiriese navorsing

Die doel van 'n empiriese ondersoek is in die eerste plek volgens Heyns & Pieterse, (1990:75) om samehange vergelykings ensovoorts te omskryf. Op grond van getalle kan woordelikse omskrywings meer presies wees. Tweedens het 'n empiriese ondersoek 'n verklarende waarde vir die vak, en derdens het dit waarde deurdat dit die mens in staat stel om teorieë meer op die praksis te betrek, wat uitloop op 'n beter praksis. Volgens Cohen & Manion (1991:13) is empiriese navorsing die bewys van inligting wat verkry is deur observasie, dit is verifieerbaar, en die data is die bewys of baie sterk bevestiging van hierdie inligting. Aan die einde van hierdie studie sal die navorser poog, om seksuele frustrasie in die huwelik meer aanvaarbaar te maak en selfs probeer om dit te

elimineer deur 'n verstelde praktykteorie te formuleer volgens die model van Zeffass (vgl. Louw, 1998:75).

4.3 Doelwit

Die doel van hierdie empiriese ondersoek is om deur middel van 'n kwantitatiewe ondersoek te bepaal wat die rol van seksuele frustrasie binne die konteks van die huwelik is. In hierdie ondersoek word beoog om seksuele frustrasie in die huwelik te identifiseer en bestaande terapie daarvoor te ondersoek. Vraelyste sal voorsien word aan 5 getroude paartjies. Die vraelyste sal geëvalueer word en aan hulle wat 'n aanduiding gegee het vir opvolg, sal Bybelse terapie voorgestel word ter vervanging van moderne Psigologiese terapeutiese benaderings.

4.4 Empiriese ondersoek – metode

Volgens Pieterse (1998:191) is navorsing óf kwantitatief óf kwalitatief óf dit kan op beide maniere gedoen kan word. Hierdie studie volg die kwantitatiewe metode, waar deduktief te werk gegaan word – dit beteken dat sekere bevindinge verkry word uit die materiaal (deduktief) wat deur middel van vraelyste van betrokke persone bekom is. Volgens Janse van Rensburg (2007) opereer kwantitatiewe navorsing hoofsaaklik op 'n afstand sonder noodwendige menslike kontak en die resultate is op veralgemeende afleidings afgestem. Die grondmotief vir kwantitatiewe navorsing volgens Janse van Rensburg (2007) is logiese positivisme. “Wat is die bewese feite?” is die waarheidsvraag van die positivisme. Ten einde hierdie bewese feite na te vors, maak hierdie empiriese ondersoek gebruik van (i) Huwelikstevredenheid profiel-IMS (Bylae D), (ii) Indeks van seksuele tevredenheid-ISS (Bylae E) en (iii) Seksuele houding profiel-SAS (Bylae F) vraelyste. Al drie vraelyste is voorsien deur Perspektief Opleidingskollege (Potchefstroom) en is met hulle toestemming gebruik (Bylae A).

Al drie (ISS), (SAS) en (IMS) vraelyste is pen en papier, self-invul meet-

instrumente, en elke vraelys bestaan uit 25 vrae wat 'n totaal opmaak van 75 vrae. Elke skaal word per hand en deur 'n rekenaarprogram (Paswin) geëvalueer en daarna word 'n grafiese skaal uitgedruk wat begin by nul en gaan tot 100. Kommentaar word deur die rekenaar program voorsien ten opsigte van die persentasiepunt wat gegee word. Elke vraag het 'n moontlikheid van 7 antwoorde. Met herhaalde gebruik van die Paswin-program tydens pastorale berading, is die effektiwiteit en akkuraatheid van hierdie program alreeds bewys deurdat probleempunte uitgewys word nog voordat die kliënt bewus is van die moontlikheid van sodanige spesifieke probleem. Vir die betroubaarheid en geldigheid van hierdie program en meetinstrumente sien Bylae G - Basiese meting en interpretasie vereistes.

4.4.1 Kwantitatiewe ondersoek

Weens die sensitiwiteit van hierdie ondersoek is vraelyste willekeurig voorsien aan 15 getroude paartjies binne die plaaslike gemeenskap. Vraelyste is voorsien van 'n dekbrieff in Afrikaans (Bylae B) en Engels (Bylae C) en 'n self-geadresseerde koevert, om anonimiteit te verseker. Van die 15 vraelyste het net 8 terug gekom. Die enigste persoonlike inligting wat op die vorm verstrekk word, is die ouderdom, geslag en hoeveelheid jare wat die paartjies getroud is.

4.4.2 Rasionaal

Omdat daar van Bybelse berading en terapie gebruik gemaak gaan word, was die rasionaal agter die vraelyste om uit vind of:

- (a) Die persone seksueel tevrede is.
- (b) Die persone 'n liberale of konserwatiewe seksuele houding het, en
- (c) Die persone huwelikstevredenheid ervaar.

4.4.3 Metode van ondersoek

Die berader het uit verskeie beradingsessies met getroude paartjies, tydens hierdie projek en voor dit, tot die gevolgtrekking gekom dat die oorgrote meerderheid mense nie openlik oor hulle seksuele lewe wil praat nie, en dat dit

wat binne die slaapkamer gebeur, 'n groot geheim is. Dit het 'n aansienlike probleem vir die navorser teweeg gebring, aangesien hy betroubare inligting nodig het om die empiriese studie te kan doen. Met verdere gesprekvoering het dit aan die lig gekom dat sommige paartjies wel bereid is om die vraelyste te voltooi, maar weens die sensitiwiteit van hierdie ondersoek, het almal aangedui dat hulle ten alle tye anoniem wil bly.

4.4.3.1 Vraelyste

Drie tipes vraelyste is aan die respondente verskaf. Elke vraelys het 25 vrae gehad. Die vraelyste staan bekend as:

- **Huwelikstevredenheid (IMS)** (Bylae D)
- **Seksuele tevredenheid (ISS)** (Bylae E)
- **Seksuele houding (SAS)** (Bylae F)

4.4.3.2 Tabele met data

4.4.3.2.1 Tabele met data vir mans en dames met 'n gemiddelde persentasie

	M	A	N	S		GEM.	D	A	M	E	S	GEM.
	A	B	C	D	E		A	B	C	D	E	
ISS Algeheel	23	38	25	44	16	29	14	44	30	39	45	34
ISS Positief	31	49	25	53	25	37	19	67	28	44	57	43
ISS Negatief	30	30	26	36	8	26	10	24	33	35	35	27
SAS	20	47	46	73	20	41	30	46	60	66	76	56
IMS Algeheel	13	23	20	28	0	17	11	15	9	4	17	11
IMS Positief	15	23	21	19	0	16	15	19	10	12	17	15
IMS Negatief	24	24	21	39	0	22	7	11	8	10	18	11

Die tabelle dui die persentasiepunte van elke man en vrou afsonderlik aan, met die mans aan die linkerkant van die tabel en die vrouens regs. Persentasiepunte vir elke persoon se beantwoorde vrae loop van bo na onder vir al drie die voltooide vraelyste. Hoe nader aan 0%, hoe minder is die persentasie frustrasie wat beleef word, behalwe vir die skaal (SAS), wat slegs 'n aanduiding is van hoe liberaal of konserwatief 'n persoon is. Die skeidingslyn is 50%.

4.4.3.2.2 Tabelle met data van persentasie vir mans en dames

Die volgende tabel dui slegs persentasie van die voltooide vraelyste in groepe van paartjies aan. Die mans en vrouens van elke paartjie se punte word hier teenoor mekaar gestel en die gevolgtrekkings hiervan word afsonderlik behandel in elke paartjie se uiteensetting.

	M	D	M	D	M	D	M	D	M	D
Paartjie	A	A	B	B	C	C	D	D	E	E
ISS Algeheel	23	14	38	44	25	30	44	39	16	45
ISS Positief	31	19	49	67	25	28	53	44	25	57
ISS Negatief	30	10	30	24	26	33	36	35	8	35
SAS	20	30	47	46	46	60	73	66	20	76
IMS Algeheel	13	11	23	15	20	9	28	4	0	17
IMS Positief	15	15	23	19	21	10	19	12	0	17
IMS Negatief	24	7	24	11	21	8	39	10	0	18

4.4.3.2.3 Tegniese aspekte

Alle onverwerkte materiaal van alle terug-ontvangde koeverte is by die navorser beskikbaar. Elke vraelys met antwoorde op is getranskribeer en gerekenariseerd. Alle vraelyste is behoorlik deurgewerk met die spesifieke oogpunt om moontlike seksuele frustrasie te identifiseer by elke individu en in die konteks van daardie paartjie se huwelik, asook seksuele frustrasie in die

algemeen.

4.4.3.4 Ontleding van data van 5 paartjies

Die data van elke vraelys is ontleed met betrekking tot die individu self en in die konteks van sy/haar huwelik. Die betrokke data is in die rekenaarprogram (Paswin) ingevoer sowel as in die tabelle vir die mans en dames. Alhoewel Paswin die data verwerk na 'n grafiese punt toe, het die navorser die vrae opgedeel in positiewe en negatiewe vrae. Die rede hiervoor is dat die positiewe vrae meer lig werp op seksuele frustrasie in die algemeen. Die data van hierdie positiewe en negatiewe is met die hand geskaal en die persentasiepunt op die betrokke tabel ingevoer.

Die grafiese ontleding voorsien deur die rekenaarprogram, gee vir elke skaal 'n afsnypunt wat normale funksioneringsareas aandui, asook 'n kliniese afsnypunt (25% - 35%), wat op 'n waarskuwing dui. Resultate ten opsigte van die (ISS) en (IMS) skale onder die afsnypunt dui op normale funksionering, terwyl resultate bo die kliniese afsnypunt 'verbetering is nodig' aandui. Die afsnypunt vir (ISS) en (IMS) is 25%. Ten opsigte van die (SAS) is die afsnypunt 50%. Hoe nader die punt aan 'n 100% is, hoe meer konserwatiewe seksuele houding het die persoon. Hoe nader die punt aan 0% is, hoe meer van 'n liberale seksuele houding het die persoon.

Die meting aan die hand van positiewe en negatiewe vrae is slegs hier op toepassing vir Seksuele tevredenheid (ISS) en Huwelikstevredenheid (IMS). Die Seksuele houding (SAS) skaal is slegs in die rekenaarprogram ingevoer, aangesien die skaal geen kliniese afsnypunt bevat nie, maar slegs seksuele houding meet (liberaal of konserwatief). Beide die (ISS) en die (IMS) is opgedeel in positiewe vrae sowel as negatiewe vrae.

4.4.3.4.1 Paartjie A

Die man, 29 jaar oud en getroud vir 1 jaar en 6 maande:

Seksuele tevredenheid (Algeheel)	22.6%
Seksuele tevredenheid (Positief)	30.5%
Seksuele tevredenheid (Negatief)	29.5%
Seksuele houding (Algeheel)	20%
Huwelikstevredenheid (Algeheel)	13.3%
Huwelikstevredenheid (Positief)	15.3%
Huwelikstevredenheid (Negatief)	23.6%

Gevolgtrekking:

Die man van paartjie A se punte dui daarop dat hy in 'n mate seksuele tevredenheid beleef met 'n algehele punt van 22.6%, maar sy positiewe seksuele tevredenheidsvrae lê binne die kliniese afsnypunt met 30.5%. Sy algehele huweliks tevredenheid is 13.3%. Man A het 'n liberale seksuele houding.

Die vrou, 26 jaar oud en getroud vir 1 jaar en 6 maande:

Seksuele tevredenheid (Algeheel)	14%
Seksuele tevredenheid (Positief)	19.4%
Seksuele tevredenheid (Negatief)	10.2%
Seksuele houding (Algeheel)	30%
Huwelikstevredenheid (Algeheel)	11%
Huwelikstevredenheid (Positief)	15.3%
Huwelikstevredenheid (Negatief)	6.9%

Gevolgtrekking:

Die vrou van paartjie A se punte dui daarop dat sy seksuele (14%) sowel as huwelikstevredenheid (11%) beleef en dat sy 'n liberale seksuele houding (30%) het.

Gevolgtrekking vir Paartjie A

Uit die resultate van die punte van die man, is dit duidelik dat die man wel seksuele frustrasie kan beleef, ten spyte van sy lae liberale siening oor die seksuele. Alhoewel hy seksuele frustrasie kan beleef, is die huwelikstevredenheid van beide die man sowel as die vrou baie naby aan dieselfde, behalwe die huwelikstevredenheid (Negatief) van die man (23.6%) wat aansienlik hoër is die vrou (6.9%). Dit is duidelik dat die man nie dieselfde voel oor huwelik as die vrou nie, en kan verder dui op 'n gebrek aan kommunikasie, wat weereens 'n groot oorsaak is van seksuele frustrasie. Die man "cope" heelwaarskynlik met sy frustrasie deur of gebruik te maak van masturbasie (vraag 17,25) van die (SAS) vraelys of 'n buite-egtelike seksuele verhouding (vraag 2,13,22) van die (SAS) vraelys (Sien Bylae F). Opsig blyk dit dat hierdie huwelik gesond kan wees, maar daar is definitief plek vir verbetering. Wat ook waar kan wees vir hierdie paartjie, is dat seksuele tevredenheid wel 'n gesonde huwelik teweeg bring.

4.4.3.4.2 Paartjie B

Die man, 43 jaar oud en getroud vir 17 jaar:

Seksuele tevredenheid (Algeheel)	38%
Seksuele tevredenheid (Positief)	48.6%
Seksuele tevredenheid (Negatief)	29.5%
Seksuele houding (Algeheel)	47%
Huwelikstevredenheid (Algeheel)	23%
Huwelikstevredenheid (Positief)	23%
Huwelikstevredenheid (Negatief)	23.6%

Gevolgtrekking:

Die man van paartjie B se punte dui daarop dat hy nie seksuele tevredenheid beleef nie met 'n algehele punt van 38%, en sy positiewe seksuele tevredenheidsvrae is nog hoër met 48.6%. Sy negatiewe seksuele tevredenheidsvrae is binne die kliniese afsnypunt met 29.5%.

Sy algehele huwelikstevredenheid is 23.%. Man B het 'n liberale seksuele houding met 47%.

Die vrou, 37 jaar oud en getroud vir 17 jaar:

Seksuele tevredenheid (Algeheel)	44%
Seksuele tevredenheid (Positief)	66.6%
Seksuele tevredenheid (Negatief)	24.3%
Seksuele houding (Algeheel)	46%
Huwelikstevredenheid (Algeheel)	15%
Huwelikstevredenheid (Positief)	19.2%
Huwelikstevredenheid (Negatief)	11.1%

Gevolgtrekking:

Die vrou van paartjie B se punte dui daarop dat sy nie seksueel tevredenheid beleef nie met 'n algehele punt van 44%, en haar positiewe seksuele tevredenheidsvrae is nog hoër met 66.6%. Haar negatiewe seksuele tevredenheidsvrae is baie naby aan die kliniese afsnypunt met 24.3%. Haar algehele huwelikstevredenheid is 15%. Vrou B het 'n liberale seksuele houding met 46%.

Gevolgtrekking vir Paartjie B

Uit die resultate van die punte van die man en die vrou, is dit duidelik dat die man en die vrou seksuele frustrasie beleef. Alhoewel hulle seksuele frustrasie beleef, is die huwelikstevredenheid van beide die man sowel as die vrou binne die aanvaarbare norm, maar dit is duidelik dat die man sy huwelik minder tevrede beleef as die vrou. Wat opvallend is in hierdie huwelik is dat die vrou in 'n baie groot mate meer seksuele frustrasie beleef as die man, maar sy is meer tevrede met haar huwelik. Dit kan dui op 'n gebrek aan kommunikasie en vrees, wat weereens 'n groot oorsaak is van seksuele frustrasie. Die algehele norm dat vroue op hulle seksuele piek is by ouderdom 30 tot 40, blyk in hierdie geval waar te wees, en dat die man nie kan voorsien aan sy vrou se seksuele behoeftes nie.

Opsig blyk dit dat hierdie huwelik gesond kan wees, maar dat daar definitiewe seksuele frustrasie teenwoordig is, is rede tot kommer. Hierdie paartjie sal moet aandag gee aan hulle seksuele lewe, voordat meer ernstige huweliksprobleme ontwikkel.

4.4.3.4.3 Paartjie C

Die man, 32 jaar oud en getroud vir 6 jaar:

Seksuele tevredenheid (Algeheel)	25%
Seksuele tevredenheid (Positief)	25%
Seksuele tevredenheid (Negatief)	25.6%
Seksuele houding (Algeheel)	46%
Huwelikstevredenheid (Algeheel)	20%
Huwelikstevredenheid (Positief)	20.5%
Huwelikstevredenheid (Negatief)	20.8%

Gevolgtrekking:

Die man van paartjie C se punte dui daarop dat hy nie seksuele tevredenheid beleef nie, met 'n algehele punt (25.6%) wat binne die kliniese afsnypunt is. Sy positiewe seksuele tevredenheidsvrae (25%) en sy negatiewe seksuele tevredenheidsvrae is ook binne die kliniese afsnypunt met 25.6%. Sy algehele huwelikstevredenheid is 20%. Man C het 'n liberale seksuele houding met 46%.

Die vrou, 32 jaar oud en getroud vir 6 jaar:

Seksuele tevredenheid (Algeheel)	30%
Seksuele tevredenheid (Positief)	27.7%
Seksuele tevredenheid (Negatief)	33.3%
Seksuele houding (Algeheel)	60%
Huwelikstevredenheid (Algeheel)	9%
Huwelikstevredenheid (Positief)	10.2%

Huwelikstevredenheid (Negatief)	8.3%
---------------------------------	------

Gevolgtrekking:

Die vrou van paartjie C se punte dui daarop dat sy nie seksueel tevredenheid beleef nie met 'n algehele punt van 30%, en haar positiewe seksuele tevredenheidsvrae is 27.7%. Haar negatiewe seksuele tevredenheidsvrae is hoër as die positiewe met 33.3%. Haar algehele huwelikstevredenheid is 9%. Vrou C het 'n konserwatiewe seksuele houding met 60%.

Gevolgtrekking vir Paartjie C

Uit die resultate van die punte van die man en die vrou, is dit duidelik dat die man en die vrou seksuele frustrasie beleef en in 'n groter mate die vrou. Alhoewel hulle seksuele frustrasie beleef, is die huwelikstevredenheid van beide die man sowel as die vrou binne die aanvaarbare norm, maar dit is duidelik dat die man sy huwelik minder tevrede beleef as die vrou. Wat opvallend is in hierdie huwelik is dat die vrou in 'n baie groot mate meer seksuele frustrasie beleef as die man, maar sy is meer tevrede met haar huwelik. Dit kan dui op 'n gebrek aan kommunikasie, wat weereens 'n groot oorsaak is van seksuele frustrasie. Die algehele norm dat vrouens op hulle seksuele piek is by ouderdom 30 tot 40, blyk in hierdie geval waar te wees, en dat die man nie kan voorsien aan sy vrou se seksuele behoeftes nie. Opsig blyk dit dat hierdie huwelik gesond kan wees, maar dat daar definitiewe seksuele frustrasie teenwoordig is, is rede tot kommer. Hierdie paartjie sal ook moet aandag gee aan hulle seksuele lewe, voordat meer ernstige huweliksprobleme ontwikkel.

4.4.3.4.4 Paartjie D

Die man, 36 jaar oud en getroud vir 5 jaar:

Seksuele tevredenheid (Algeheel)	44%
Seksuele tevredenheid (Positief)	52.7%
Seksuele tevredenheid (Negatief)	35.9%

Seksuele houding (Algeheel)	73%
Huwelikstevredenheid (Algeheel)	28%
Huwelikstevredenheid (Positief)	19.2%
Huwelikstevredenheid (Negatief)	38.8%

Gevolgtrekking:

Die man van paartjie D se punte dui daarop dat hy nie seksuele tevredenheid beleef nie, met 'n algehele punt van (44%). Sy positiewe seksuele tevredenheidsvrae (52.7%) is baie hoog en sy negatiewe seksuele tevredenheidsvrae is binne die kliniese afsnypunt met 35.9%. Sy algehele huwelikstevredenheid is 28.%, met die negatiewe vrae (38.8%). Man F het 'n konserwatiewe seksuele houding met 73%.

Die vrou, 35 jaar oud en getroud vir 5 jaar:

Seksuele tevredenheid (Algeheel)	39%
Seksuele tevredenheid (Positief)	44.4%
Seksuele tevredenheid (Negatief)	34.6%
Seksuele houding (Algeheel)	66%
Huwelikstevredenheid (Algeheel)	4%
Huwelikstevredenheid (Positief)	11.5%
Huwelikstevredenheid (Negatief)	9.7%

Gevolgtrekking:

Die vrou van paartjie D se punte dui daarop dat sy nie seksueel tevredenheid beleef nie met 'n algehele punt van 39%. Haar positiewe seksuele tevredenheidsvrae is 44.4%. Haar negatiewe seksuele tevredenheidsvrae is 34.6%. Haar algehele huwelikstevredenheid is 4%. Vrou D het 'n konserwatiewe seksuele houding met 66%.

Gevolgtrekking vir Paartjie D

Uit die resultate van die punte van die man en die vrou, is dit duidelik dat die man

en die vrou seksuele frustrasie beleef en in 'n meer mate die man. Die huwelikstevredenheid van die man is kommerwekkend. Die vrou beleef wel seksuele frustrasie, maar is hoogs tevrede met haar huwelik (4%). Dit is duidelik dat die man sy huwelik baie minder tevrede beleef as die vrou. Wat ook opvallend is in hierdie huwelik is dat die vrou 'n baie groot huwelikstevredenheid beleef, ten spyte van haar seksuele behoeftes waaraan nie voldoen word nie. Dit kan dui op 'n gebrek aan kommunikasie, wat weereens 'n groot oorsaak is van seksuele frustrasie. Opsig blyk dit dat hierdie huwelik gesond kan wees vanaf die vrou se kant, maar dat daar definitiewe seksuele frustrasie by die man teenwoordig is, is rede tot kommer. Hierdie paartjie sal ook moet aandag gee aan kommunikasie en hulle seksuele lewe, voordat meer ernstige huweliksprobleme ontwikkel.

4.4.3.4.5 Paartjie E

Die man, 31 jaar oud en getroud vir 6 jaar:

Seksuele tevredenheid (Algeheel)	16%
Seksuele tevredenheid (Positief)	25%
Seksuele tevredenheid (Negatief)	7.6%
Seksuele houding (Algeheel)	20%
Huwelikstevredenheid (Algeheel)	0%
Huwelikstevredenheid (Positief)	0%
Huwelikstevredenheid (Negatief)	0%

Gevolgtrekking:

Die man van paartjie E se punte dui daarop dat hy seksuele tevredenheid beleef, met 'n algehele punt (16%). Sy positiewe seksuele tevredenheidsvrae (25%) dui op 'n moontlike frustrasie, maar is binne die kliniese afsnypunt, en sy negatiewe seksuele tevredenheidsvrae is 7.6%. Sy algehele huwelikstevredenheid is 0%. Man E het 'n liberale seksuele houding met 20%.

Die vrou, 33 jaar oud en getroud vir 6 jaar:

Seksuele tevredenheid (Algeheel)	45%
Seksuele tevredenheid (Positief)	56.9%
Seksuele tevredenheid (Negatief)	34.6%
Seksuele houding (Algeheel)	76%
Huwelikstevredenheid (Algeheel)	17%
Huwelikstevredenheid (Positief)	16.6%
Huwelikstevredenheid (Negatief)	18%

Gevolgtrekking:

Die vrou van paartjie E se punte dui daarop dat sy nie seksueel tevredenheid beleef nie met 'n algehele punt van 45%. Haar positiewe seksuele tevredenheidsvrae is 56.9%. Haar negatiewe seksuele tevredenheidsvrae is 34.6%. Haar algehele huwelikstevredenheid is 17%. Vrou E het 'n konserwatiewe seksuele houding met 76%.

Gevolgtrekking vir Paartjie E

Uit die resultate van die punte van die man en die vrou, is dit duidelik dat die vrou seksuele frustrasie beleef. Die huwelikstevredenheid van die man is kommerwekkend (0%). Wat die navorser bekommerd maak is dat hierdie "goeie" skaal nie heeltemal waar kan wees nie. Daar is hoofsaaklik twee redes vir hierdie resultaat. (1) Of die man was oneerlik tydens die invul van die skale, (2) Of hy is baie dominerend in die huwelik en kry alles volgens sy sin. Hierdie gevolgtrekking kan gemaak word as daar gekyk word na die vrou se skale. Die vrou beleef wel seksuele frustrasie, maar is tog tevrede met haar huwelik (17%). Dit is duidelik dat die vrou haar huwelik baie minder tevrede beleef as die man. Wat ook opvallend is in hierdie huwelik is dat die man 'n baie groot huwelikstevredenheid beleef, ten spyte daarvan dat hy sy vrou se seksuele behoeftes nie kan bevredig nie. Dit kan dui op 'n gebrek aan kommunikasie, wat weereens 'n groot oorsaak is van seksuele frustrasie, of op 'n selfsugtige man wat net kry wat hy wil en dink sy huwelik is 100%.

4.4.3.5 Algemene opmerkings

Van die 5 paartjies wat ontleed is, is die gemiddelde ouderdom 34,2 jaar vir die mans en 32,6 vir die dames. Die aantal jare getroud vir hierdie 5 paartjies is 5 jaar vir 3, en 1 en 17 jaar onderskeidelik vir twee ander. Paartjie E se man se antwoorde blyk nie die waarheid te wees nie.

4.4.4 Gevolgtrekking van empiriese ondersoek

Volgens die empiriese ondersoek is daar 'n definitiewe teenwoordigheid van seksuele frustrasie in huwelike. Alhoewel die algehele persentasie van sommige paartjies dui daarop dat hulle sekslewe geen probleme het nie, word die seksuele frustrasie wel ontbloot deur die positiewe en negatiewe vrae te skei. Dus kan daar die volgende afleidings gemaak word:

Die meeste van die paartjies dui aan dat hulle wel huwelikstevredenheid beleef, maar huwelikstevredenheid dui nie noodwendig daarop dat daar 'n gesonde sekslewe bestaan nie. Waar daar 'n gesonde sekslewe is, is dit duidelik dat daar 'n goeie huwelikstevredenheid is ten opsigte van die mans, maar wat nogal interessant is dat die vrouens oor die algemeen 'n groter seksuele frustrasie beleef as die mans, en tog dui hulle aan dat hulle 'n goeie huwelikstevredenheid beleef. Die gevolgtrekking wat die navorser daaruit kan maak is dat seks nie soseer die bousteen in die huwelik is vir die vrouens nie, maar wel vir die mans. Dit klop met die stelling dat seks vir die man 'n baie groter rol in die huwelik speel as die vrou. Anders as by die man, beleef die vrouens wel seksuele frustrasie, maar is seks nie die alfa en die omega in die huwelik nie.

As die gemiddeld van 5 paartjies se mans en vrouens afsonderlik geneem word, word die volgende afleidings gemaak: Vrouens beleef oor die algeheel minder seksuele tevredenheid as die mans. Vrouens, ten opsigte van die positiewe seksuele tevredenheidskaal, beleef meer seksuele frustrasie as die mans. Vrouens het 'n meer konserwatiewe houding omtrent die seksuele. Mans beleef in 'n mindere mate algehele huwelikstevredenheid as die vrouens. Met die

huwelikstevredenheid se positiewe en negatiewe skaal, beleef vrouens in 'n groter mate huwelikstevredenheid as die mans, en dit terwyl die vrouens meer seksuele frustrasie beleef as die mans.

Die verskillende persentasiepunte tussen mans en vrouens is 'n aanduiding dat daar kommunikasie in die huwelike ontbreek. Kommunikasie is een van die grootste oorsake van seksuele frustrasie in die huwelik. Waar man en vrou nie eers behoorlik met mekaar kan praat nie, hoe kan die mees intieme oomblik tussen man en vrou oop en spontaan en liefdevol wees? Hierdie is weer 'n oorsaak van vrees. Vrees word veroorsaak omdat man en vrou nie teenoor mekaar openlik kan wees nie, en dit bring geweldige seksuele frustrasie mee. Dit kan afgelei word uit die hoë persentasie vrouens wat seksueel gefrustreer is. Hulle het dalk hierdie vrees, omdat hulle nie vir hulle maat iets wil sê wat dalk 'n konfrontasie kan veroorsaak nie, en gee dan maar toe aan die seksdaad, alhoewel dit hulle frustreer en nie aan hulle eie behoeftes voldoen nie. Dit kan verder daarop dui dat die mans oor die algemeen baie dominerend is, en as hulle seks wil hê, dan aanvaar hulle nie nee vir 'n antwoord nie.

4.5 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4

Uit hoofstuk 4 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Volgens die empiriese ondersoek is daar 'n definitiewe teenwoordigheid van seksuele frustrasie in huwelike. Alhoewel die algehele persentasie van sommige paartjies dui daarop dat hulle sekslewe geen probleme het nie, word die seksuele frustrasie wel ontbloot deur die positiewe en negatiewe vrae te skei.
- Ten opsigte van die mans en in 'n meerdere mate die vrouens, dui huwelikstevredenheid nie noodwendig daarop dat daar 'n gesonde sekslewe bestaan nie. Waar daar 'n gesonde sekslewe is, is dit duidelik dat daar 'n goeie huwelikstevredenheid is.
- Ten opsigte van die vrouens, en in 'n mindere mate die mans, hang huwelikstevredenheid nie noodwendig af van 'n gesonde sekslewe nie.

Waar daar 'n seksuele frustrasie teenwoordig is by die vrou, is dit duidelik dat daar nog steeds 'n goeie huwelikstevredenheid is.

- Vrouens is oor die algemeen meer konserwatief ten opsigte van die seksuele as die man.
- In gevalle waar die man meer liberaal is in sy uitkyk ten opsigte van die seksuele, kan dit dalk die deur oopmaak na vinnige oplossings vir seksuele frustrasies in die huwelik, soos byvoorbeeld buite-egtelike verhoudings, masturbasie ens.
- Die seksuele sy van die huwelik bly nog steeds 'n groot geheim vir enige buitestaander. Dit is selfs vir 'n huweliksberader moeilik om eerlike, openlike en betroubare antwoorde te kry. Een bewys daarvan is dat elkeen van die 15 paartjies aan wie vraelyste gegee is die opsie gehad het om sy of haar naam op die vorm in te vul indien hulle terugvoering wil hê. Daar het slegs 8 vraelyste teruggekom, en almal het anoniem gebly.

4.6 Gevolgtrekking:

Uit hierdie empiriese studie het dit dus duidelik na vore gekom dat die Christen nie gevrywaar is teen seksuele frustrasie nie. Die gemiddelde Christen-paartjies gaan wel gebuk onder seksuele frustrasie, soos hierdie studie bewys. In die lig van die uitslae van hierdie empiriese navorsing is dit duidelik dat 'n gesonde openlike beradingsmodel daargestel moet word, om mense wat gebuk gaan onder seksuele frustrasie, suksesvol te kan beraad. Hierdie model moet openlik verkondig word vanaf preekstoele en dit moet beskikbaar gestel word vir predikante en pastorale beraders, en in so mate dat selfs die wat ontken dat hulle gebuk gaan onder seksuele frustrasie, dit kan beproef om te sien of daar plek vir verbetering is sodat hulle die huwelik te kan smaak soos God dit oorspronklik geskep het.

HOOFSTUK 5

PASTORALE RIGLYNE OM SEKSUELE FRUSTRASIE IN DIE HUWELIK MEER EFFEKTIEF TE KAN HANTEER

5.1 Inleiding

In hoofstuk 3 is daar gefokus op die aard en ontstaan van seksuele frustrasie in die huwelik. Die empiriese ondersoek toon duidelik dat daar probleme bestaan, want egpare kan voorgee dat hulle sekslewe in orde is, maar die teendeel blyk uit die noukeuriger empiriese ondersoek. Hierdie probleme kan grootliks bestaan as gevolg van 'n gebrek aan Bybelse kennis rondom die seksuele, vrees, seksuele onkunde, onrealistiese verwagtinge en swak kommunikasie.

5.2 Doelstelling

In hoofstuk 5 is die primêre doel om die Praktykteorie te ontwerp. Die hermeneutiese wisselwerking tussen die Basisteorie (Hoofstuk 2) en Metateoretiese (Hoofstuk 3) en Empiriese (Hoofstuk 4) ondersoek se gegewens en resultate, sal aangewend word om in hierdie doel te slaag.

Hierdie hoofstuk fokus spesifiek daarop om riglyne vir 'n Skrifgefundeerde beradingsproses aan te dui wat sowel die berader as predikant kan help om mense met seksuele frustrasie suksesvol te beraad.

5.3 Bybelse berading, wat is dit?

Ten eerste is dit duidelik dat berading gaan oor verandering (Maddox, 1994:116), en daarom dat Bybelse berading die oortuiging moet hê dat God se Woord die algehele outoriteit van berading moet wees. Volgens Minirth (2003:1) is Bybelse berading: "The ministry of one individual seeking to help another person

recognize, understand, and solve his or her own problems in accordance with the Word of God.” Waarom sou berading dan nodig wees? Volgens Adams (1973:9) is berading nodig op grond van drie redes wat in die Bybel gegee word, naamlik (1) demoniese aktiwiteit, (2) persoonlike sonde en (3) organiese siekte. Van hierdie drie is sonde die wesenlike oorsaak van die meeste probleme waarmee die mens sukkel. Juis om hierdie rede word die Bybel as hoop voorgehou vir alle sondaars. Daar is definitiewe hoop op herstel. In Christus is daar hoop op herstel of die gebroke mens nou fisies of psigies siek is.

Met Bybelse berading word bedoel:

- Die aanwending van beradingstegnieke soos gevind in die Woord van God.
- Om Woord-gesentreerde berading by bestaande goed-gefundeerde beradingsriglyne te voeg en te gebruik.

Die konsep van psigoterapie gemeng met Bybelse berading, is volgens MacArthur nie Skriftuurlik nie en hierdie twee konsepte is van die begin af vyande met mekaar (MacArthur & Mack, 1994:xiii). Volgens Gerkin (1997:98) het die Psigoterapeutiese pastorale riglyne baie sterk punte wat behoue moet bly, maar dit is onvoldoende om die nood en situasies wat deur hedendaagse probleme voor die deur van die pastorale berader gelê word, die hoof te bied. Alhoewel nuwe wetenskaplike metodes in sekere opsigte baie voordele kan inhou, byvoorbeeld rekenaarprogramme, kan dit nie 'n hartsverandering by die mens teweeg bring nie. Dit dien slegs as hulp vir die berader. Volgens MacArthur (1994:140) is 'n hartsverandering die sentrale punt in die Woord van God waaroor Bybelse berading gaan, en slegs die Heilige Gees kan hierdie fundamentele verandering bewerkstellig in die mens. Psigoterapie kan dus volgens MacArthur (1994:17) nie die mens se hart verander nie. Maddox (1994:116) voeg hierby dat Bybelse berading drie fundamentele sake veronderstel:

- Dat God elke mens geskape het.
- Dat elke mens deur sonde besmet is.
- Dat God vir elke mens voorsiening gemaak het om te verander, deur verlossing in Christus.

Volgens Mack (2004:26-30) is daar drie punte wat Bybelse berading of Christelike berading kenmerk.

Eerstens moet Bybelse berading gestand doen aan die naam van "Christus". Daar kan nie aanspraak gemaak word op Christelike berading as Jesus nie die sentrale punt in berading is nie. "I believed that any counselling that was worthy of the name "Christian" should be *conscientiously and comprehensively* Christ-centred." Om Christelike berading te doen, moet die berader self waarlik wedergebore wees. Laasgenoemde moes self die vernuwingsproses van die Heilige Gees deurgemaak het. Die berader moes self ook na Christus toe gekom het met waarlike sondeberou en geloof, moet Christus erken as Koning en Redder van sy lewe, en moet in gehoorsaamheid sy lewe aan God wy, alvorens hy iemand anders kan help.

Tweedens is Bybelse berading Kerk-gesentreerd. Die Bybel leer duidelik dat die lokale kerk die hoofsaaklike weg is waarvolgens God Sy werk in die wêreld doen. Die Kerk is die plek waar verlorene na Christus geroep word en die instrument waar mense verander word om meer soos Christus te wees. Dit is ook die huis waar mense gehelp word om die ou mens af te lê in terme van denke, handel en gedrag, en dan met die nuwe mens bekleed word, met Christelike denke, aksies, gevoelens, waardes, en gedrag.

Derdens is Bybelse berading Bybel-gesentreerd. Die Bybel vertel wie en wat die mens is, vanwaar en hoe die mens aan sy probleme gekom het, hoekom hy met probleme te kampe het, en ook hoe om dit op te los.

5.4 Die doel van Bybelse berading

Egan (2002:5) maak die volgende stelling: "The goal of helping is not to *solve* problems but to help the troubled person manage them more effectively or even transcend them by taking advantage of new possibilities in life." In Perspektief Opleidingkollege se algemene studiegids (2004:1-6) staan die volgende: "Die mens se lewe verander wanneer sy houdings, waardes en selfbeeld verander. Die belangrikste stimulasie is die verandering van sy denke (Rom. 12:1-2)". Die doel van Bybelse berading is dus dat daar eerstens 'n verandering moet plaasvind. In Rom. 12:2 en Ef. 4:23-24 staan daar dat die mens verander word deur die vernuwing van sy gemoed. Gemoed is denke, en dan is dit duidelik dat die mens slegs kan verander as hy sy gedagtes of denke verander. Maddox (1994:116-117) sê: "Counselling is about change", en hy sê verder dat God vir die mens voorsiening gemaak het om te verander. Die doel van Bybelse berading is dus om 'n verandering in mense se lewens te bewerkstellig deur die werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is die bron van alle werklike persoonlike verandering in die mens (Adams, 1970:21).

Tweedens behels Bybelse berading dat daar geestelike groei moet plaasvind en die hart van Bybelse berading is om mense met hulle geestelike lewe te help sodat hulle geestelike volwassenheid bereik. Hierbenewens is die Christelike berader dus verantwoordelik om 'n geestelike leier te wees wat die geestelike riglyne gee, asook om die beradene by te staan met sy geestelike stryd wat hy of sy in die lewe het (Collins, 1988:40).

Derdens is daar ook ander doelstellings betrokke wat volgens Collins (1988:39-40) direk verband kan hou met die beradene se probleme, en dit kan van die volgende insluit:

- Selfbegrip.
- Kommunikasie.
- Gedragsverandering.
- Self-aktualisering.

- Ondersteuning.
- Geestelike nood en volwassenheid.

5.5 Die beradingsverhouding tydens Bybelse berading

5.5.1 Die Hulpverlener of Berader

Collins (1988:41) noem dat die hart van Bybelse berading is dat die berader die volgende karaktereienskappe moet hê: Warmte, opregtheid, en empatie. Die berader se lewe moet getuig van die vrug van die Heilige Gees soos gesien in Gal 5:22. Volgens Smith (1994:142-153) moet die volgende eienskappe kenmerkend wees van die berader om 'n effektiewe Bybelse berader te wees;

a. Verhouding met God

Eerstens moet die berader 'n persoonlike verhouding met God hê. Dit behels natuurlik dat die berader wedergebore moet wees, want hoe anders kan die berader die Bybel gebruik as hy nie die Skrywer (Die Heilige Gees) daarvan persoonlik ken nie? Hoe kan die berader iemand beraad as hyself nie die bewys is van die verandering wat God in sy lewe gedoen het nie? Hierdie persoonlike verhouding met God sluit in 'n deeglike kennis van die Bybel, en dit kan slegs bereik word deur gedissiplineerde Bybelstudie. Met voortdurende Bybelstudie sal belangrike Skrifgedeeltes memoriseer word. Buiten bogenoemde, is dit uiters belangrik om reg en gereeld te bid. Gebed moet beoefen word om sodoende die struktuur en doel van gebed reg te verstaan.

b. Verhouding met 'n lokale Kerk

Om 'n doelgerigte en behoorlike verhouding met die plaaslike liggaam van gelowiges te hê, is 'n essensiële gedeelte van die berader se verhouding met God. Hierdie verhouding het sy mandaat in die Bybel, en om apart van die plaaslike gemeente berading te doen, is om in ongehoorsaamheid met die Woord van God te staan. Wat deel vorm van hierdie verhouding is lofprysing, teologiese akkuraatheid, om meer soos Christus te wees, asook goeie rentmeesterskap.

c. Verhouding met ander

Verhouding met ander sluit die Groot Opdrag van God in (Mat. 28: 19-20; Mark 16:15; Hand 1:8). Daarom is dit baie belangrik dat die berader ook 'n Evangelis moet wees. Sonder evangelisasie, kan daar nie Bybelse berading wees nie. Die berader het nodig om ongelowiges te wys hoe die geskenk van die ewige lewe verkry kan word. Die berader wat nie evangeliseer nie, mis die primêre doel van Christus se lewe en Sy bediening. Verder behels die verhouding met ander dissipelskap, diens aan ander, asook hoe om kritiek te hanteer.

d. Persoonlike verhoudings

Die berader se huwelik is 'n prentjie van God se liefde vir Sy bruid - die Kerk - en die gehoorsaamheid van die bruid aan haar Heer. Die berader se huwelik moet 'n voorbeeld wees van hierdie persoonlike verhouding. As beraders nie Bybelse riglyne volg vir hulle huwelike nie, sal hulle nie in staat wees om beradenes te help met hulle huweliksprobleme nie. Onder hierdie persoonlike verhoudings sorteer die familie van die berader, asook die berader se potensiaal om sonde te doen. Die berader moet duidelik weet dat hy vrygemaak is van sonde, maar dat hy nog steeds onder die vloek van sonde leef. Dit beteken dat die berader in staat is om dieselfde sonde as die ongelowiges te doen. As die berader dan wel sonde gedoen het, moet sy eerste reaksie wees om dit te bely en 'n plan van aksie te loods om dit nie weer te doen nie. Verder is persoonlike dissipline deel van persoonlike verhoudings. Die liggaam is die tempel van die Heilige Gees, en daarom moet daar na die liggaam gekyk word deur genoeg slaap in te kry, oefeninge te doen, en deur sy/haar liggaamsgewig dop te hou.

e. Totale lewensuitkyk

Die berader moet die hele spektrum van die lewe en sy beradingsproses uit God se oogpunt kan aanskou. Omdat niks vir die oog van God weggesteek is nie, is God absoluut in beheer van alles. In Rom. 8: 28-29 word die mens geleer dat God in beheer is van elke faset van die lewe, en dit vir Sy eie glorie.

5.5.2 Die persoon wat hulp soek of die beradene

Volgens Minirth (2003:25-33) is 'n beradene 'n persoon wat nie in staat is om homself te help om probleme te oorkom nie, en daarom kom soek hy hulp. By die beradene is daar hoofsaaklik die volgende vier emosies betrokke: angs, skuldgevoelens, aggressiwiteit en depressie. Volgens Egan (2002:7) is 'n beradene 'n persoon wat ongelukkig is met een of meer dimensies in sy lewe.

5.6 Die hulpverleningsproses of beradingsproses

Sonder die beradingsproses kan die persoon wat probleme het nie gehelp word nie. Dus is die beradingsproses baie belangrik, en ook dat dit so korrek as moontlik gedoen moet word. Minirth (2003:34-38) gee sewe stappe tot 'n suksesvolle beradingproses:

- Wees vriendelik.
- Begin met die beradene se gedrag.
- Help die beradene om insig te kry.
- Help die beradene om oplossings te kry vir sy gevoelens.
- Help die beradene om sy denke te verander.
- Gebruik 'n verstaanbare en gebalanseerde benadering met algemene logika.
- Onthou die belangrikheid van die Heilige Gees.

In vergelyking met Minirth se sewe stappe, gee Mack (1994:173-284) 'n meer akkurate uiteensetting van die proses van Bybelse berading, ook in sewe stappe:

- Ontwikkel 'n helpende verhouding met die beradene.
- Bewerkstellig hoop in die beradene.
- Neem 'n inventaris van die beradene: versamel data.
- Interpreteer die beradene se data.
- Gee instruksies deur gebruik te maak van Bybelse berading.
- Bybelse berading en oorrading van die beradene om te wil verander.
- Implementering van Bybelse instruksies.

Seksuele frustrasie is opsigself 'n baie private onderwerp in vandag se huwelike, en daarom moet die seksuele beradingproses met groot omsigtigheid en versigtigheid gehanteer word. Collins (1988:31-33) gee definitiewe waarskuwings rondom hierdie aspek waarvan die berader absoluut bewus moet wees:

“Whenever two people work closely together on a common goal, feelings of camaraderie and warmth often develop between them. When these people have similar backgrounds and especially when they are of opposite sex, the feelings of warmth frequently have a sexual component. This sexual attraction between counsellor and counselee has been called ‘the problem clergyman don’t talk about. Whether we talk about it or not, this is a problem that almost all counsellors encounter, at least periodically. Counselling often involves the discussion of intimate details that would never be discussed elsewhere - especially between a man and a woman who are not married to each other. This can be sexually arousing to both the counsellor and counselee.”

Collins (1988:31-33) gaan voort om te sê dat seksuele gevoelens teenoor 'n beradene algemeen is, en die wyse en verstandige berader sal 'n spesiale en groot poging aanwend ten opsigte van selfbeheersing. Hierbenewens gee hy vier punte om die berader te help om moontlike gevare raak te sien en te vermy:

- Geestelike beskerming. Deur gereeld Bybel te lees en te bid, kan daar op die Heilige Gees vertrou word vir beskerming teen ongewenste seksuele gevoelens.
- Wees bewus van gevaartekens. Enige tyd op hierdie mooi en gladde pad na die verderf, kan die mens omdraai en vlug as hy die gevaar sien en die dodelike gevolge daarvan insien.

- Stel limiete. Om sekere limiete te stel en daar by te hou, kan die berader van die moontlike seksuele gevare wat daar in berading is, vermy.
- Die berader moet sy eie houding ondersoek. Daar is niks wat hy kan wen om sy eie seksuele behoeftes te ontken nie. Dit is algemeen, somtyds maak dit die berader verleë, somtyds wek dit hom seksueel op, maar dit is baie duidelik dat dit beheerbaar is. Drie punte word onderskei in die berader se eie houding: (a) Hy moet dink aan die gevolge wat dit vir hom kan inhou as hy ingee tot die seksuele drang tydens berading. (b) Hy moet dink aan die professionele implikasies, seksuele flirtasie doen niks goed aan die beradene nie, en nog minder help dit die berader se professionele beeld nie. (c) Teologiese waarhede. Seks buite die huwelik is sonde, en ook sê Jesus as die berader slegs daaraan dink om seks met die beradene te hê, het hy reeds egbreuk in sy hart gepleeg (Mat 5:28).

5.6.1 Teologiese vertrekpunte

MacArthur (1994:117) is van mening dat daar drie veronderstellings is waarvan die berader duidelik bewus moet wees en moet gebruik as teologiese vertrekpunte in Bybelse berading:

- God het elke mens geskape en is daarom besorg oor elke mens.
- Sonde het elke mens besmet, daarom dat Jesus Christus die mens se Vriend en Verlosser is. Jesus is die een wat versoening bewerk.
- God het voorsiening gemaak dat elke mens kan verander. Dit word gedoen deur die werking van die Heilige Gees wat as Bemiddelaar optree, Hy is die een wat bystand verleen.

5.6.2 Die gebruik van Skrif by en gedurende Bybelse berading

Mack (2004:25) sê dat daar geen hoër gesag is as die Bybel nie. Watter onderwerp die Bybel ookal oor praat, dit moet aanvaar word as foutloos en die Skrif het absolute gesag.

“The authority of Scripture is a key issue for the Christian church in this and every age. Those who profess faith in Jesus Christ as Lord and Saviour are called to show the reality of their discipleship by humbly and faithfully obeying God’s written Word. To stray from Scripture in faith and conduct is disloyalty to our Master. Recognition of the total truth and trustworthiness of Holy Scripture is essential to a full grasp and adequate confession of its authority.”

5.6.3 Die noodsaaklikheid van gebed by Bybelse berading

Smith (1994:143-144) vra die vraag waarom gebed dan noodsaaklik is tydens Bybelse berading? Hy maak die stelling dat beradenes gewoonlik ’n verkeerde siening van gebed het, en daarom moet die berader ’n korrekte begrip van gebed hê en gebed elke dag beoefen, sodat hy die beradene in die korrekte manier van bid kan begelei. Die Bybel gee baie redes waarom gebed noodsaaklik is, maar daar is spesifiek drie wat belangrik is en uitstaan bo die ander:

- Eerstens is dit ’n bevel van God (Kol. 4:2; 1 Tim. 5:17).
- Tweedens het Christus vir die mens die absolute voorbeeld gestel (Mark. 1:35; Luk. 6:12). As Jesus, die sondelose perfekte Een, gebid het, hoeveel te meer moet die mens dan bid?
- Derdens, omdat Christus die mens geleer het om te bid, kan die mens dus aanneem dat Christus van hulle verwag om te bid - gebed is ’n handeling van gehoorsaamheid en lofprysing aan God (Mat. 6:5-9).

Gebed is nie net ’n een-rigting kommunikasie met God nie, maar die mens moet nie verwag dat God op ’n bo-natuurlike manier in gebed met hom gaan terug praat nie. Gebed is ’n dialoog, waar die kind van God luister na wat God sê deur Sy Woord, dit in neem, en vir God vra wat hy nodig het (Murray, 1998:198). God het alreeds deur Sy Woord met die mens gepraat. As die mens God wil “hoor”,

dan moet hy die Skrif ondersoek. Die mens moet homself (en die persone wat beraad word) daaraan herinner dat God gebed anders antwoord as die onmiddellike “ja” wat hy verwag het. ’n Voorbeeld hiervan is dat Paulus se gebed om na Rome as ’n prediker gestuur te word, anders verloop het as wat hy gebid het. Hy word na Rome gestuur as ’n gevangene en al die onkoste word deur die Romeine betaal! Somtyds word die antwoord op gebed vanaf God vertraag (Smith, 1994:143-144).

Volgens Murray (1998:172-176) is gebed nie net ’n manier om van God iets te vra nie, maar dit is ook om gemeenskap met God te hê, om onder die krag van Sy heiligheid en liefde gebring te word, totdat Hy die persoon se lewe oorneem en die ongelooflike liefde van Jesus op sy totale lewe afstempel. Hierdie is die geheim van ware gemeenskap met God. Dit is deur Christus wat ’n persoon toegang tot God verkry (Ef. 2:18). Om hierdie toegang tot God te kan verkry en die volheid van die Heilige Gees te kan ontvang, is die vereiste ’n volgehoue gebedslewe. “It is not merely that we can receive the Spirit through prayer, but the Spirit life requires, as an indispensable thing, a continuous prayer life. I can be led continually by the Spirit only as I continually give myself to prayer.”

Adams (1973:49-50) sê dat gebed die belangrikste deel van berading is. Geen berader kan in ’n beradingsessie ingaan sonder dat hy behoorlik voor die tyd gebid het en die leiding van die Heilige Gees gevra het nie. Adams gee twee waarskuwings vir die misbruik van gebed tydens berading:

- Eerstens moet daar nie net op gebed alleen staat gemaak word as die Skrif ander spesifieke aksies voorstel nie.
- Tweedens moet gebed nie gebruik word as ’n selfbejammeringsessie nie.

Gebed moet nie net aan die beradene voorgestel word nie, maar moet deel uitmaak van die oplossing van die beradene se probleem (Jak. 5:16). Adams (1973:51) sê verder dat gebed nie gebruik moet word om te bid en dan word

daar agteroor gesit dat God Sy kant moet bring nie. Nee, want daar moet gewerk word na 'n oplossing toe, en dit kan 'n worsteling afgee met God soos in die geval van Jakob (Gen. 32:25-28). Adams gee hier die voorbeeld dat as die mens bid vir sy daaglikse brood, gaan sit hy nie agteroor en wag dat die brood deur die lug aangevlieg kom nie. Die Bybel is baie duidelik dat die een wat nie werk nie, ook nie kan eet nie (2 Tess. 3:10). Daarom moet gebed gepaard gaan met Bybel lees, sodat die mens kan sien wat God sê omtrent die probleem.

Murray (1998:102) gee 'n kragtige opsomming van gebed: "Believer, abide in Christ, for there is the school of prayer - mighty, effectual, answer-bringing prayer. Abide in Him, and you will learn what to so many a mysteries is: that the secret of the prayer of faith is the life of faith - the life that abides in Christ alone."

Die volgende Skrifgedeeltes met betrekking tot gebed, kan met die beradene bespreek word of as selfstudie aanbeveel word:

- Joh. 15:7 (Bly in Jesus, vra dan wat julle wil).
- Miga 7:7 (God sal hoor).
- Hos. 12:6 (Hoop op God, keer terug na God).
- Psalm 25:5 (God lei in die waarheid, wag op Hom elke dag).

5.7 Beskikbare riglyne vir Bybelse berading

Verskeie riglyne vir- en benaderings ten opsigte van Bybelse berading bestaan, en 'n kort uiteensetting van 'n paar voorbeelde volg hieronder:

5.7.1 Egan se beradingsriglyn

Egan se beradingsriglyn staan bekend as die "Skilled helper". Dit handhaaf twee doele in die beradings proses, naamlik:

- Help beradenes om hulle daaglikse probleme meer effektief te bestuur, en ontwikkel ongebruikte bronne en verlore geleenthede meer effektief.
- Help beradenes om hulleself te help om 'n beter lewe te lei

(Egan, 2002:7-9).

5.7.2 MacArthur se beradingsriglyn

MacArthur se beradingsriglyn is gegrondves in die Bybel as die gesaghebbende bron vir berading. Net die Bybel alleen word gebruik vir berading en berading word beskou as die werk van die pastoor of predikant alleenlik onder die vleuels van die kerk. In berading is God die middelpunt, en sonde is die direkte oorsaak van die meeste probleme waarmee mense te make het. Die Blye Boodskap van Jesus Christus is die antwoord, deurdat die mens begelei moet word tot 'n werklike sondebeseft en berou, en dan na Christus toe moet kom vir werklike sondevergifnis en bekering tot God (Powlison, 1994: 57-59).

5.7.3 Crabb se beradingsriglyn

Crabb se beradingsriglyn sê dat sonder 'n behoorlike kennis van mense, hulle behoeftes en hulle probleme, daar onmoontlik na behoorlike oplossings gesoek kan word. As daar nie aan 'n mens se diepste behoeftes voldoen word nie, veroorsaak dit een van die grootste innerlike pyne wat die mens ken. Dit op sy beurt kan weer lei tot verkeerde denke, naamlik dat as daar aan hierdie behoeftes aandag geskenk word, dit kan lei tot sonde, wat die persoon onvervuld, miserabel en oop los vir 'n klomp ander probleme. Die belangrikheid om te kan verander maak die middelpunt van Crabb se riglyn uit. Hy gee vyf punte wat belangrik is vir berading:

- Daar is baie verskillende benaderings om mense te verstaan.
- Elke persoon het sy eie idees oor 'n sekere onderwerp, met verskillende grade van presiesheid en bewustheid.
- Watter raamwerk ookal gekies word, dit sal 'n definitiewe invloed hê op die manier hoe die berader met mense werk en hoe hulle lewens beïnvloed word.
- Nie alle uitkyke kan reg wees nie, baie idees en raamwerke werk teen mekaar in, daarom moet daar sommige wees wat verkeerd is.

- As daar 'n persoonlike Skepper agter alle vorme van lewe sit, dan moet daar 'n ware oplossing wees om mense, hulle probleme en oplossings te kan verstaan (Crabb, 1975:77-80, 107-111).

5.7.4 Collins se mensehulpriglyn

Aan die hart van Collins (1988:39) se mensehulpriglyn is dieselfde doel wat Jesus vir die mens het: lewe in oorfloed op die aarde en die ewige lewe in die hemel. Hierdie lei natuurlik na die Groot Opdrag, en dit is om dissipels te maak van alle nasies. Lewe in oorfloed sal slegs 'n werklikheid word vir diegene wat sal soek om hulle hele lewe te lewe volgens hoe Jesus die mense geleer het. Hiervan is dissipelskap en dissipelmakers die uiteindelijke doel in Collins se mensehulpriglyn.

5.7.5 Adams se noutetiese beradingsriglyn

Adams se beradingsriglyn is gegrond in die Griekse woord "noutheteo" en dit beteken letterlik om te "vermaan" of te "waarsku".

Volgens Adams (1970:20-25) is die Bybel die gesaghebbende bron van berading. Die Heilige Gees is die derde persoon betrokke in berading en Hy is die ware berader. Hierdie beradingsriglyn beskou konfrontasie as onlosmaaklik van die pastorale gesag. Adams se riglyn beklemtoon dat sonde die grootste probleem van alle beradenes is, en dat die beradene tot 'n volle sondebeseft moet kom, alvorens hy sy lewe kan herstruktureer en kan verander. Hierdie riglyn berus op die werking dat die beradene op 'n liefdevolle manier gekonfronteer word, omdat die berader 'n diepe besorgdheid oor hom het. Sodoende kan hy die beradene help om die verandering in sy lewe teweeg te bring, wat die nodige genesing vir hom sal inhou (vgl. Ef. 5:9-14).

5.8 Riglyne vir Bybelse berading aan persone met seksuele frustrasie

Seksuele onkunde, kommunikasieprobleme en onrealistiese verwagtinge blyk duidelik die grootste probleem te wees vir persone wat met seksuele frustrasie

sukkel. Die volgende ervarings / emosies / belewenisse / denkrigtings is gewoonlik die oorsaak van hierdie probleme en behoort in die berading aandag te geniet:

(Vir die berader – Slegs 'n beperkte hoeveelheid riglyne en wenke word hieronder aangedui. Om alle toepaslike riglyne en wenke te gee vir die onderstaande seksuele probleme, val buite die konteks van hierdie skripsie. Vir meer riglyne en wenke word van die volgende boeke aanbeveel: Marva J Dawn. 1993. Sexual Character. Beyond Technique to Intimacy; Debra & Daniel Smith. 2005. Romancing your wife. A little effort can spice up your Marriage. Tim & Beverly LaHaye. 2004. Die Huweliksdaad. Ervaar die skoonheid en vreugde van seksuele liefde in die huwelik; Kay Arthur. 2002. Sex According to God; Tommy Nelson. 1998. The Book of Romance. What Solomon says about love, sex, and intimacy; Ed Wheat. 2000. Intended for pleasure. Sex technique and sexual fulfilment in Christian marriage)

5.8.1 Godsdien as oorsaak van negatiewe seksdenke

5.8.1.1 Inleiding

Soos vermeld in hoofstuk 3, is negatiewe en verkeerde denke rondom Godsdien vandag een van die oorsake van seksuele frustrasie. Hierdie negatiewe seksuele denke het die wanbegrip by mense laat posvat dat seks sonde is, en daarom is seks slegs bedoel vir voortplanting. Hierdie gebrekkige siening en wanopvatting dat Godsdien die oorsaak is van vele seksuele frustrasies in die wêreld, word baie duidelik met eksegeese van die Woord van God en gebed die hoof gebied (Sien hoofstuk 2). Die oplossing vir hierdie probleem is om te lees wat sê God se Woord rondom die seksuele en die huweliksdaad en of Godsdien werklik te blameer is vir seksuele frustrasie.

5.8.1.2 Algemene riglyne

Onopgeloste seksuele frustrasie wat ontstaan het as gevolg van negatiewe en verkeerde denke rondom Godsdien, beïnvloed nie net die paartjie se geluk nie, maar het 'n daadwerklike invloed op hulle geestelike lewe. Byvoorbeeld: "God

het seks aan die mens gegee, maar Hy het soveel reëls en regulasies neergelê vir die gebruik daarvan, dat dit onmoontlik is om dit te geniet." Skrifgedeeltes wat verseker dat God wel seks gemaak het en dit ook vir plesier vir die man en vrou binne die konteks van die huwelik is, sluit in Gen. 1:27-28; Gen. 2:24; Spreuke 5:18-19; Heb. 13:4. Sien eksegeese van Mat. 19:4-6 en Pred. 9:9.

5.8.1.3 Spesifieke riglyne

Dawn (1993:21) maak die stelling dat seks basies is soos 'n tikmasjien. As jy die handleiding volg van die tikmasjien, bring dit goeie produktiewe resultate na vore en jy sukkel nie om te verstaan hoe die masjien werk nie. Dieselfde is geldig vir die seksuele. "If we fail to follow the Designer's instructions and handle our sexuality our own way – or the way our society teaches us – we wind up with messy hands and a non-functioning instrument. But if we follow the Creator's instructions, the instrument works effectively, productively, delightfully. Its purpose is fulfilled."

Spesifieke riglyne en wenke om negatiewe persepsies oor godsdiens en seks uit te skakel met bygaande Skrifgedeeltes wat tydens die gesprekvoering tot hulp kan wees volg hieronder:

- Die idee van man en vrou was God se idee (Wheat, 1988:24). Gen. 1:27 "En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape." Volgens Wheat (1988:24) word hierdie belangrike essensiële waarheid en riglyn misgekyk in die Bybel. God het man en vrou gemaak vir Sy eie goeie doel. Hy het man en vrou geskape om vreugde in hulle eie lewens te bewerkstellig. Die Christelike godsdiens bewys juis dat die verskil in geslag deur God gemaak is, en nie vir die mens om chauvinisties en feministies te wees nie.
- Die seksualiteit van mense dra God se absolute goedkeuring weg. Gen 1:31 "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed."

Die Christelike godsdiens keur juis seks goed, en nie soos die sekulere wêreld dit voorhou nie.

- Seks en die huwelik is God se geskenk aan die mens nog voor die sondeval. Die wonderlike openbaring van een van die doele van seks word in God se Woord reg in die begin uitgespel: “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde” (Gen. 1:27-28). Hier word die mens opdrag gegee om vrugbaar te wees en te vermeerder en om die aarde te vul. Voordat die sondeval plaasgevind het en selfs hierdie wonderlike geskenk, die seksuele, negatief kom beïnvloed het, was die huwelik en die huweliksdaad reeds in die wêreld en is ten volle deur God gemaak en goedgekeur. Die Christelike godsdiens bewys juis dat seks daar was, voor sonde in die wêreld gekom het, en dat dit goed was en nog steeds goed is. Sien eksegeese van Genesis 1:27-28 in hoofstuk 2.
- Binne die ruimte van die huwelik is die seksuele slegs beperk tot die verbeelding van die egpaar, mits dit geoorloof is en nie oorgelaat word aan sondige praktyke wat God in sy Woord verbied nie. Volgens Smith en Smith (2005:78) is alles geoorloof tydens seks, behalwe die volgende: Seks met diere (Levitikus 18:23), homoseksualiteit (Levitikus 18:22; Romeine 1:26-32), owerspel of egbreek (Eksodus 20:14) en dit sluit enige derde party in, pornografie, sodomie (Genesis 19:1-11) ensovoorts. Die volgende Skrifgedeelte is ’n goeie riglyn om te volg “Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet” (Heb. 13:4). Die Christelike godsdiens bewys juis dat seks onbeperk is en oorgelaat word aan die verbeelding van die egpaar, maar slegs binne God se voorskrifte soos hierbo genoem, en slegs in die ruimte van die huwelik. Sien eksegeese van 1 Korintiërs 7:9 in hoofstuk 2.
- Die term van “hulle sal een vlees wees” (Mat. 19:4-6), dui spesifiek hier op die eenheid wanneer man en vrou se liggaam een word tydens die huweliksdaad. Hier praat Jesus oor die eenwording van man en vrou, en dit word as iets onbeskryflik wonderlik goed uitgebeeld, en is ook skaamteloos (Wheat, 1988:32). Volgens Wheat (1988:32) is skaamte in

die huweliksdaad nie deur God se toedoen teenwoordig nie, intendeel beteken die woord vir eenwording in die oorspronklike taal, om mekaar te *ken*. Hierdie *ken*-woord, die huweliksdaad, se diepste betekenis is dus dat die man en vrou 'n intieme, sagte, teer en persoonlike kennis van mekaar ontdek en mekaar leer ken (Wheat, 1988:32). Die Christelike godsdiens bewys dat die huweliksdaad skaamteloos behoort te wees in die huwelik, en dat dit juis die plek is waar man en vrou mekaar moet leer ken. Sien eksegeese van Matteus 19:4-6 in hoofstuk 2.

- Die resultaat (orgasme) van hierdie wonderlike eenheid met jou getroude maat, die uiting van liefde, is die toppunt van die seksuele, en hier in die Bybel word dit onbeperk vir die huweliksmaats aangebied “mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees” (Spreuke 5:18-19). Die Christelike godsdiens bewys juis dat die toppunt van die huweliksdaad, die orgasme, as 'n geskenk aan die huwelikspaar deur God gegee is wat hulle gedurigdeur kan ervaar, sonder enige voorbehoud. Sien eksegeese van Spreuke 5:18-19 in hoofstuk 2.
- Seks is nie net vir voortplanting bedoel nie. Dit is ook 'n manier waarop huweliksmaats fisiese plesier aan mekaar kan gee, en dit word duidelik in die Skrif onthul deur die Hooglied te lees, Spreuke 5:15-21, en ook Deut. 24:5. Die Christelike godsdiens bewys juis dat seks nie net vir voortplanting is nie, maar ook vir die huwelikspaar se plesier. Sien eksegeese van Prediker 9:9 in hoofstuk 2.
- God hou nie die seksuele as 'n tergende wortel voor die mens en sê “dit is nie vir jou nie.” Intendeel is die huwelik die enigste voorwaarde vir die gebruik van seks. Daarom dat Paulus hier skryf: “Maar as hulle hulle nie kan beheers nie, laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand” (1 Kor. 7:9). Die Christelike Godsdiens bewys juis dat seks slegs bedoel is vir die huwelik. Sien eksegeese van 1 Korintiërs 7:9 in hoofstuk 2.

5.8.2 Vrees

5.8.2.1 Inleiding

Volgens Anderson & Miller (2000:15) is vrees die mees basiese instink van elke lewende wese en is dit die natuurlike respons wanneer die mens se fisieke veiligheid en fisiologiese welsyn bedreig word. Omdat vrees, bekommernis of angs 'n baie groot rol speel in seksuele disfunksies by die mens, is dit noodsaaklik om te weet wat sê God se Woord oor vrees. Volgens Davis (1976:287) word vrees bo aan die lys van seksuele disfunksies geplaas.

5.8.2.2 Algemene riglyne

Godow (1982:482) maak die stelling dat vrees, ongeag watse vrees, 'n kragtige seksuele onderdrukker is. Skrifgedeeltes wat verseker dat seks vreesloos geniet kan word binne die konteks van die huwelik, is byvoorbeeld: 1 Kor. 7:2-5; Spreuke 5:18-19; 2 Tim. 1:7; 1 Joh. 4:18.

5.8.2.3 Spesifieke riglyne

Sake wat met die beradene deurgewerk behoort te word, behels die volgende:

- Vrees vir swangerskap. Vrees vir swangerskap is seker die een vrees wat die seksdaad nie tot volle verwerkliking laat kom nie. Wanneer gesinsbeplanning gedoen word, en swangerskap is nie gewens nie, is dit raadsaam om met 'n mediese dokter te praat oor beskikbare voorbehoeding wat gebruik kan word. As teksvers kan die volgende vers gebruik word: “Wees oor niks besorg nie” (Fil. 4:6).
- Vrees vir seksueel oordraagbare siektes. Hierdie vrees behoort nie te bestaan by getroude paartjies nie. Dit sal slegs teenwoordig wees indien een of albei ontrou is, of was. Dit is ook waarom Paulus skryf in 1 Kor. 7:12 “maar as hulle hulle nie kan beheers nie, laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand.” Hierdie Skrifgedeelte bevestig dat die seksuele slegs bedoel is vir die huwelik sonder 'n derdeparty, en as hierdie riglyn gevolg word, sal daar geen vrees vir seksueel oordraagbare siektes wees nie.

- Vrees om te faal (perfeksionisme). Niemand is perfek nie, behalwe God alleen (Mat. 19:17). Wanneer die mens leer dat ware liefde in die huwelik en ook die huweliksdaad nie daaroor gaan om te bewys dat hy of sy perfek is nie, maar dat die huwelik daar is om te gee, en nie net om te wil ontvang nie, sal die drang na perfeksionisme verdwyn.
- Vrees van die beradene om sy of haar maat teleur te stel. Volgens 1 Joh. 4:18 “daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.” Hierdie teksvers is eintlik omvattend vir die hele aspek van vrees, en kan toegepas word op elke vrees wat daar moontlik kan wees. Wanneer daar volmaakte liefde is tussen huweliksmaats, sal die vrese wat daar bestaan, verdwyn.

Nog skrifgedeeltes wat tydens die gesprekvoering tot hulp kan wees om vrees te oorbrug, volg hier-onder:

- “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee” (Fil. 4:13).
- “Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie” (Heb. 13:5).
- “Ek het gekom, dat hulle lewe en oorfloed kan hê” (Joh. 10:10).
- “En geen enkele verskrikking vrees nie” (1 Pet. 3:1-7,13,14).
- “Want God het ons nie ’n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing” (2 Tim. 1:7).

5.8.3 Seksuele onkunde

5.8.3.1 Inleiding

Volgens LaHaye (2004:53) het God nog nooit onkunde aangeprys nie, en dit geld vir seksuele opvoeding ook. ’n Groot mate van seksuele probleme en frustrasie is as gevolg van seksuele onkunde. Kinders word geleer om te loop, te eet, die toilet te gebruik, alles noodsaaklike funksies van die menslike voortbestaan, maar wanneer dit kom by die seksuele, is dit ’n taboe onderwerp. Die individu het dus ’n groot gebrek aan seksuele kennis en vaardighede. “A lack of sexual

skill, knowledge, and communication on the part of one or both partners contributes to dysfunction" (Gurman & Rice, 1975:304).

5.8.3.2 Algemene riglyne

Volgens Davis (1976:290) word te veel mense net in 'n huwelik bevestig sonder dat daar behoorlike huiswerk gedoen is oor wat die huwelik behels, en meer spesifiek die gedeelte van die seksuele. Omdat seks 'n taboe onderwerp is, word hierdie aspek vermy en betree die man en vrou die huwelik onvoorbereid op die seksuele gebied. Hier word nie gesê dat die seksuele daad vooraf beoefen moet word om te sien of hulle bymekaar gaan pas of nie (dit is sonde). Intendeel moet daar behoorlike voorhuwelikse berading plaasvind om die man sowel as die vrou deeglik te kan voorberei op dit wat God slegs vir die huwelik bestem het. LaHaye (2004:53) sê daar is miljoene getroudes wat tevrede is met 'n minderwaardige sekservaring net omdat hulle nie veel van geslagsorgane en hulle funksies af weet nie en onwillig is om meer daaroor te leer. Skrifgedeeltes wat verseker dat die mens kundig op die gebied van die seksuele moet wees om in die huwelik die seksdaad te kan geniet, is bv. Spr. 30:18-19; 1 Kor. 6:18; Spr. 5:15-18; Spr. 31:25-28; 1 Kor. 13; Hos. 4:6 en 1 Kor. 7:1-5.

5.8.3.3 Spesifieke riglyne

Sake wat met die beradene deurgewerk behoort te word, spesifieke riglyne en wenke om seksuele onkunde uit te skakel met bygaande skrifgedeeltes wat tydens die gesprekvoering tot hulp kan wees volg hieronder:

- Seksopvoeding. Geen boer koop 'n gekompliseerde stuk masjinerie aan en gebruik dit nie voor hy 'n deeglike studie van die handleiding gemaak het nie. Dit behoort dieselfde te wees met die seksuele, maar "Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet." (Heb. 13:4; Joh. 13:34; Ef. 5:25). Volgens LaHaye (2004:53) het die publieke skool homself onbekwaam gemaak met seksopvoeding omdat hulle (1) aandring om seksopvoeding te gee sonder enige morele riglyne, wat

uiters gevaarlik is en (2) hierdie “sexperts” algemeen aanvaar dat seksonderrig natuurlike seksuele geluk sal voortbring. Seksuele onkunde is egter ook nie die alternatief nie. Jongmense het nodig om geleer te word dat seks baie spesiaal is, en deur God geresveer word vir die huwelik.

- Leer deur te doen. Volgens LaHaye (2004:54) is die beste leerskool deur te doen. God het nie vir Adam en Eva 'n handleiding gegee oor die seksuele nie, maar hulle het geleer deur te doen. Hiermee word nie geïmpliseer dat 'n voornemende egpaar seksueel aktief moet raak voor die huwelik nie, maar dat hulle soveel as moontlik skoling moet ondergaan net voor die huwelik. Volgens LaHaye (2004:54) is die onderwerp nie só gekompliseerd nie. Net solank die voornemende egpaar daarop fokus om onselfsugtig sy / haar maat se bevrediging bo hulle eie te stel.
- Ontdek jouself. Volgens LaHaye (2004:54) is dit essensieel dat die voornemende egpaar die basiese werking, doel en funksionering van hulle eie geslagsorgane moet ken asook die van hulle maat. Wheat (2000:43) sluit hierby aan “Any helpful counsel concerning the physical relationship between husband and wife must include an explanation of the basic facts of human anatomy.” Volgens Wheat (2000:43) is dit absoluut nodig om hierdie basiese inligting te weet, om sodoende die hoogste graad van plesier te kan ervaar tydens die liefdespel, asook dat kinders suksesvol verwek kan word in die huwelik. Selfs een stukkies verkeerde inligting of om nie heeltemal die doel of werking in hierdie area te verstaan nie, kan aanleiding gee tot 'n minder bevredigende verhouding in jou huwelik. Hierdie basiese inligting sluit mediese probleme ook in wat gepaard kan gaan met die seksuele. Hierdie basiese inligting begin by die benaming van die seksuele organe, want dit is die eerste taak wat Adam gehad het. Hy moes aan al die diere name gegee het. Sonder korrekte benaming kan die geslagorgane en die doel en werking daarvan nie reg verstaan word nie.

Vir verdere inligting rondom hierdie basiese inligting en meer van die seksuele, word die puik boek van "WHEAT, ED. 2000. *Intended for pleasure. Sex technique and sexual fulfilment in Christian marriage*", baie sterk aanbeveel vir voornemende paartjies, sowel as paartjies wat reeds getroud is en gebuk gaan onder seksuele frustrasie as gevolg van seksuele onkunde.

Nog Skrifgedeeltes wat tydens die gesprekvoering tot hulp kan wees om seksuele onkunde te oorbrug, volg hieronder:

- "hulle sal een vlees wees" (Sien eksegeese van Matteus 19:4-6).
- "mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees" (Sien eksegeese van Spreuke 5:18-19).
- "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde" (Sien eksegeese van Genesis. 1:27-28).
- "Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man" (1 Korintiërs 7:3).

5.8.4 Swak kommunikasie

5.8.4.1 Inleiding

Volgens LaHaye (2004:100) veroorsaak gebrekkige kommunikasie 'n gebrekkige sekslewe. Hughes (2001:24) sê sonder twyfel dat die hart van die huwelik 'n gesonde kommunikasiesisteem is. Van Pelt (2003:19) sê dat gebrekkige kommunikasie sonder twyfel die nommer een huweliksprobleem is.

5.8.4.2 Algemene riglyne

Adams (1970:235) sê dat waar die getroude paartjie seksuele frustrasie in die bed ervaar, dit meestal die gevolg is van onopgeloste konflik wat gedurende die dag opgedoen is. Nelson (1998:60) sê: "It is extremely difficult to be sexually intimate or emotionally vulnerable with someone who is under a load of guilt or fear, or who is highly secretive about the past." Volgens LaHaye (2004:100) is kommunikasie in werklikheid dié moeilikste probleem waarmee elke paartjie te

doen kry. As die probleem nie vroeg genoeg gehanteer word nie, lei dit tot komplekse huweliksprobleme waarvan seksuele frustrasie maar een is, en wat op die ou einde na egskeiding kan lei. En dit omdat hulle nooit geleer het om met mekaar te kan praat nie.

Volgens van Pelt (2003:23) bestaan daar baie redes hoekom 'n paartjie nie met mekaar praat nie, maar sy sonder spesifiek twee redes uit: (1) Goeie kommunikasievaardighede is nooit aangeleer nie. (2) Man en vrou is bang om regte gedagtes en gevoelens met mekaar te deel. Vrees vir die grootste seer wat dalk kan kom, verhinder man en vrou om openlik met mekaar te praat. Die meeste mense dink hulle maat weet wat hulle seksueel prikkel, maar omdat die maat 'n totale anderse geslagsorgaan besit, hoe kan hy of sy weet wat die ander persoon prikkel as dit nie vir hom of haar gesê word nie? Skrifgedeeltes oor kommunikasie, openheid en liefde; Hooglied 2:1-2; Hooglied 2:3; Ef. 5:28.

5.8.4.3 Spesifieke riglyne

Spesifieke riglyne en wenke om swak kommunikasie uit te skakel met bygaande skrifgedeeltes wat tydens die gespreksvoering tot hulp kan wees volg hieronder:

- Die belangrikheid van kommunikasie. Volgens Hughes (2001:23) het 'n in-diepte studie van gelukkig getroude paartjies teenoor ongelukkige getroude paartjies die volgende eienskappe van kommunikasie getoon: (1) Hulle praat baie meer met mekaar, (2) hulle toon aan dat hulle verstaan wat vir hulle gesê word deur die ander party, (3) hulle het 'n baie wyer reeks van onderwerpe om oor te praat, (4) hulle is sensitief vir die gevoelens van die ander party, (5) en hulle werk daaraan om die kommunikasie anale so oop as moontlik te hou. As hierdie riglyne aangewend word in die huwelik, maar ook tydens die huweliksdaad, behoort swak kommunikasie nie 'n probleem te wees nie.
- Wat is kommunikasie? "Communication has been defined as 'the process in which two people share both verbally and non-verbally in such a way

that their message is accepted and understood” (Hughes, 2001:24). Hy gaan voort om te sê dat kommunikasie bestaan uit drie dele:

- (1) *Praat* is die eerste deel. Geen huwelik kan bestaan as daar nie gepraat word nie. Geen huwelik kan 'n gesonde sekslewe hê as daar nie daarvoor gepraat word nie. 'n Getroude paartjie moet tyd maak om met mekaar te praat, want dit is die enigste tyd wanneer gevoelens en gedagtes gedeel kan word om wedersydse respek, vertroue en liefde op te bou. Volgens Hughes (2001:24) behels praat die gebruik van woorde, en woorde soos die Skrif dit uitspel, is ongelooflik kragtig. “Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet” (Spreuke 18:21). Woorde kan seën of vervloek, hulle kan verwond of hulle kan gesond maak. Daarom is dit belangrik om daarop te let hoe jy praat. God het met die praat van woorde die heelal in die lewe geroep (Gen.1). Toe God gepraat het, het Hy 'n wêreld geskep, 'n wêreld van orde en ongelooflike skoonheid. Wanneer die mens praat, skep hy ook 'n wêreld, dit kan 'n wêreld wees van kosmos of van choas, so voor, tydens en na die huweliksdaad, is dit belangrik om te let daarop. Verkeerde woorde kan seer maak, en die regte woorde kan gesond maak. Nog 'n goeie teksverwysing is: “Maar die tong kan geen mens tem nie” (Jak 3:8-12).
- (2) Die tweede deel van kommunikasie is *luister*. Luister word gedefinieer as “not to think about what you are going to say when the other person has finished speaking” (Hughes, 2001:25). Te veel mense wil altyd net hulle punt stel, sodat hulle die kuns nooit aanleer om te luister nie. 'n Baie waardevolle wenk vir die getroude paar is dat die een die ander uitluister sonder om die ander in die rede te val. Daarna is dit nodig vir die ontvanger om dit wat die sender gesê het, te herhaal in sy of haar gedagtes, en dan terug te reflekteer. Hierby sal die sender dan weet of dit wat die ontvanger gehoor het, reg verstaan is, en indien nie, kan

korreksies aangebring word. Luister is om baie hard te konsentreer en te fokus op wat die sender sê, sodat die ontvanger meer bewus word van die sender as van homself.

- (3) Die derde komponent is *verstaan*. Dit is belangrik om nie net te probeer verstaan wat die sender sê nie, maar ook waarom dit gesê word. Dit is belangrik om te verstaan waarom die sender sekere besluite maak binne die konteks, en dan tot sekere konklusies kom. “Die hart van die regverdige dink ná om te antwoord.” (Spr. 15:28).

Riglyne volgens Cutrer & Glahn (2001:215) vir effektiewe kommunikasie is as volg:

- (1) Luister. Dit is belangrik dat die ontvanger eers probeer verstaan wat die sender sê, voordat die ontvanger sy of haar eie opinie gee.
- (2) Dit is nie nodig dat daar altyd saamgestem moet word oor 'n sekere punt nie.
- (3) Moenie jouself altyd verdedig nie, moenie kritiserend wees nie en moenie altyd verskonings maak nie.
- (4) As daar nie saamgestem word nie, maar verstaan wat die ander party bedoel, sê dit vir die ander party.
- (5) Hierdie riglyn is presies dieselfde as die *luister* gedefinieer in punt 2 hierbo deur Hughes (2001:24).

Nog Skrifgedeeltes wat tydens die gesprekvoering tot hulp kan wees om swak kommunikasie te oorbrug, volg hieronder:

- “En gaan versoen jou eers met jou broeder” (Mat. 5:23-24).
- “Laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie” (Ef. 4:26).
- “En as jou broeder teen jou sondig,” (Mat. 18:15-17).
- “Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie,” (Ef. 4:29).
- “Maar die tong kan geen mens tem nie;” (Jak. 3:8-12).

- Spreek die waarheid in liefde (Gen. 3; vgl. Adams 'Competent to Counsel – bl. 211-251).
- "Lieg nie vir mekaar nie," (Kol. 3:8-10).
- "Wie 'n oortreding bedek, soek liefde;" (Spr. 17:9).
- "Die hart van die regverdige dink ná om te antwoord" (Spr. 15:28).
- "Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord" (Kol. 4:6).
- "Sy kruis elke dag opneem" (Luk. 9:23).
- "Ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word" (1 Pet. 3:1-2).

Vir verdere inligting rondom kommunikasie, word die volgende boek aanbeveel: *"Nancy van Pelt. 2003. Smart listening for couples. Strengthen your Marriage with Loving Communication"*.

5.8.5 Selfstudie en / of huiswerk

Benewens die riglyne soos genoem hierbo, kan dit dalk nog nodig wees om persone met seksuele frustrasie te begelei oor die volgende sake:

- Werklike sonde erkenning en ware berou. (Joh. 3:5,16; Rom. 3:23-24; 1 Joh. 1:9).
- Geloof (Joh. 5:24; Rom. 5:1; Heb. 11).
- Versoeking (Mat. 6:13; Mat. 26:41; 1 Kor. 10:13).
- Verandering (Mat. 16:24; Rom. 6:10-23; 2 Kor. 5:17; Ef. 4:17-32; Fil. 3:12-14).
- Egbreuk (Mat. 5:28; 15:19; 19:9; 1 Kor. 6:9-11; Heb. 13:4).
- Begeertes (Mat. 6:21; Luk. 12:31-34; 1 Pet. 1:14; 4:2,3).
- Selfbeheersing (Pred. 3:1-8; Gal. 5:22-23; 2 Tim. 1:7).
- Verwagting (Rom. 8:19,23,25; Gal 5:5; 1 Tess. 1:10; Tit. 2:13).

(Dit is belangrik om daarop te let dat bogenoemde riglyne en teksverwysings slegs enkele voorbeelde is en dat daar meer verwysings bestaan met betrekking tot elke saak)

Moontlike huiswerk-opdragte wat met gepaste variasie aan kliënte gegee kan word, sluit in:

- Die beradene moet 'n brief skryf aan sy of haar huweliksmaat waarin vertel word waar hy of sy te na gekom is.
- Die beradene moet 'n brief skryf aan sy of haar huweliksmaat waarin vertel word van watter seksuele behoeftes sy of hy nie van hou nie, en ook waarvan wel gehou word.
- Die beradene moet 'n goeie boek voorlees oor seks met 'n Christelike grondslag vir sy of haar maat, en doen wat die boek voorstel. (Bv. Die Huweliksdaad - Lahaye; Sex According to God - Arthur; The Book of Romance - Nelson; Intended for Pleasure - Wheat).

5.9 Hulpverlening aan 'n persoon met seksuele frustrasie

5.9.1 Inleiding

Die treffende woorde van LaHaye (2004:93) maak die deur oop vir 'n gelukkiger, frustrasielose huwelik:

“Nie een van ons het 'n probleem wat ons nie aan ons hemelse Vader kan vertel nie. Geeneen van ons hoef lewenslank met seksuele frustrasie tevrede te wees nie. Wanneer ons as kinders van die Here tot Hom nader en om hulp en leiding vra, is Hy getrou om dit vir ons te gee. Hierdie verhouding met God sal vir ons seën inhou en ons geloof versterk. Ons moet net op Hom vertrou.”

5.9.1.1 Die rol van godsdiens en geloof

Waar Godsdiens beskou word as oorsaak van seksuele frustrasie in die huwelik (vgl. Godow, 1982:8 en Bennion, 1991:1) is dit noodsaaklik dat die beradene van hierdie valse idees moet afstand doen. Volgens Holtzhauzen & Stander (1996:15) moet die beradene bewus gemaak word van die feit dat God seks geskep het om te geniet binne die konteks van die huwelik, en dat daar 'n

menigte waarskuwings rondom seks is as dit buite die konteks van die huwelik beoefen word. Geensins is seks 'sonde' binne die huwelik nie, maar buite die konteks van die huwelik word dit as sonde beskou (1 Kor. 6:18).

Volgens Arthur (2002:2) het God in Sy Woord voorskrifte gegee vir die gebruik van seks, sowel as waarskuwings. As seks gebruik word volgens die perfekte Handleiding en volgens die reëls wat daarvoor uitgelê is, sal dit die mens jare van plesier gee, maar as seks nie gebruik word volgens God se voorskrifte nie, is daar definitiewe negatiewe gevolge daaraan verbonde.

God staan geensins afsydig van dit wat Hy geskep het nie, intendeel, nadat Hy die mens gemaak het, het Hy gesê in Gen. 1 :31 "Dit is baie goed". God het juis een van die lewe se aangenaamste sensasies aan die mens gegee om te geniet om so hulle liefde aan mekaar te bewys, kinders te hê, die spanning te verlig, maar in harmonie met die Skepper te wees (Holtzhauzen & Stander, 1996:17).

Daarom is dit belangrik dat die mens eers in 'n persoonlike verhouding kom met Christus, (LaHaye, 2004:93) alvorens hy probeer om probleme op sy eie aan te pak.

5.9.2 Algemene riglyne

Afgesien van die persoonlike data wat die berader insamel voor en tydens berading, behoort die volgende vrae ook gestel te word:

- Het die beradene 'n persoonlike verhouding met God?
- Bid en lees hulle Bybel elke dag?
- Luister die beradene werklik as sy of haar maat praat?
- Kommunikeer die huwelikspaar opreg en eerlik met mekaar?
- Vertel die beradene sy of haar maat dat hy of sy seksueel gefrustreerd is?
- Is daar enige verandering in hulle huwelik wat kon aanleiding gee tot seksuele frustrasie?
- Spandeer hulle genoeg tyd saam en alleen met mekaar?

- Bederf die man nog sy vrou soos voor hulle getroud is?
- Wat doen die vrou om haar man se aandag op haar te hou?
- Kyk die beradene, sy of haar maat na pornografie?
- Masturbeer die beradene?
- Het die beradene, sy of haar maat, al seks buite die huwelik gehad?
- Indien wel, het hulle mekaar opreg vergewe daarvoor?
- Hoe voel die beradenes oor hulle eie liggame?
- Trek die vrou ooit enige verleidelike onderklere aan?
- Trek hulle voor mekaar uit?
- Bad hulle saam?
- Beoefen hulle behoorlike voorspel?
- Kan hulle mekaar sien tydens die seksuele daad, of het hulle altyd net seks in die donker?
- Wat van na die tyd, praat hulle met mekaar of slaap die een onmiddellik?
- Is hulle higiënies voor en na die seksdaad?
- Is die beradene se higiëne van so aard dat dit tot weersin van sy of haar maat is?

Die antwoorde op die bogenoemde vrae kan 'n goeie aanduiding wees van die graad van seksuele frustrasie en ook van die oorsprong van die frustrasie.

Ander riglyne om 'n persoon met seksuele frustrasie te help:

- Bewerkstellig altyd eers dat daar hoop vir die probleem is (Mack, 1994:189-209).
- Beskou elke persoon se probleem as uniek, moenie veralgemeen nie.
- Moet nooit enige probleem afmaak as niks nie, al klink dit hoe gering.
- Probeer altyd om man en vrou saam te beraad.

5.9.3 Spesifieke riglyne

Sake wat met die beradene reg aan die begin van die beradingsessie deurgewerk moet word, behels die volgende:

Volgens Mack (1994:173-284) se sewe stappe is die volgende proses van Bybelse berading belangrik:

- Dit is belangrik dat daar eers 'n helpende verhouding met die beradene ontwikkel word en dat die beradene weet hy kan die berader vertrou.
- Sonder hoop kan Bybelse berading nie plaasvind nie. Die beradene wat vir 'n geruime tyd loop met seksuele frustrasie het hoop nodig om te weet dat daar 'n oplossing vir die probleem is. Daarom moet daar hoop bewerkstellig word in die beradene.
- 'n Behoorlike inventaris van die beradene moet geneem word: soveel as moontlik data moet versamel word wat die berader kan help om die beradene te help. Soos gesien in die Empiriese studie (4.3.3 & 4.3.3.5), is beradenes nie altyd gewillig om oor hulle sekslewe te praat nie en gee ook nie altyd die ware feite nie. Die gebruik van Evaluasievorms en vrae soos voorsien deur Perspektief Opleidingskollege (Sien bylae D,E en F) is van groot hulp.
- Deur gebed en die hulp van die Heilige Gees word die versamelde data van die beradene geïnterpreteer. Volgens Mack (1994:231) is die doel van data evaluasie, om data akkuraat en korrek te interpreteer en dit aan die beradene oor te dra.
- Met die uitslag van die versamelde data op hande, kan die berader instruksies gee aan die beradene deur gebruik te maak van Bybelse berading.
- Deur gebruik te maak van Bybelse berading en die hoop wat voorgehou is, kan die berader dan probeer om die beradene te oorrede om te "WIL" verander.
- Wanneer die "WIL" om te verander dan daar is, word Bybelse instruksies geïmplementeer.

Verder volgens MacArthur (1994:117) is die teologiese vertrekpunte (5.6.1) belangrik om te volg:

- Wie het die mens gemaak, waarom en hoekom is die mens gemaak?

(God het die mens gemaak, sodat die mens God kan verheerlik deur aan God gehoorsaam te wees, deur Sy gebooie te bewaar).

- As God dan die mens gemaak het, is God besorg oor die mens? (God is natuurlik reg van die begin af besorg oor die mens, dit kan aan die skepping gesien word. Hy het die hele heelal en al die planete en sterre in een dag gemaak, maar aan die aarde en alles op die aarde het Hy vyf dae gewerk, en dit net vir die mens. (Gen. 1) besorgdheid kan ook aan die grootste offer gesien word wat God vir die mens gedoen het.)
- Wat is die oorspronklike probleem waarom die mens vandag met seksuele frustrasie te kampe het? (Sonde is die oorspronklike probleem, (Gen. 3) en dit maak skeiding tussen die mens en God. Sonde veroorsaak direk en indirek ook seksuele frustrasie).
- Kan die mens op sy eie iets aan hierdie probleem doen, en as hy nie kan nie, wie kan? (Nee die mens kan niks uit sy eie aan sonde doen nie. Die mens moet eers ten volle weet dat hy siek is (Rom. 7:7) en dat hy 'n Geneesheer nodig het wat hom kan genees. Jesus Christus is die geneesheer wat vir die mens genesing kom gee het deur aan die kruis te sterf vir sy sondes).
- Het God voorsiening gemaak dat elke mens kan verander? (Ja, en dit word gedoen deur die werking van die Heilige Gees wat as Bemiddelaar optree, Hy is die een wat bystand verleen).
- Volgens Adams (1973:391) is daar relatief min organiese of liggaamlike probleme wat seksuele frustrasie veroorsaak, maar dit kan bestaan. In so geval moet so persoon verwys word vir 'n behoorlike mediese ondersoek.
- Soos genoem in (5.1) is die meeste van die seksuele frustrasie probleme in die huwelik die gevolg van 'n gebrek aan Bybelse kennis rondom seks, vrees, seksuele onkunde en swak kommunikasie, en behoort berading gevolg te word soos uiteengesit in die volgende punte:
 - Gebrek aan Bybelse kennis rondom seks - (5.8.1).
 - Vrees - (5.8.2).
 - Seksuele onkunde - (5.8.3).

- Swak kommunikasie - 5.8.4).

5.10 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 5

In hoofstuk 5 is daar gepoog om Skrifgefundeerde pastorale riglyne vir persone wat met seksuele frustrasie in die huwelik sukkel, voor te stel, en dit behels kortliks die volgende:

- Bybelse berading, wat is dit?
 - Bybelse berading gaan oor verandering.
 - Drie redes word aangevoer waarom Bybelse berading nodig is; (1) demoniese aktiwiteit, (2) persoonlike sonde, en (3) organiese siekte. Hiervan word sonde as die wesenlike oorsaak van alle probleme uitgewys.
 - Bybelse berading is die aanwending van berading soos gevind in die Skrif.
 - Om goed-gefundeerde beradings-riglyne en -tegnieke te gebruik binne die raamwerk van die religieuse praktyk.
 - Bybelse berading moet gestand doen aan die naam van Jesus, is Kerk gesentreerd en is Bybel-gesentreerd.
- Die doel van Bybelse berading is:
 - Verandering deur die denke te verander, en dit word bewerkstellig deur die Heilige Gees.
 - Groei moet plaasvind sodat geestelike volwassenheid bereik kan word.
 - Ander doelstellings soos bv. die begrip van die self, kommunikasie, gedragsverandering, self-aktualisering, ondersteuning en Geestelike nood en volwassenheid.
- Die beradingsverhouding tydens Bybelse berading.
 - 'n Goeie Bybelse berader het die volgende karaktereienskappe:
 - Is 'n wedergeborene kind van God.
 - Het 'n persoonlike verhouding met God.

- Het 'n deeglike kennis van die Bybel.
 - Is 'n gereelde bidder.
 - Het 'n goeie verhouding met die Kerk.
 - Moet 'n Evangelis wees.
 - Het goeie verhoudings met ander mense.
 - Moet sy eie lewe uit die oogpunt van God kan beskou.
 - Van die persoon wat om hulp soek, die beradene, word daar verwag om aktief en verantwoordelik deel te neem aan die beradingsproses. Verder moet hy bewus gemaak word dat daar nie kits-oplossings is nie, en sy positiewe deelname sal help om homself te help.
- >>>Die hulpverlenings proses of beradingsproses.
 - Dit is belangrik om 'n helpende verhouding met die beradene te ontwikkel. Dit sluit in vaardighede soos om te luister, absolute stilte te kan hanteer, om hoop te bewerkstellig, data versameling, korrekte interpretering van data, Bybelse instruksies te kan weergee, en om die beradene te help om te wil verander.
 - Verdere is dit belangrik om bewus te wees van die gevaar van die seksuele beradings proses. Eie seksuele gevoelens moet nie ontken word nie, maar moet weet dat dit beheer kan word.
 - Dit is belangrik om te weet dat daar is geen hoër gesag as die Bybel nie en dat die korrekte manier van gebruik van die Skrif, gebed, 'n integrale deel vorm van die beradings proses. Hierdie moet voorafgegaan word deur die Teologiese vertrekpunt dat God Drie-enig, die ware berader is.
 - Beskikbare riglyne vir Bybelse berading.
 - Daar is verskeie betroubare riglyne vir Bybelse berading bekend, en van die bekendstes is MacArthur, Crabb, Collins se mensehulpriglyn en ook Adams se noutetiese beradingsriglyn.

- Riglyne vir Bybelse berading aan persone met seksuele frustrasie.
 - Seksuele onkunde, kommunikasie probleme en onrealistiese verwagtinge blyk die grootste probleme te wees. Van dit behoort die volgende ervarings, denke, emosies en belewenis geïdentifiseer te word, en waar van toepassing, gehanteer word soos onder die algemene en spesifieke riglyne uiteengesit.
 - Van die mees algemene probleme wat voorkom is:
 - Godsdienst as oorsaak van negatiewe seks denke.
 - Vrees.
 - Seksuele onkunde.
 - Swak kommunikasie.

- Selfstudie en / of huiswerk.
 - Selfstudie en huiswerk moet deel vorm van die beradings proses wat tydens die sessies bepaal en bespreek sal word.

- Hulpverlening aan 'n persoon met seksuele frustrasie.
 - Geen probleem is groter as God nie.
 - Die volgende punte is belangrik om te hanteer.
 - Die rol van Godsdienst.
 - Seks buite die huwelik.
 - Pornografie.
 - Openlike gespreksvoering met sy of haar maat.
 - Masturbasie.
 - Enige onlangse verandering in die huwelik?
 - Bybel lees en bid.
 - Skaamte hantering.
 - Voorspel.
 - Na-spel.
 - Self liefde.
 - Skoon verleiding.

- Higiëne.

Om bogenoemde kortliks op te som is dit duidelik dat die berader eerstens 'n geredde persoon moet wees, wat 'n diep persoonlike verhouding met Jesus Christus het. Bybelstudie, gebed moet absoluut deel uit maak van sy daaglikse bestaan. Verder moet die berader op hoogte wees met die beskikbare Skrifgefundeerde beradingsriglyne om spesifieke probleme waarmee beradenes sukkel, te kan help. Die berader moet ten alle tye bedag wees op sy eie seksuele begeertes, veral tydens berading sessies, en moet ten alle tye onder die leiding van die Heilige Gees, hierdie begeertes beheer. Die beradene moet altyd bewus gemaak word van die Hoop wat daar in Christus is, en dat geen probleem te groot is vir God om opgelos te word nie. Verder moet die beradene ook weet dat die berader slegs daar is om hom of haar te help, om oplossings te vind dat die beradene sy eie probleme kan oplos, deur gebruik te maak van die riglyne wat daar is in die Woord van God.

HOOFSTUK 6

FINALE GEVOLGTREKKINGS

6.1 Inleiding

In hoofstuk 2 (basisteorie), 3 (metateorie), 4 (empiriese navorsing) en 5 (beradingsriglyn) is al die besonderhede fyn uiteengesit. In hoofstuk 6 word daar gefokus daarop om die doelwitte, metodes en die gevolgtrekkings wat uit elke hoofstuk spruit, in een hoofstuk te kombineer, om in kort die volgende vraag te beantwoord:

Kan daar riglyne daargestel word wat beraders kan help om op 'n Bybels-verantwoorde manier die seksuele frustrasie in die huwelik van beradenes suksesvol te beraad?

Die beantwoording van hierdie vraag vorm die probleemstelling van die beoogde studie, en die probleme wat hieruit spruit, sowel as die doelwitte en gevolgtrekkings volg hier onder in kort:

6.2 HOOFSTUK 2 (Basisteorie)

Die hoofdoel van hierdie hoofstuk was om te bepaal watter Skrifperspektiewe daar is oor seksuele frustrasie in die huwelik? In die beantwoording van hierdie vraag, is die volgende metode gebruik:

Basisteoretiese perspektiewe: Ten einde vas te stel wat die getuienis van die Bybel oor die seksuele aspek is, is in die eerste plek relevante literatuur en in die tweede plek grammaties-historiese eksegeese van

relevante Skrifgedeeltes van beide die Ou en die Nuwe Testamente (De Klerk & Van Rensburg, 2005), nagevors.

Uit hoofstuk 2 kan dus die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Dit blyk uit studies dat die liggaamlike en seksuele sy van die huwelikslewe deurgaans die meeste probleme oplewer. Die mening is egter dat egpare nie met opset mekaar se behoeftes verwaarloos nie, maar dat dit 'n reaksie is op onvervulde behoeftes. Dit veroorsaak pyn en kan lei tot egskeiding.
- Die Woord van God dien as basis vir seks omdat Hy die vervaardiger daarvan is en die Handleiding daarvoor gegee het. Dit dien as 'n riglyn oor hoe die mens seks moet gebruik, naamlik om dit te geniet mits dit binne die konteks van die huwelik plaasvind. Afwyking van hierdie voorskrifte kan lei tot nadelige gevolge.
- God het ook 'n drie-ledige doel met seks, naamlik seks as 'n voortplantingsmeganisme, seks as liefde en seks as plesier.
- God se definitiewe voorskrif vir die gebruik van seks is dat dit uitsluitlik binne die huwelik moet plaasvind.
- Onrealistiese verwagtinge van seks van albei partye kan lei tot groot konflik en baie hartseer en pyn. In die huwelik is daar nie plek vir onrealistiese verwagtings nie, omdat ek my maat gekies het om te gee vir ewig, en nie net om te ontvang nie.
- Volgens die definisie van frustrasie ontstaan dit wanneer iemand 'n doel ingedagte het wat hy/sy wil bereik wat hy/sy om een of ander rede nie kan bereik nie, hetsy deur sy eie swakheid of as gevolg van iemand anders se doen en late.
- Die kind van God is nie gevrywaar van frustrasie nie. Omdat hy in 'n wêreld van sonde lewe, en omdat hy 'n sondige natuur het, sal hy gedurig deur die vleeslike versoek word. Die vlees begeer teen die gees en die gees teenoor die vlees. Die doel wat die vlees wil bereik, word nie bereik

nie en ook andersom, die doel wat die gees wil bereik, word nie bereik nie, en daarom kan frustrasie volg. Die Skrif is egter duidelik dat God hierdie frustrasies gebruik om Sy kinders geestelik te versterk.

- As kind van God is die mens nie gevrywaar van seksuele frustrasies binne die konteks van die huwelik nie. Wanneer die kind van God streng volgens die Skriftuurlike voorskrifte vir die gebruik van seks gaan, sal daar basies geen rede wees om seksueel gefrustreerd te wees in die huwelik nie. Dit is by afwyking hiervan dat die saad van seksuele frustrasie geplant word, en verdere onkunde wat dit laat groei tot vernietigende gevolge.
- Die frustrasie of branding wat die kind van God beleef buite die konteks van die huwelik word deur Paulus aangespreek, en hy gee die oplossing. Tree in die huwelik as jy jou nie kan beheers nie. Weens 'n gebrek aan selfbeheersing, wyk mense van God se voorskrifte afgewyk en word seks misbruik. Dit is uit en uit beter om te trou as om van begeerte te brand.

6.3 HOOFSTUK 3 (Metateorie)

Die hoofdoel van hierdie hoofstuk was om vas te stel wat die sekulêre beskouings/teorieë aangaande seksuele frustrasie in die huwelik is. In die beantwoording van hierdie vraag, is die volgende metode gebruik:

Meta-teoretiese perspektiewe: Die sekulêre beskouings/teorieë aangaande seksuele frustrasie in die huwelik is ondersoek en is beoordeel deur middel van 'n in-diepte bestudering van die literatuur in die vorm van 'n literatuurstudie van relevante artikels en internetsoektogte.

Uit hoofstuk 3 kan dus die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Dit is duidelik dat die seksuele vanuit die oogpunt van die sekulêre mens nie geskep is deur 'n Skepper nie, maar dat dit spontaan ontstaan het

miljoene jare gelede, en die eindresultaat is dit wat die mens vandag het.

- Die doel van die seksuele volgens die sekulêre mens is nou verbonde aan die doel wat die Bybel aan die seksuele koppel. Eerstens is dit daar vir plesier, tweedens vir voorplanting en laastens ook vir liefde. In teenstelling met die kind van God, plaas die sekulêre mens geweldig baie klem op die plesier van die seksuele.
- Die oorsprong van die seksuele frustrasie in die oë van die sekulêre wêreld, is afkomstig van die Christelike godsdiens. Verskeie skrywers soos Pertot, Bennion, Godow, Hendrix, Davis, Califia en nog vele ander, maak hierdie stellings wat die blaam vir die wêreld se seksuele probleme op godsdiens plaas, en spesifiek die Christelike godsdiens.
- Dit is 'n onomwonde feit dat die sekulêre wêreld die blaam vir seksuele disfunksies en seksuele frustrasie plaas op die Christelike godsdiens en dat die wêreld se seksprobleme volgens hulle gebore is uit die Christelike denkwyses en gebruike. Sodanig so dat seks beskou word as sonde en dat seks vuil is.
- Dit blyk uit studies dat die kerk en sy leer oor die seksuele die oorsaak is van seksuele disfunksies en seksuele frustrasie en dat die moderne Westerse wêreld dit nie meer aanvaar nie. Daarom dat hulle die sienings en die leer van die kerk totaal en al verwerp.
- Sekere seksuele versteurings (misbruike verbonde aan seks) word by die mens gevind en dit kan verdeel word in vier groepe, naamlik: (a) Geslagsidentiteitsversteurings. 'n Geslagsidentiteitsversteuring kom voor wanneer die kerngeslagsidentiteit, die geslagsrolidentiteit en meestal ook die seksuele oriëntasie in disharmonie met die biologiese geslag is. Die bekendste voorbeeld van geslagsidentiteitsversteurings is transseksualisme. (b) Parafilieë. Die begrip parafilieë verwys na die bestaan van 'n afwyking (para) wat verband hou met seksuele aangetrokkenheid (filie). Hieronder sorteer Fetisjisme, Transvestitisme, pedofilie, Ekshibisionisme en ander soos seksuele masochisme (dit is wanneer die persoon seksuele bevrediging verkry indien hy tydens 'n

seksuele ervaring gepynig, gestraf of psigologiese verneder word); Seksuele sadisme (dit word gekenmerk deur doelbewuste pyniging, besering of psigologiese vernedering van die seksmaat met die oog op verkryging van 'n orgasme); en Soöfilie (Dit is seksuele kontak met diere). (c) Seksuele disfunksies. Seksuele disfunksies verwys hoofsaaklik na die onvermoë of versteuring om seksuele bevrediging te verkry. Impotensie by die man en die onvermoë om orgasme te bereik by die vrou is van die bekendste seksuele disfunksies. (d) Spanning oor 'n mens se seksuele oriëntasie. Homoseksualisme is nie meer 'n disfunksie nie, maar is 'n erkende norm vandag.

- Seksuele disfunksies wat aanleiding kan gee tot seksuele frustrasie soos vrees, bekommernis of angs, speel 'n baie groot rol in seksuele disfunksie by die mens, en vrees word deur Davis bo-aan die lys geplaas van seksuele disfunksies. Hierdie vrese sluit onder andere in vrees vir swangerskap, vrees om te faal, vrees om jou maat teleur te stel, vrees om beheer te verloor, en vrees veroorsaak deur trauma. Alhoewel seksueel oordraagbare siektes soos MIV/Vigs 'n pandemie in die wêreld is, is syfers nie aan die afneem nie, maar styg dit daaglik. Die navorser maak dus die gevolgtrekking dat seksueel oordraagbare siektes nie 'n vrees tydens seksuele omgang te weeg bring nie.
- Alhoewel seksuele probleme en seksuele frustrasie spruit uit komplekse interpersoonlike en persoonlike probleme, is daar in 'n groot mate ook seksuele probleme en frustrasie as gevolg van seksuele onkunde.
- Kommunikasie is die ruggraat van 'n goeie seksuele verhouding. Dit is onmoontlik vir 'n seksuele verhouding om voort te bestaan as daar nie kommunikasie is nie. Wanneer kommunikasie ontbreek, of selfs gebrekkig is, is dit vanselfsprekend dat seksuele probleme en frustrasie ook teenwoordig kan wees.
- Ander misbruike verbonde aan seks is verkragting, moord, pornografie, seks as 'n finansiële inkomste (hoerery) en bloedsbande.
- Seksuele frustrasie in die sekulêre wêreld word gekenmerk as

“teleurstelling en nederlaag” voor, tydens of na die seksuele daad as gevolg van Christelike Godsdien.

- Moontlike oplossings vir seksuele frustrasie wat deur Bennion aan die hand gevoer word sluit in dat die volgende broodnodige dienste 'n oplossing sal wees: (A) Skoling en opleiding vir seks. (B) Beschikbaarheid vir orgasme. (C) Verbetering van die orgasme. (D) Bekendstellingsdienste. (E) Dienste wat kan help met ongewenste swangerskappe. (F) Inligtingsdienste.
- Seksuele frustrasie is grootliks te danke daaraan dat seks slegs “toelaatbaar” in die huwelik is, en sodoende word mense gedwing om sonder noodsaaklike orgasmes klaar te kom.
- Sukses vir moderne terapeutiese benadering vir seksuele frustrasie in die huwelik word toegeskryf aan gedragsterapie. Dit behels of 'n sistematiese metode van desensitisasie of kunsmatige desensitisasie.

6.4 HOOFSTUK 4 (Empiriese navorsing)

Die hoofdoel van hierdie hoofstuk was om kwantitatiewe empiriese navorsing aan te wend om vas te stel wat die oorsprong en faktore is wat seksuele frustrasie in die huwelik veroorsaak. Die volgende metode is gebruik:

'n Kwantitatiewe -empiriese studie is gedoen deur gebruik te maak van vyf getroude paartjies.

Uit hoofstuk 4 kan dus die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Volgens die empiriese ondersoek is daar 'n definitiewe teenwoordigheid van seksuele frustrasie in huwelike. Alhoewel die algehele persentasie van sommige paartjies dui daarop dat hulle sekslewe geen probleme het nie, word die seksuele frustrasie wel ontbloot deur die positiewe en negatiewe vrae te skei.
- Ten opsigte van die mans en in 'n meerdere mate die vrouens, dui

huwelikstevredenheid nie noodwendig daarop dat daar 'n gesonde sekslewe bestaan nie. Waar daar 'n gesonde sekslewe is, is dit duidelik dat daar goeie huwelikstevredenheid is.

- Ten opsigte van die vrouens, en in 'n mindere mate die mans, hang huwelikstevredenheid nie noodwendig af van 'n gesonde sekslewe nie. Waar daar 'n seksuele frustrasie teenwoordig is by die vrou, is dit duidelik dat daar nog steeds 'n goeie huwelikstevredenheid is.
- Vrouens is oor die algemeen meer konserwatief ten opsigte van die seksuele as die man.
- In gevalle waar die man meer liberaal is in sy uitkyk ten opsigte van die seksuele, kan dit dalk die deur oopmaak na vinnige oplossings vir seksuele frustrasies in die huwelik, soos byvoorbeeld buite-egtelike verhoudings, masturbasie ens.
- Die seksuele sy van die huwelik bly nog steeds 'n groot geheim vir enige buitestaander. Dit is selfs vir 'n huweliksberader moeilik om eerlike, openlike en betroubare antwoorde te kry. Een bewys daarvan is dat elkeen van die 15 paartjies aan wie vraelyste gegee is die opsie gehad het om sy of haar naam op die vorm in te vul indien hulle terugvoering wil hê. Daar het slegs 8 vraelyste teruggekom, en almal het anoniem gebly.

6.5 HOOFSTUK 5 (Beradingsriglyn)

Die hoofdoel van hierdie hoofstuk was om riglyne daar te stel waardeur seksuele frustrasie in die huwelik doeltreffend in Pastorale berading gehanteer kan word. Die volgende metode is gebruik:

Praxis-teorie: Om riglyne rondom seksuele frustrasie daar te stel wat kan dien as hulp vir pastorale berading, is versamelde materiaal deur analise, interpretasie en sintese gekeur en georden om 'n hermeneutiese wisselwerking tussen basisteorie en metateorie te vorm.

In hoofstuk 5 is daar gepoog om Skrifgefundeerde pastorale riglyne vir persone

wat met seksuele frustrasie in die huwelik sukkel, voor te stel, en dit behels kortliks die volgende:

Eerstens is dit nodig om te weet wat is Bybelse berading:

- Bybelse berading gaan oor verandering.
- Drie redes word aangevoer waarom Bybelse berading nodig is; (1) demoniese aktiwiteit, (2) persoonlike sonde, en (3) organiese siekte. Hiervan word sonde as die wesenlike oorsaak van alle probleme uitgewys.
- Bybelse berading is die aanwending van berading soos gevind in die Skrif.
- Om goed gefundeerde beradingsriglyne en -tegnieke te gebruik binne die raamwerk van die religieuse praktyk.
- Bybelse berading moet gestand doen aan die naam van Jesus, is Kerk- en Bybel-gesentreerd.

Die doel van Bybelse berading is:

- Verandering deur die denke te verander, en dit word bewerkstellig deur die Heilige Gees.
- Groei moet plaasvind sodat geestelike volwassenheid bereik kan word.
- Ander doelstellings soos bv. die begrip van die self, kommunikasie, gedragsverandering, self-aktualisering, ondersteuning en Geestelike nood en volwassenheid.

Die beradingsverhouding tydens Bybelse berading.

- 'n Goeie Bybelse berader het die volgende karaktereienskappe:
- Is 'n wedergeborene kind van God.
- Het 'n persoonlike verhouding met God.
- Het 'n deeglike kennis van die Bybel.
- Is 'n gereelde bidder.
- Het 'n goeie verhouding met die kerk.
- Moet 'n evangelis wees.
- Het goeie verhoudings met ander mense.

- Moet sy eie lewe uit die oogpunt van God kan beskou.

Van die persoon wat om hulp soek, die beradene, word daar verwag om aktief en verantwoordelik deel te neem aan die beradingsproses. Verder moet hy bewus gemaak word dat daar nie kitsoplossings is nie, en sy positiewe deelname sal help om homself te help.

Die hulpverlenings proses of beradingsproses.

- Dit is belangrik om 'n helpende verhouding met die beradene te ontwikkel. Dit sluit in vaardighede soos om te luister, absolute stilte te kan hanteer, om hoop te bewerkstellig, dataversameling, korrekte interpretering van data, Bybelse instruksies te kan weergee, en om die beradene te help om te wil verander.
- Verdere is dit belangrik om bewus te wees van die gevaar van die seksuele beradingsproses. Eie seksuele gevoelens moet nie ontken word nie, maar die berader moet weet dat dit beheer kan word.
- Dit is belangrik om te weet daar is geen hoër gesag as die Bybel nie en dat die korrekte manier van gebruik van die Skrif, gebed, 'n integrale deel vorm van die beradingsproses. Hierdie moet voorafgegaan word deur die teologiese vertrekpunt dat God Drie-enig, die ware berader is.

Beskikbare riglyne vir Bybelse berading.

- Daar is verskeie betroubare riglyne vir Bybelse berading bekend, en van die bekendstes is MacArthur, Crabb, Collins se mensehulpriglyn en ook Adams se noutetiese beradingsriglyn.

Riglyne vir Bybelse berading aan persone met seksuele frustrasie.

- Seksuele onkunde, kommunikasieprobleme en onrealistiese verwagtinge blyk die grootste probleme te wees. Daaruit behoort ervarings, denke, emosies en belewenisse geïdentifiseer te word, en waar van toepassing, gehanteer te word soos onder die algemene en spesifieke riglyne

uiteengesit.

Van die mees algemene probleme wat voorkom is:

- Godsdien as oorsaak van negatiewe seksdenke.
- Vrees.
- Seksuele onkunde.
- Swak kommunikasie.

Selfstudie en / of huiswerk.

- Selfstudie en huiswerk moet deel vorm van die beradingsproses wat tydens die sessies bepaal en bespreek sal word.

Hulpverlening aan 'n persoon met seksuele frustrasie.

- Geen probleem is groter as God nie.
- Die volgende punte is belangrik om te hanteer.
 - Die rol van Godsdien.
 - Seks buite die huwelik.
 - Pornografie.
 - Openlike gesprekvoering met sy of haar maat.
 - Masturbasie.
 - Enige onlangse verandering in die huwelik?
 - Bybel lees en bid.
 - Skaamte hantering.
 - Voorspel.
 - Na-spel.
 - Self-liefde.
 - Skoon verleiding.
 - Higiëne.

6.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Dat daar wel iets soos seksuele frustrasie in die huwelik is, is baie duidelik te sien in die konteks van hierdie navorsing. Die gereeldheid waarmee frustrasie voorkom in die huwelik is op 'n gemiddeld bereken deur die empiriese studie. Weens die sensitiwiteit van die betrokke onderwerp, word hierdie onderwerp gewoonlik vermy en as nie-bestaande afgemaak, en dan word daar spoedig na minder belangrike probleme oorgegaan. Mense wil nie met hulle seksuele probleme na beraders toe gaan of daaroor praat nie, want dit is vir hulle 'n erge verleentheid. Daar word beweer dat sekere beraders nie opgewasse voel om hierdie onderwerp te hanteer nie en dit kan hulle verleë en angstig laat voel. Afgesien van die feit dat die Bybel openlik oor seks praat, voel sommige beraders dat seksuele berading nie geestelik van toepassing is nie, en dat dit die kliënt se privaatheid verbreek, of dat dit die berader se eie seksuele begeertes op 'n ongesonde manier kan stimuleer. Die samelewing ontbreek aan goeie Christelike boeke wat hierdie aspek rondit aanspreek en werkende oplossings daar stel.

Dus kan in kort opgesom word dat volgens die sekulêre mens het seks miljoene jare terug ontstaan, en God was nie die skepper daarvan nie. Seksuele frustrasie is afkomstig van die Christelike godsdienst, omdat seks beskou word as sonde en vuil. Die moderne Westerse wêreld aanvaar dit nie meer nie en huldig nou hulle eie voorkeure van seksuele gebruik. Die resultaat daarvan is seksuele verstourings en disfunksies, wat aan die orde van die dag is in die moderne samelewing. Seksuele frustrasie spruit hieruit as gevolg van sekere probleme soos vrees, kommunikasie, misbruik van die seksuele ensovoorts. Oplossings volgens sekulêre denke is gedragsterapie en dat seks nie meer net vir die huwelik is nie, maar dat dit vry beskikbaar moet wees, as die mens 'n behoefte aan orgasme het.

Uit die empiriese studie het dit dus duidelik na vore gekom dat die Christen nie gevrywaar is teen seksuele frustrasie nie. Die gemiddelde Christen-paartjies

gaan wel gebuk onder seksuele frustrasie, soos hierdie studie bewys. In die lig van die uitslae van die empiriese navorsing is dit duidelik dat 'n gesonde openlike beradingsriglyn daargestel moet word, om mense wat gebuk gaan onder seksuele frustrasie, suksesvol te kan beraad. Hierdie riglyne moet openlik verkondig word vanaf preekstoele en dit moet beskikbaar gestel word vir predikante en pastorale beraders, en in so mate dat selfs die wat ontken dat hulle gebuk gaan onder seksuele frustrasie, dit kan beproef om te sien of daar plek vir verbetering is sodat hulle die huwelik te kan smaak soos God dit oorspronklik geskep het.

Om bogenoemde kortliks op te som is dit duidelik dat die berader eerstens 'n geredde persoon moet wees, wat 'n diep persoonlike verhouding met Jesus Christus het. Bybelstudie en gebed moet absoluut deel uitmaak van sy daaglikse bestaan. Verder moet die berader op hoogte wees met die beskikbare Skrifgefundeerde beradingsriglyne om spesifieke probleme waarmee beradenes sukkel, te kan help. Die berader moet ten alle tye bedag wees op sy eie seksuele begeertes, veral tydens beradingsessies, en moet ten alle tye onder die leiding van die Heilige Gees, hierdie begeertes beheer. Die beradene moet altyd bewus gemaak word van die Hoop wat daar in Christus is, en dat geen probleem te groot is vir God om opgelos te word nie. Verder moet die beradene ook weet dat die berader slegs daar is om hom of haar te help, om oplossings te vind dat die beradene sy eie probleme kan oplos, deur gebruik te maak van die riglyne wa2t daar is in die Woord van God.

6.7 FINALE GEVOLGTREKKING

Hierdie studie bevestig dat seksuele frustrasie binne die huwelik wel bestaan en dat dit 'n wesenlike probleem is waarmee baie getroude paartjies onnodig sukkel.

Die finale konklusie is dat seksuele frustrasie in die huwelik effektief gehanteer en beraad kan word, sodat mense die volheid van die huweliksdaad kan beoefen soos God dit oorspronklik beplan het.

6.8 AANBEVOLE TERREINE VAN STUDIE

1. 'n Vergelyking tussen die Bybelse en die postmoderne uitkyk op die huwelik.
2. Die moontlike samewerkende verhouding tussen pastorale berading en sielkunde.
3. Die volkome huwelik.
4. 'n Praktiese pastorale studie van die huweliksdaad.
5. Seksuele frustrasie as die oorsaak van egskeidings.

6.9 OPSOMMING

SEKSUELE FRUSTRASIE IN DIE HUWELIK - 'n PASTORALE STUDIE

Hierdie studie handel oor seksuele frustrasie binne die konteks van die huwelik, en dit gesien vanuit 'n prakties-teologiese vertrekpunt.

Vanaf die Bybelse tyd word die seksuele daad verkeerd verstaan. Die sekulêre mens beskuldig godsdiens as die oorsaak van seksuele frustrasie wat die mens in vandag se lewe beleef. Eeue-lange misverstande oor God se siening oor die seksuele, het veroorsaak dat seks as sonde en as iets vuil beskou word. As gevolg hiervan het die sekulêre mens genoeg gehad daarvan om voorgeskryf te word dat die seksuele net vir die huwelik is. Al die grondbeginsels wat God neergelê het vir die gebruik van die seksuele, word saam met die Bybel by die agterdeur uitgegee.

Daarteenoor is die seksuele een van die wonderlikste dinge wat God geskep het. God het seks só wonderlik gemaak, dat Hy selfs een hele boek in die Bybel daaraan afgestaan het. Binne die raamwerk van die huwelik, behels die huweliksdaad een van die mees ongelooflikste ervarings en genot wat die mens kan smaak, wat nie vuil is nie en nog minder sonde is. God het dan immers in die begin gesê dat alles wat Hy gemaak het "baie goed" is. Hierby ingesluit is die seksuele.

Die doel van hierdie studie was om deur middel van Zeffass se model die basis- en metateoretiese perspektiewe vir seksuele frustrasie te ondersoek en 'n praktykteorie vir teologiese berading te ontwikkel.

Die navorsing het aangedui dat seksuele frustrasie selfs in die Bybelse tyd nie iets ongewoons was nie, en binne die konteks van God se raamwerk behoort daar nie seksuele frustrasie in die huwelik te wees nie.

Die gevolgtrekking van hierdie navorsing is dat mense wat gebuk gaan onder seksuele frustrasie in die huwelik, gehelp kan word om van hierdie frustrasie ontslae te raak en dan 'n volle lewe in Christus, sowel as in hulle huwelik, te kan leef.

6.10 SLEUTELWOORDE

FRUSTRASIE

SEKS

SEKSUELE

HUWELIK

PASTORAAL

6.11 SUMMARY

SEXUAL FRUSTRATION IN MARRIAGE - A PASTORAL STUDY

This study deals with sexual frustration in marriage from a pastoral point of view. A number of problems arise regarding the topic, such as the following:

The sexual act or marital act has been misunderstood since Biblical times. Secular man blames religion for the incredible frustration with sex in today's time. There have been misunderstandings of God's view of sex for centuries, which framed a view of sex as something dirty and sinful. As a result, secular man grew tired of being told that sex is only meant for marriage. All the basic morals God implemented for the use of sex, together with the Bible, are being swept out the backdoor.

Contrary to that belief, sex is one of the most beautiful and wonderful things that God has created. God made sex so wonderful that He even dedicated an entire book in the Bible to it. In the context of marriage, the sexual act holds the most incredible experiences and feelings available to man - which is neither dirty nor sinful. God clearly stated in the beginning that all of creation is "very good". This includes sex.

The aim of this study is to utilize the guidelines posited by Zerfass, to investigate the meta- and basis theoretical perspectives of sexual frustration in marriage and to develop a practice theory for pastoral theology.

The research shows that sexual frustration wasn't uncommon even in Biblical times, and in the context of God's framework, there ought not to be sexual frustration in marriage.

The conclusion of this research states that those suffering from sexual frustration in marriage can be helped to get rid of this frustration, and can enjoy a full life in Christ as well as in the marriage.

6.12 KEYWORDS

FRUSTRATION

SEX

SEXUALITY

MARRIAGE

PASTORAL

BIBLIOGRAFIE

ADAMS, J.E. 1970. Competent to Counsel. Introduction to Nouthetic Counselling. Grand Rapids : Zondervan. 287 p.

ADAMS, J.E. 1973. The Christian Counselor's Manual. The Practice of Nouthetic Counselling. Grand Rapids : Zondervan. 476 p.

AITKEN, K.T. 2000. Proverbs. (*In. Barton, John & Muddiman, John. 2000. ed. The Oxford Bible Commentary.*) Oxford : University Press. 1386 p.

ALEXANDER, D., & ALEXANDER, P. 1998. *Handboek by die Bybel*. English title: The Lion handbook of the Bible. (electronic edition.) (589). Kaapstad : Lux Verbi.

ALISON, D.C. 2000. Matthew. (*In. Barton, John & Muddiman, John. 2000. ed. The Oxford Bible Commentary.*) Oxford : University Press. 1386 p.

ALISON, D.C. 2004. Matthew: A shorter Commentary. London : T & T Clark International. 549 p.

ANDERSON, N.T. & MILLER, R. 2000. Bevryding van vrees. Hoe om bekommernis en angs te oorwin. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. 334 p.

ARP, D. & ARP, C. 1998. Love life for parents: How to have kids and a sex life too. Grand Rapids : Zondervan. 175 p.

ARTHUR, K. 2002. Sex according to God. USA : Waterbrook Press. 248 p.

BARCLAY, J. 2000. 1 Corinthians. (*In*. Barton, John & Muddiman, John. 2000. *ed*. The Oxford Bible Commentary.) Oxford : University Press. 1386 p.

BENNION, F. 1991. The Sex Code. Morals for Moderns. London : Weidenfeld and Nicolson Ltd. 323 p.

BELL, W. 2001. (*In*. - Hudson, Dale & Hills, Billy. *An Hour To Kill*. St. Martin's Paperback Edition. [Web:] http://www.crimelibrary.com/notorious_murders/classics/crystal_todd/12.html [Datum van gebruik : 1 Maart 2006]

BESTE, S., BERGNER, R. & NAUTE, M. 2003. What keeps love alive? An Empirical investigation. Family Therapy, Volume 30, Number 3. San Diego : Libra Publishers, Inc. 125-131 p.

BOLIN, A. & WHELEHAN, P. 1999. Perspectives on Human Sexuality. New York : Sunny Press. 416 p.

BRIGHT, S. 1999. Conscious, Sovereignty, Health, Sexuality, and Money Reflections on Five Liberation fronts. [Web:] <http://www.highvibrations.org/> [Datum van gebruik : 18 Mei 2006]

BROWN, F., DRIVER, S. R. & BRIGGS, C. A. 2000. Enhanced Brown-Driver-Briggs Hebrew and English Lexicon (electronic ed.). Logos Research Systems : Oak Harbour, WA.

BUYS, P. 1982. Geboortereëling: Noodsaaklik of euwel? (*In* Potchefstroomse universiteit vir Christelike hoër onderwys, *ed*. Venster op die huwelik - Openhartige vrae oor seksualiteit en die liefde. PU VIR CHO - Potchefstroom : Sentrale Publikasie-afdeling, 190-195 p.).

BYBEL. 1953. Die Bybel: Ou vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika

CALIFIA, P. 1994. Public Sex – The culture of radical sex. San Francisco. CA : Cleis Press. 264 p.

CARTWRIGHT, J. 2000. Evolution and human behaviour. Cambridge, UK : The Mit Press. 376 p.

CHAPMAN, S. & CHAPMAN, A. 1989. Married lovers. Married friends. Eleven ways to turn your marriage into romance. Minnesota : Bethany House Publishers. 167 p.

COHEN, L & MANION, L. 1991. Research methods in education. London. England : Routeledge. 328 p.

COLLINS, G.R. 1988. Christian Counselling: A Comprehensive guide, revised edition. Dallas. USA : Word Publishing. 711 p.

CRABB, L.J. 1975. Basic principles of Biblical counselling. Grand Rapids : Zondervan. 111 p.

CUTRER, W. & GLAHN, S. 2001. Sexual intimacy in marriage. USA : Kregel Publications. 272 p.

DAVIS, M. 1976. Sexual responsibility in marriage. Great Britain : William Collins Sons and Co Ltd Glasgow. 352 p.

DAWN, M.J. 1993. Sexual Character. Beyond technique to intimacy. Grand Rapids : Eerdsman's Publishing Co. 172 p.

DE BRUYN, P. J. 1997. *Die Tien Gebooie*. Midrand : Varia Uitgewers.

DE KLERK & VAN RENSBURG. 2005. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir gereformeerde eksegeese en prediking. Toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom : Potchefstroomse teologiese Publikasies.

DEROSA, D. 2000. Woman having sexual desires in the 19th Century?
[Web:] <http://www.unc.edu/~banana/unitpaper2.html>. [Datum van gebruik : 1 Desember 2005]

DEVENISH, C., FUNNELL, G. & GREATHEAD, E. 1992. Responsible teenage sexuality. A manual for teachers, youth leaders and health professionals. Pretoria : Academica. 343 p.

DOBSON, J. 2001. Fokus op meer as 400 vrae van gesinne wat mense die meeste pla. Wellington : Lux Verbi. 479 p.

EGAN, G. 2002. The skilled helper. A problem-management and opportunity-development approach to helping. USA : Brooks/Cole. 404 p.

ELWELL, W.A. 1996. *Vol. 3: Evangelical commentary on the Bible*. Baker reference library (1 Co 7:5). Grand Rapids : Baker Book House.

ENHANCED STRONG'S LEXICON. 1995. Woodside Bible fellowship. (electronic ed.). Logos Research Systems : Oak Harbour, WA.

ESDA (European Sexual Dysfunction Alliance). 2006. Female sexual dysfunctions.
[Web:] http://www.essm.org/patient-area/inhibited_desire.asp. [Datum van gebruik : 18 Mei 2006]

GERKIN, C.V. 1997. An introduction to pastoral care. Tennessee : Abingdon Press. 264 p.

GODOW, A.G. 1982. Human sexuality. Missouri : The C.V. Mosby Company. 669 p.

GROBLER, J. 1982. Hoe belangrik is seks in die huwelik? (*In* POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS, *ed.* Venster op die huwelik - Openhartige vrae oor seksualiteit en die liefde. PU VIR CHO - Potchefstroom : Sentrale Publikasie-afdeling, 114-116 p.).

GURMAN, A.S. & RICE, D.G. 1975. Couples in conflict. New York : Jason Aronson. 439 p.

HAGNER, D.A. 1993. Word Biblical commentary. Volume 33a. Matthew 14-28. Dallas, Texas : Word Books.

HALE, T. 1996. The applied New Testament commentary. England : Kingsway Publications. 1064 p.

HARLEY, W.F. 2000. Sy behoeftes, haar behoeftes. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. 238 p.

HENDRIX, H. 2005. Keeping the love you find. A single person's guide to achieving lasting love. London : Simon & Schuster UK Ltd. 325 p.

HENRY, M. 2008. Matthew Henry's commentary on the whole Bible. (*In. E-Sword.*) (Electronic ed.)

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste tree in die praktiese teologie. Pretoria : Gnosis. 79 p.

HILL, G.C. 2000. Romans. (*In*. Barton, John & Muddiman, John. 2000. *ed*. The Oxford Bible Commentary.) Oxford : University Press. 1386 p.

HOBBS, J.F. 2007. Ancient Hebrew poetry: The genre of Genesis 1. [Web:] http://ancienthebrewpoetry.typepad.com/ancient_hebrew_poetry/2007/03/the_genre_of_ge.html. [Datum van gebruik : 21 April 2008]

HOLTZHAUSEN, R. & STANDER, H. 1996. God gee ons seks om te geniet : ontdek die fisieke, emosionele en godsdienstige aspekte van seks. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. 192 p.

HUGHES, S. 2001. 10 Principles for a Happy Marriage. England : CWR. 63 p.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2007. Navorsingsmetodologie.

JANSON, M. 1985. Sake van die hart. (*In* Huisgenoot.) Kaapstad : Tafelberg-uitgewers Beperk. 311 p.

KALMUSS, D. 2004. Nonvolitional sex and sexual health. Archives of sexual behaviour, Vol. 33, no 3, June 2004, pp197-209. Plenum Publishing Corporation.

KAPLAN, H.S. 1974. The new sex therapy: Active Treatment of Sexual Dysfunctions. New York : Brunner & Mazel, Incl. 544 p.

KEIL & DELITZSCH. 2008. Commentary on the Old Testament. (*In*. *E-Sword*.) (Electronic ed.)

KING JAMES KONKORDANSIE. 2008. (*In*. *E-Sword*.) (Electronic ed.)

LABUSCHAGNE, F., EKSTEEN, L., & KRITIZINGER, M. 1999. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek. (electronic ed.)*. Pretoria : Van Schaik.

LAUGHREN & KASS. 1975. Desensitization of sexual dysfunction: The present Status. (/n GURMAN, A.S. & RICE, D.G. *ed. Couples in Conflict*. New York : Jason Aronson, 281-302 p.)

LAHAYE, T.& LAHAYE, B. 2004. Die huweliksdaad. Ervaar die skoonheid en vreugde van seksuele liefde in die huwelik. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. 326 p.

LOUW, D.A. & EDWARDS D.J.A. 1993. Sielkunde. 'n Inleiding vir studente in Suid-Afrika. Johannesburg. Suid-Afrika : Lexicon Uitgewers. 1000 p.

LOUW, D.J. 1998. A pastoral hermeneutics of care and encounter: a Theological design for a basic theory, Anthropology, Method and Therapy. Cape Town. South Africa : Lux Verbi. 506 p.

LOUW, J.P., & NIDA, E.A. 1996. Greek-English lexicon of the New Testament : Based on semantic domains (electronic ed. of the 2nd edition.). New York : United Bible societies.

MACARTHUR, J.F. 1984. *First Corinthians*. MacArthur New Testament commentary (156). Chicago : Moody Press.

MACARTHUR, J.F. 1994. *Romans*. MacArthur New Testament commentary. Chicago : Moody Press.

MACARTHUR, J.J. 1988. Matthew 16 -23: The MacArthur New Testament commentary. Chicago : Moody Press. 420 p.

MACARTHUR, J, Jr. & MACK, W. 1994. Introduction to Biblical Counselling: A basic guide to the principles and practice of counselling. Nashville. Tennessee : W Publishing Group. 407 p.

MACARTHUR, J.J. 1997. The MacArthur study Bible (*electronic ed.*) (Pr. 1:1), (1 Co 1:1), (Ec. 1:1). Nashville : Word Pub.

MACK, W.A. 2004. What is Biblical counselling? (*In* Hindson, E. & Eyrich, H., ed. Totally sufficient. The Bible & Christian counselling. Great Britain : Christian Focus Publications, 25-52 p).

MADDOX, D.B. 1994. Union with Christ: The implications for Biblical counselling. (*In* MacArthur, J.F. & MACK, W.A., ed. Introduction to Biblical counselling. A basic guide to the principles and practice of counselling. Tennessee : Thomas Nelson, Inc., 116-130 p.).

MCCONAGHY, N. 1993. Sexual Behaviour : Problems and management. New York : Plenum Press. 414 p.

MINIRTH, F. 2003. The Minirth guide for Christian counsellors. Tennessee : Broadman & Holman Publishers. 191 p.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1996. Basiese Begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 310 p.

MURRAY, A. 1998. Andrew Murray on prayer. New Kensington : Whitaker House. 656 p.

NELSON, T. 1998. The Book of Romance. What Solomon says about love, sex, and intimacy. Tennessee : Thomas Nelson, Inc. 205 p.

ODENDAL, F. 2000. Die elektroniese weergawe van die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Midrand : Perskor Uitgewery.

PERSPEKTIEF OPLEIDINGSKOLLEGE. 2004. Antropologie. Studie-eenheid 1. Inleiding tot 'n Psigo-Teologiese-maatskaplike Mensbeskouing. 98 p.

PERTOT, S. 1990. Jou sekslewe in perspektief. Kaapstad : Struik Timmins. 192 p.

PICK, S. 2003. HIV/AIDS. Our greatest challenge yet! Wellington : Lux Verbi. 95p.

PIETERSE, H.J.C. 1998. A theological theory of communicative actions. *Religion and Theology*, 5(2):176-194).

POTGIETER, J. 2003. Waardes wat werk: Wenwenke vir almal wat by jongmense betrokke is. Cape Town : Lux Verbi. 133 p.

POWLISON, D. 1994. Biblical Counselling in the Twentieth Century. (*In* MacArthur, J.F. & MACK, W.A., ed. Introduction to Biblical Counselling. A basic guide to the principles and practice of counselling. Tennessee : Thomas Nelson, Inc., 44-60 p.).

PURCELL, C.E. & ARRIGO, B.A. 2006. The Psychology of lust murder : Paraphilia, sexual killing, and serial homicide. Amsterdam : Elsevier. 240 p.

RAINEY, D. & RAINEY, B. 2004. Rekindling the romance. Loving the love of your life. Tennessee : Thomas Nelson, Inc. 300 p.

RGN. 2008. (RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING). [Web:] <http://www.hsra.ac.za/> [Datum van gebruik : 14 Mei 2008]

SMITH, D. & SMITH, D. 2005. Romancing your wife. A little effort can spice up your marriage. Oregon : Harvest House Publishers. 235 p.

SMITH, R. 1994. Spiritual discipline and the Biblical counsellor. (*In* MacArthur, J.F. & MACK, W.A., *ed.* Introduction to Biblical Counselling. A basic guide to the principles and practice of counselling. Tennessee : Thomas Nelson, Inc., 142-153 p.)

SCHULTZ, C. 1997. Ecclesiastes. (*In* ELWELL, W.A. 1996. *ed.* Vol. 3: *Evangelical commentary on the Bible*. Baker reference library.) (*Electronic ed.*) Grand Rapids : Baker Book House.

STEDMAN, R. 1995. Sex in Marriage. Palo Alto, CA : Discovery Publishing. 7 p.

SUMRALL, L. 1995. God se plan vir die huwelik. Silverton : Promedia Publikasies. 122 p.

THAYER, J.H. 2002. Thayer's Greek-English Lexicon of the new Testament. USA : Hendrickson Publishers, Inc. 726 p.

VAN DER WAAL, C. 2006/7. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 4: Matteus – Openbaring. Pretoria : Die Boekuitgewers. 288 p.

VAN DE VELDE, T.H. 1979. Ideal Marriage. Its physiology and technique. London : Granada Publishing. 318 p.

VAN PELT, N. 2003. Smart listening for couples. Strengthen your marriage with loving communication. Grand Rapids : Flemming H. Revell. 234 p.

VANSTEENWEGEN, A. 1989. Liefde is werkwoord. Riglyne vir gelukkige huwelik. Kaap : CUM. 257 p.

VAN ZYL, A. 1997. Die Bybel verklaar : 1983-vertaling. Verklarings oorspronklik in 1989 uitgegee saam met die Bybelteks onder die titel: Verklarende Bybel. (Ge 1:28)(1Kor 7:5-9). Kaapstad : Lux Verbi.

VAN ZYL, H.C. 1999. Matteus. (*In. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. red. Die Bybellennium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.*) Vereeniging : CUM. 1902 p.

VENTER, C.A. 1993. Graphic family sculpting as a technique in family therapy. The social work: Practitioner-Researcher, 6(2):12-15. Sept. 1993.

VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig*, 27(2):247-260.

VENTER, P.M. 1999. Spreuke. (*In. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. red. Die Bybellennium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.*) Vereeniging : CUM. 1902 p.

VERGEER, W.C. 1999. Romeine. (*In. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. red. Die Bybellennium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.*) Vereeniging : CUM.

VINE, W.E. 1996. An expository dictionary of New Testament words. [From the Vines Expository Dictionary Online] [Web:] <http://vines.mike-obrien.net/>. [Datum van gebruik : 28 Maart 2008]

VIVIERS, H. 1999. Prediker. (*In*. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. *red.* Die Bybellennium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.) Vereeniging : CUM. 1902 p.

VOSLOO, W. & J. VAN RENSBURG, F. 1993. Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling). Vereeniging : CUM. 2119 p.

VOSLOO, W. 1999. Genesis. (*In*. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. *red.* Die Bybellennium eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.) Vereeniging : CUM. 1902 p.

WARE, P. *ed.* 2004. Heartlight Magazine. Heartlight's search Gods Word. Ecc. 9:9 [Web:]

<http://www.searchgodsword.org/lex/heb/view.cgi?number=07200&l=en>

[Datum van gebruik : 28 April 2008]

WATKINS, T. 2002. Handling Genesis. [Web:]

http://www.tonywatkins.co.uk/science/articles/handling_genesis.htm. [Datum van gebruik : 21 April 2008]

WHEAT, E. 1988. Love life for every married couple. Grand Rapids : Zondervan. 248 p.

WHEAT, E. 2000. Intended for pleasure. Sex technique and sexual fulfilment in Christian marriage. South Africa : Christian Art Publishers. 256 p.

WHYBRAY, R.N. 2000. Genesis. (*In*. Barton, John & Muddiman, John. 2000. *ed.* The Oxford Bible Commentary.) Oxford : University Press. 1386 p.

WIERSBE, W.W. 2007. The Wiersbe Bible commentary. USA : David C. Cook. 1083 p.

WOLMARANS, H., (JLP). 1999. 1 Korintiërs. (In. Vosloo, W. & J. van Rensburg, F. red. Die Bybellennium eenvolume kommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing.) Vereeniging : CUM. 1902 p.

YOUNGBLOOD, R.F. 1997. *Nelson's new illustrated Bible dictionary : An authoritative one-volume reference work on the Bible with full colour illustrations* (F. Bruce, Ed.) (electronic ed. of the revised ed. of Nelson's illustrated Bible dictionary.). Nashville : Thomas Nelson

ZASPEL, F.G. 1996. Proverbs summary. An outline study. [From the Word Of Life Baptist Church Web Site] [Web:] <http://www.biblicalstudies.com/bstudy/expostudy/prov.htm>. [Datum van gebruik : 12 April 2008]

ZODHIATES, S. 1992. The complete Word study New Testament. Bringing the original text to life. USA : AMG International, Inc. 248 p.

BYLAE A

Ek wil graag my dank betuig teenoor Perspektief Opleidingskollege vir die gebruik van die vraelyste: Seksuele tevredenheid (ISS); Seksuele houding (SAS); Huwelikstevredenheid (IMS).

BYLAE B

BEGELEIDENDE BRIEF IN AFRIKAANS VIR VRAELYS

BAIE DANKIE DAT U GEWILLIG IS OM TE HELP MET HIERDIE SENSITIEWE NAVORSING.

Die feit dat die seksuele aspek 'n geweldige invloed op ons as mens het, en omdat 'n baie groot persentasie getroude paartjies nie wil erken teenoor mekaar, of teenoor 'n derde persoon, dat daar wel seksuele frustrasies teenwoordig is in die huwelik nie, is die rede vir hierdie ondersoek.

Met hierdie empiriese navorsing wil ek poog om uit 'n Christelike oogpunt, getroude paartjies te help wat sukkel met seksuele frustrasie. Hierdie is 'n baie sensitiewe onderwerp, en min mense wil openlik praat oor hulle seksuele probleme, en wanneer daarvoor gepraat word, is dit gewoonlik met vriende wat in dieselfde bootjie ry. Sodoende word min daadwerklike oplossings gevind, en persone gaan voort met hulle seksuele frustrasie.

Onlangse studies toon dat 95% van alle egskeidings, kriminele oortredings en moord is as gevolg van onopgeloste seksuele frustrasie. As ons dus na die tendens van egskeidings net in ons eie land kyk, waar een uit elke twee huwelike (50%) tans in die skeihof eindig, kan die nood vir dringende daadwerklike oplossings ten opsigte van seksuele frustrasie baie duidelik gesien word.

U kan in alle opsigte anoniem bly in die beantwoording van hierdie vraelyste. Indien u wel terugvoering verlang, kan u u naam op elke vorm skryf met 'n telefoonnommer, en dan kan ek met u 'n afspraak reël om vir u volledige terugvoering te kan gee. **Let wel, dit is u keuse en is nie verpligtend nie!**

Vraelyste:

U sal sien daar is drie vraelyste wat Afrikaanse sowel as Engelse vrae het. Hierdie vraelyste is ontwerp om die graad van seksuele bevrediging (ISS), jou gevoel oor seksuele gedrag (SAS), en die mate van huwelikstevredenheid wat u tans in die huwelik ervaar (IMS), te meet. Die vraelyste is nie 'n toets nie, dus is daar geen reg of verkeerde antwoorde nie. Alle vrae moet so eerlik, akkuraat en noukeurig as moontlik beantwoord word deur gebruik te maak van die toepaslike skale.

Ter verduideliking van die skale: Daar is 7 moontlike antwoorde op elke vraag.

1 = Nooit, 2 = Selde, 3 = Soms, 4 = Helfte van die tyd, 5 = Dikwels, 6 = Meestal, 7 = Altyd

Bv. Vraag1. Ek voel my maat geniet ons sekslewe. 1.____7____

U kan nou bv. die antwoord wat op u van toepassing is direk langs die vraag neerskryf. In hierdie geval was die antwoord 7. Moenie te lank peins oor die antwoord nie, die eerste antwoord wat gewoonlik in u gedagtes opkom, is gewoonlik die regte een. Skryf SLEGS een antwoord per vraag neer, en moenie vrae onbeantwoord los nie.

Wat wel van u verlang word is om op elke vorm u geslag (man of vrou), hoe lank u reeds getroud is, en u eie ouderdom vir my neer te skryf. Ek sê weereens, dit is nie nodig om u naam neer te skryf nie.

Om akkuraatheid te bewerkstellig, word u versoek om NIE die vorm saam met u maat te doen nie, en ook nie met hom of haar te bespreek nie.

Indien u enige vrae het, kan u my gerus kontak by:

082 9044 948,

of per E-Pos; antonfer@telkomsa.net ,

of skryf aan my,

Posbus 32404
Totiusdal
0135

Ek bedank u weereens vir u bereidwilligheid om te help met die voltooiing van hierdie vraelyste.

Anton Ferreira

BYLAE C

BEGELEIDENDE BRIEF IN ENGELS VIR VRAELYS

THANK YOU THAT YOU'RE WILLING TO HELP WITH THIS DELICATE RESEARCH.

The reason for this research is the fact that the sexual aspect has great influence on humankind, and a large percentage of married couples refuse to admit to each other or a third party, that there are sexual frustrations present in marriage.

With this empirical research my aim is to, from a Christian perspective, help married couples who struggle with sexual frustration. This is a very sensitive subject and few people will openly discuss their sexual problems. If they do, it is usually between friends who are in the same situation. Therefore few real solutions are found and so, people continue forth in their sexual frustration.

Recent studies revealed that 95% of all divorce, criminal acts and murder are as a result of unsolved sexual frustration. If we look at the current rate of divorce in our country, where one out of every two marriages (50%) end in divorce, we can clearly see the seriousness of the situation and the urgent need for real solutions regarding sexual frustration.

In answering this questionnaire you have the option of staying anonymous. If you desire feedback, write your name and number on the form, and I will arrange an appointment to give you a complete analysis of your results. Take note, this is not compulsory. It is entirely your choice!

Questionnaire:

The questionnaire consists of three pages. These questionnaires are designed to measure: the degree of sexual satisfaction (ISS), how you feel about sexual behaviour (SAS), and the degree of marital satisfaction you are currently experiencing (IMS). This is not a test, therefore there are no right or wrong answers. Answer each item as carefully and accurately as possible by using the applicable scales.

Key to scales: There are 7 possible answers to every question.

1 = Never, 2 = Rarely, 3 = Sometimes, 4 = Half of the time, 5 = often, 6 = Mostly, 7 = Always

Eg. Question 1. I feel that my partner enjoys our sex life. 1. __7__